

# HANDELINGE

## C. NOTULE

# EERSTE SITTINGS DAG: 4 JUNIE 2007

## EERSTE MIDDAGSESSIE

### 1. TOEWYDINGSDIENS

Dr CJP (Nelus) Niemandt, voorsitter van die Sinodale Dienskommissie van die Sinode Hoëveld, heet die afgevaardigdes hartlik welkom by die dertiende Algemene Sinode van die NG Kerk. Hy beklemtoon die belangrike rol wat Johannesburg, "die stad van goud", op die kontinent van Afrika speel.

Ds Adriaan vd Colff, leraar van die plaaslike gemeente, die NG Gemeente Boksburg-Wes, staan dr Niemandt by met die liturgie en Nagmaalsbediening. Na die sing van verskeie liedere lees dr Niemandt uit Markus 12:14-28. Hy lig oa die volgende punte uit:

(1) Die kerk verskil baie keer oor verskillende sake. Sommige sake is dikwels diepsnydend en verdeel mense. Hierdie verskille lei maklik tot kerkskeuring.

(2) As sinodegangers moet ons soek na dit wat ons saambind eerder as na dit wat ons verdeel.

(3) Een van die beginsels van die Seisoen van Luister is vertrou. Die sinodegangers moet mekaar vertrou, ook by hierdie sinode.

(4) Kerke – en sinodegangers – moet gaan soek na dit wat ons soos swaartekrag bymekaar bring.

(5) Jesus gee in Markus 'n credo oor hoe ons hierdie dag moet begin. Die credo sluit aan by die gebed wat elke Jood in die oggend gebid het. Dit is die vertrekpunt waarmee ons moet begin. Jesus voeg egter die gedeelte oor die liefde vir die naaste by as die gebed waarmee moet begin. Hierdie nuwe beklemtoning open deur die eeue vir die kerk nuwe perspektiewe oor wat dit beteken om kerk van Christus in hierdie wêreld te wees.

Die sinode vier die Nagmaal onder die leiding van die plaaslike leraar, ds van der Colff.

### 2. KONSTITUERING.

Die opening word waargeneem deur ds AJ (Bobbie) Scherrer (Oranje Vrystaat) as die afgevaardigde leraar met die langste jare diens en wat die oudste is. Die volgende sake word deur hom hanteer:

#### GEBED

Ds Scherrer gaan voor in gebed.

#### VERWELKOMING VAN BESOEKERS

Dr Kobus Gerber, Algemene Sekretaris van die NG Kerk, heet die volgende besoekers by die sinode welkom:

(1) Prof Thias Kgatla, Moderator van die VGKSA

(2) Ds Collin Goeiman, Algemene Sekretaris van die VGKSA

(3) Rev Geoff van Schie van die Christian Reformed Churches of Australia

(4) Rev Charles Janz van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka. Ds Japie du Plessis van die Sinode Wes-Transvaal word bedank dat hy dit vir hom moontlik gemaak het om die Sinode by te woon.

(5) Prof Ferenc Szücs van the Reformed Church in Hungary.

(6) Die Reformed Church in Japan het verskoning gemaak en 'n groeteboodskap gestuur.

#### AFGEVAARDIGDES TEENWOORDIG

Die Algemene Sinode konstitueer aan die hand van die lys van afgevaardigdes soos voorgelê deur die Algemene Sekretaris op grond van die finale geloofsbriewe en registrasiedokumente. Daar is 'n moontlike 386 afgevaardigdes (186 kerkraadslede en 200 leraars). Daar is met die konstituering 6 persone afwesig met verskoning: 2 leraars en 4 kerkraadslede. 193 afgevaardigdes vorm 'n kworum en 256 afgevaardigdes vorm 'n twee-derde meerderheid.

(Lees die naamlys van bo na onder en die kolomme van links na regs. 'n Asterisk \* dui vroulike afgevaardigdes aan.)

#### Hoëveld

#### Kerkraadslede:

\* Arnott, E

Beukes, NJ

Bornman, BH

Botha, JL

Brink, CJD

Crots, P

De Beer, RJ (dr)

De Villiers, I

Dippenaar, DJ

Frost, E

Klut, P

Marais, P

\* Nel, Z

Olivier, BJ

Pieterse, F

Scheepers, JA

Venter, DAR

Wolmarans, DJ

**Leraars:**

Bartlett, AL (dr)  
Botha, JS  
Du Plessis, PJSG (dr)  
Du Randt, C de K (dr)  
Enderstein, DP van der B  
Jacobs, HJ  
\* Klut, HS  
Kok, GJ (Dr)  
Loubser, GMH (dr)  
Malan, DJ (dr)  
Naude, C (dr)  
Niemandt, CJP (dr)  
Oberholzer, CJ  
Oosthuizen, C  
Oosthuizen, M  
Pienaar, SH  
Strauss, WP  
Van Zyl, AP  
Vlok, AC  
Weyers, S  
Windell, JH

### **KwaZulu-Natal**

#### **Kerkradslede:**

Bleeker, CJC  
Botha, DWS  
Cloete, A  
De Jager, LC  
De Lange, GM  
Duminy, JC  
Human, AJ  
\* Mann, SE  
Moolman, JZ  
Swart, MJ  
Swart, JP  
Van Dam, CHJ  
\* Van der Walt, LJ  
\* Van Schalkwyk, MMS

#### **Leraars:**

Human, ML  
Janse van Rensburg, FJ  
Klopper, FJ  
Meyer, PJ  
Meyer, LW  
Raath, PJ  
Schoeman, LG (dr)  
Schüler, JG  
Swanepoel, PA  
Theunissen, H (dr)  
Van der Merwe, FJ  
Van der Walt, L  
Van Jaarsveld, GJ  
Vosloo, J

### **Namibië**

#### **Kerkradslede:**

De Klerk, JN  
Engelbrecht, CJ  
\* Grobler, ME (dr)  
Hay, CJ  
Kotze, D  
Maritz, JG

Mouton, CL  
Nieuwoudt, JH  
Ras, JA  
Van Zyl, SA  
\* Venter, SE  
Von Wielligh, J  
**Leraars:**  
Koekemoer, HM  
Louw, DA  
Marais, C  
Ngambue, J  
Oosthuizen, WJ  
Pienaar, SW  
Pienaar, JJ  
Rossouw, JP  
Serfontein, JF  
Strauss, JJ de W  
Venter, T  
Woest, J (dr)  
Hansen, SS

### **Noordelike**

#### **Kerkradslede:**

Ackermann, NC  
Botha, WJ (dr)  
Cloete, GJ (dr)  
de Klerk, DS  
De Wet, F  
Du Preez, AJ  
Engelbrecht, RJ  
Gentle, C  
Hanisch, EOM  
Heymans, PJ  
\* Hugo, R  
\* Joubert, JE  
Kotzé, JP  
Nel, JD  
Nel, M (prof)  
Oberholzer, GJ  
Prozesky, PCN  
Roux, W  
Saaiman, FT  
Scholtz, JA  
Smith, JP  
\* Wolvaardt, SS  
**Leraars:**  
Botha, JA (dr)  
Carelsen, HL (dr)  
Claassen, GF (dr)  
Cronjé, SI (dr)  
Grobler, MJP  
Hugo, GJ  
Janse van Rensburg, DH  
Janse van Vuuren, PF  
Jordaan, DG  
Jordt, WHO  
Kirkpatrick, JD (dr)  
Kok, GJ  
Lazenby, MJ (dr)  
Nel, MJ (dr)  
Pienaar, JF (dr)  
Pretorius, WA (dr)  
\* Schoeman, L

Swart, CC  
Ungerer, L (dr)  
van der Merwe, MN (dr)  
van Loggerenberg, JH  
Voges, JH (dr)

### **Noord-Kaap**

#### **Kerkradslede:**

Albertyn, DS (prof)  
Augustyn, FJ  
Blömerus, Z  
Brown, JC  
Cronjé, MC  
Dames, JM  
Funk, JS  
Hayes, CJ  
Janse van Vuuren, DR  
Koekemoer, ZJ  
Liebenberg, DJ  
Moolman, JN  
Pyper, PA  
Van Niekerk, A  
Visser, AA

#### **Leraars:**

Anthonissen, EZ  
Avenant, FP  
Barnard, JH de B  
Blaauw, PJL  
De Jager, HW  
De Villiers, JIF  
Du Toit, JA  
Hugo, FD  
Knoetze, JJ (dr)  
Marais, BP  
Mostert, JPL  
Rossouw, SG  
Scheepers, DJ  
Smit, DG  
Vos, JB (dr)

### **Oos-Kaap**

#### **Kerkradslede:**

\* Beukes, J  
Diedericks, L  
Du Toit, DA (prof)  
\* Francis, S  
Jonker, WD  
Jordaan, JSJ  
Landman, CR  
Louw, GEG  
Louw, PL  
Nel, JM  
\* Nel, CJ  
\* Oliphant, M  
Olivier, A  
\* Van Deventer, DJR  
Van Zyl, HHJ  
\* Veldsman, C  
\* Vermaak, JWE  
Viljoen, JWJ (dr)  
**Leraars:**  
Coetzee, C  
Davel, DH

Du Raan, CJ  
Du Toit, S (Dr)  
Enslin, JH  
Esterhuysen, JWE  
Grobelaar, PS  
Mouton, DW  
Richter, JGM (dr)  
Schutte, EGJ de G  
Steyn, BIC  
Stümke, CJ  
Swart, JSJ  
Van der Merwe, J  
Van Heerden, CH  
Van Rooyen, JT  
Van Wyk, ACV (dr)  
Wait, TL

## Oos-Transvaal

### Kerkradslede:

\* Bezuidenhout, J  
De Villiers, JF  
Droste, G  
Du Toit, LM  
\* Jackson, L  
\* Koen, E  
König, A (prof)  
Loots, SJP (snr)  
Loots, SJP (jnr)  
Marais, GJ  
\* Marais, SC  
Meiring, PGJ (prof)  
Nel, SJ  
Poley, PC  
Posthumus, HH  
Pretorius, JL  
Prinsloo, ND  
Rossouw, HC  
Steyn, SSB  
Van Rooyen, PH

### Leraars:

Bisschoff, JH (dr)  
Bosman, LL (dr)  
Botha, DS  
Botha, D  
\* Büchner, EP  
Clasen, FJ (dr)  
De Bruyn, MC  
Dreyer, DJ (dr)  
Ernst, JH (dr)  
Fick, AR (dr)  
Louw, LK (dr)  
Marais, JC (dr)  
\* Meyer, E  
Prinsloo, MF  
Retief, FJ  
Schoeman, F  
Schoeman, CS  
Van Blerk, H (dr)  
Van Schalkwyk, J (dr)  
Wandrag, JH

## Oranje-Vrystaat

### Kerkradslede:

Aucamp, JM  
Botha, JJ  
Brazelle, JJ  
De Bruyn, N  
\* Freeman, HM (prof)  
Haefele, CF  
Kotzé, F de K  
Le Roux, GPV  
Mans, JB  
Maree, AJ  
Matthews, JP  
Nel, SJ  
Potgieter, PJ  
Pretorius, AJ  
Rademeyer, LJ  
Schmidt, J  
Strümpfer, JP la G  
Terblanche, GPD  
Van den Berg, JH  
\* Van Schalkwyk, CHJ (dr)  
Van Zyl, WH  
Venter, IWM

### Leraars:

Erasmus, AS (dr)  
Foot, LM  
Janse van Rensburg, J (prof)  
Janse van Rensburg, HM  
Joubert, BF (dr)  
Kleynhans, HJ  
Louw, JJ  
Möller, JP  
Oosthuizen, A (dr)  
Reynders, JL  
Robb, JP (dr)  
Rothmann, AW  
Scherrer, AJ  
Strauss, PJ (prof)  
Taute, JH  
Terblanche, MD (dr)  
Theron, JD (dr)  
Van der Berg, CF  
Van Jaarsveld, PJ (dr)  
Van Staden, A  
Van Zyl, WH  
Verster, PJ (prof)  
Barlow, A

## Wes-en Suid-Kaap

### Kerkradslede:

Barnard, MC  
\* Cillié, J  
\* Dekker, E  
Geldenhuis, ML  
Gerber, CJ  
Hattingh, JH  
Heyman, HJ  
Jooste, JWS  
Klynsmith, JTO  
Kotze, GJvW  
Lemmer, PJ  
\* Louw, A  
Mouton, WL (prof)

Pieterse, HA  
Roberts, CS  
\* Rossouw, NL  
\* Schoeman, RM  
\* Scholtz, CE  
\* Smit, HW  
Swart, VJ  
\* Theron, HJ  
van der Linde, IS  
\* van der Merwe, M  
van der Spuy, A  
\* Weideman, JM  
**Leraars:**  
Basson, GE  
Basson, FDJ  
\* Britz, M  
Burger, JW (dr)  
Burger, CW (dr)  
Conradie, JP  
Delport, K  
Du Toit, BJ (dr)  
Hanekom, AR (dr)  
Heine, Q (Dr)  
Janse van Rensburg, MS  
Koorhof, JJE (dr)  
Le Roux, JG (dr)  
Le Roux, M du P  
Loubser, MH  
Marais, JF (dr)  
Marais, JG  
Minnaar, AH  
O'Kennedy, JNF  
Olivier, AR (dr)  
Orsmond, EC (dr)  
Sahd, MP  
Stodart, CF le R (dr)  
Strauss, MU (dr)  
Theron, JP  
Theron, MC  
Theron, JU  
Thorne, RC  
Van den Heever, HAH  
Visagie, CT  
Volschenk, GF  
Wessels, F (dr)

## Wes-Transvaal

### Kerkradslede:

Blaauw, HAD  
Cilliers, AJ  
\* de Jager, MA  
Du Plessis, J v W  
Jackson, C  
\* Jansen van Rensburg, ME  
Kemp, SG  
Kotzé, DM  
Kriel, JHG  
Le Roux, AS  
Lindeque, RC  
Meyer, P  
\*Naude, ABW  
\* Scott, E  
Smook, C

Strauss, JM  
Van Brakel, JP  
Van den Berg, BJ  
\* van der Westhuizen, M  
Wessels, JJ  
**Leraars:**  
Brink, JPA  
Burger, AP  
Celliers, A  
Cilliers, AP (dr)

Cooke, FT  
Cordier, GS  
De Beer, MJ  
De Man, JA (dr)  
Du Plessis, MJG (dr)  
Fourie, H  
Gous, JHG (dr)  
Kritzinger, JA (dr)  
Kruger, DW  
Louw, JJ

Maritz, CC  
Mocke, AJ  
Schulz, JJC (dr)  
Scott, JD  
Smit, CD  
Smith, FJ  
van der Westhuizen, NJG (dr)  
Van Rensburg, NWJ

### **PERSONEELWYSIGINGS**

Die volgende afgevaardigdes was tydens die konstituering afwesig met verskoning:

Wes-Transvaal: Cilliers, AP (dr)  
Oos-Kaap: Richter, JGM (dr)  
KwaZulu-Natal: De Lange, GM  
Wes- en Suid-Kaap: Barnard, MC  
Noord-Kaap: Moolman, JN  
Noordelike Sinode: Nel, JD

### **KONSTITUERING**

Ds Bobbie Scherrer verklaar die vergadering as wettig gekonstitueerd. Hy versoek dr Coenie Burger, die voorsitter van die vorige Algemene Sinode, om voort te gaan met die leiding van die vergadering.

### **3. ELEKTRONIESE STEMPROSEDURE**

Dr Herman Carelsen, een van die leiers van die Ontwerpspan, verduidelik waarom besluit is om hierdie prosedure by die vergadering aan te beveel: eenvoudige en vinnige stemming, kontroleerbaarheid en vertroulikheid

#### **BESLUIT: ELEKTRONIESE STEMPROSEDURE:**

**Die Algemene Sinode keur goed dat daar van die elektroniese stemprosedure gebruik gemaak word.**

Mnr Scott Judnick van die maatskappy wat die diens verskaf, verduidelik die werking van die stelsel.

### **4. BESKRYWINGSPUNTE WAT OP HIERDIE PUNT VAN DIE AGENDA MOET DIEN**

**BESKRYWINGSPUNT B.6.2 ARTIKEL 40 (Wes-Transvaal)** (vgl Agenda Deel I bl 496 Beskrywingspunte B.6.2) – nie goedgekeur nie.

Verander artikel 40 om soos volg te lees: “Na konstituering word die moderatuur verkies en voor die verdagting van die Algemene Sinode word ’n moderamen van die Algemene Sinode saamgestel.”

*Alhoewel ’n meerderheid van die vergadering vir die voorstel stem, is daar nie ’n twee-derde meerderheid (wat verlang word vir die wysiging van die Kerkorde) nie. Dus word die beskrywingspunt verwerp.*

**BESKRYWINGSPUNT B.6.1 VERKIESING VAN MODERATUUR (Noord-Kaap)** (vgl Agenda Deel I B.6 Beskrywingspunte, bl 496)

Die beskrywingspunte staan oor tot by een van die verslae van die Tydelike Taakspan Regte.

**VERVERSINGS:** Die sinode verdaag om 16:00 vir verversings.

## **TWEEDE MIDDAGSESSIE**

### **5. VERSLAG VAN DIE AGENDAKOMMISSIE**

**REËLINGS SINODE 2007** (vgl Agenda Deel II: Inligting en Werkskema bl 1-5 pt 17)

**Die Algemene Sinode keur die reëlings van die Agendakommissie / Ontwerpspan goed.**

**AANBEVELINGS / VOORSTELLE VOOR DIE ALGEMENE SINODE** (vgl Agenda Deel I bl 484, A.6.4.4 Verslag van die Algemene Taakspan Fondse, pt 10.4 asook Agenda Deel II bl 7))

**Die Algemene Sinode besluit dat geen voorstel ontvanklik sal wees, tensy dit kan aantoon dat dit aan die volgende vereistes voldoen nie:**

**Een: Voldoen dit aan Artikel 43?**

**Twee: Pas dit by die Roepingsverklaring en prioriteite van die Algemene Sinode in?**

**Drie: Wat is die finansiële implikasie van die voorstel?**

Dr Kobus Gerber verduidelik enkele reëlins aan die vergadering.

## **6. VERSLAG VAN DIE ONTWERPSPAN**

**VERSLAG VAN DIE ONTWERPSPAN** (vgl Agenda Deel II: Inligting en Werkskema bl 6)

**Die Algemene Sinode aanvaar die verslag in sy geheel.**

## **7. KEN-MEKAAR EN 'N LUISTEROEFENING:**

'n Kenmekaar en 'n luisteroefening aan die hand van die "Seisoen van Luister" se vertrekpunte word deur dr Frederick Marais hanteer.

## **8. HANTERING VAN APPÈL: LLB GAUM**

Dr Kobus Gerber verduidelik die prosedure wat ter vergadering gevolg gaan word. Hy maak dit ook duidelik dat die appèlstukke teen handtekening beskikbaar gestel is en ook so weer teruggeneem sal word.

**HANTERING VAN APPÈL: LLB GAUM** (vgl Aanvullende Verslae bl 65 pt 6)

**Die Algemene Sinode:**

**1 neem kennis dat die appèlrekord en die ATR se reaksie daarop op gekontroleerde basis aan afgevaardigdes beskikbaar gestel is, met aanduiding van die streng vertroulike aard daarvan (embargo);**

**2 besluit dat na afhandeling van die appèl die stukke weer ingehandig moet word by die Algemene Sekretaris;**

**3 wys 'n tydelike appèlkommissie aan wat die Algemene Sinode sal adviseer oor die hantering van die appèl.**

**TYDELIKE APPÈLKOMMISSIE:**

**Die Algemene Sinode keur die Tydelike Appèlkommissie soos voorgestel deur die Agendakommissie en aangevul deur die vergadering, goed.**

**JH Ernst (sameroeper)**

**JJ Wessels**

**E Krüger**

**MF Prinsloo**

**GF Claassen**

**EP Büchner** (deur die vergadering bygevoeg)

**PJSG du Plessis**

**EGJ de G Schutte**

**Gekoöpteer: C du Plessis**

**H Fourie**

**HAH van der Heever**

**(Regskundige)**

**H Theunissen**

**DW Krüger**

Op 'n vraag verduidelik dr Gerber dat by die samestelling van die kommissie geeneen van die lede persone moes wees wat betrokke was by die saak nie, en dat kundigheid 'n belangrike rol gespeel het in die samestelling van die kommissie.

### **AANKONDIGINGS:**

Dr Kobus Gerber doen die volgende aankondigings:

1 Tref die sinode se etereëlins.

2 Verteenwoordigers van Diensgroepe/Taakspanne betrokke by die sake wat na aandete dien, ontmoet op 'n tyd en plek soos aangekondig.

3 Sinodegangers wat nog nie geregistreer het nie, moet dit in die portaal van die "Le Grande-lokaal" doen.

4 Sinodegangers wat nog probleme met elektroniese stemtellers het, moet dit by die notuletafel aanmeld.

**AANDETE:** oudl Piet Klut (Hoëveld) doen 'n tafelgebed voor aandete. Die vegadering verdaag om 17:50 vir aandete.

## **AANDSESSIE**

## **9. ROEPING EN IDENTITEIT**

Ds Lizl-Louise Schoeman (Noordelike Sinode) lees die Roepingsverklaring 2002 aan die sinode voor. Dr Coenie Burger lei daarna die gesprek in rondom die Roepingsverklaring en ons Gereformeerde Identiteit.

Prof Piet Strauss, assessor, neem die voorsitterstoel in en hanteer die bespreking.

## **TAFELGESPREKKE: ROEPINGSVERKLARING**

Die vergadering voer tafelgesprekke onder leiding van dr Herman Carelsen en die Ontwerpspan oor die volgende vrae : "Wat sou jy graag vir die luisterspan wou sê oor die impak wat die Roepingsverklaring die afgelope 5 jaar gehad het? Watter sake sou jy tot die Roepingsverklaring wou toevoeg?" Die doel van die gesprek is om die Luisterspan in staat te stel om op die laaste dag van die sinodesitting die vergadering met 'n voorstel oor die Roepingsverklaring te bedien.

**VISIONERING EN ROEPINGSONTWIKKELING** (vgl Agenda Deel I bl 3, A.1.1 Verslag van die Moderamen, pt 2.3 asook Agenda Deel II bl 8 pt 1)

**Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om deurlopende visionering en roepingsontwikkeling vanuit die besluite van die Algemene Sinode, soos in die opdrag van die Moderamen vervat, 'n prioriteit in sy werksaamhede te laat wees.**

**IMPLEMENTERING VAN DIE ROEPINGSVERKLARING (2002)** (vgl Agenda Deel I bl 375, A.4.2 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis, pt 1.8 asook Agenda Deel II bl 8 pt 2)

**Die Algemene Sinode:**

**1. Wys 'n ad hoc-taakspan aan bestaande uit verteenwoordigers van al die diensgroepe om 'n omvattende, geïntegreerde beleidsdokument waarin 'n strategie vir die implementering van die kerk se roeping in die Suider-Afrika konteks soos dit verwoord is in die Verklaring (2002), voor te berei. Die vorige opdragte rakende strategieë vir armoedebestryding, die bekamping van misdaad en geweld, die MIV en Vigsstrategie (die Goeie Herder-strategie) moet ook in die beleidsdokument opgeneem word.**

**2. Versoek die Moderatuur om met die ander drie kerke te onderhandel sodat dit 'n gesamentlike projek sal wees waarin die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis die leiding neem.**

**3. Gee opdrag dat die taakgroep so gou moontlik 'n vorderingsverslag aan die ASM voorlê.**

**4. Nie goedgekeur nie.**

*Nota: In die lig van die Roepingsverklaring 2007 wat op die laaste sittingsdag goedgekeur is, moet die verwysing na 2002 in hierdie besluit verander na 2007.*

**NG KERK SE GEREFORMEERDE KARAKTER** (vgl Agenda Deel I, bl 10, A.1.1 Verslag van die Moderamen, pt 10.3 asook Agenda Deel II bl 8 pt 3)

**1. Die Algemene Sinode wys leraars en kerkvergaderings daarop dat daar 'n kerklike weg is om besware en klagtes oor leersake te hanteer.**

**2. Die Algemene Sinode moedig die hele kerkverband aan om moeite te doen om geleenthede te skep vir en betrokke te raak by gesprekke oor sake wat die Skrif en ons belydenis raak.**

**GEREFORMEERDE IDENTITEIT** (vgl Agenda Deel I, bl 10 en bl 17 (pt 4), A.1.1 Verslag van die Moderamen pt 11.1 (Moderamen Bylaag 1 bl 11) asook Agenda Deel II bl 8 pt 4)

**1 Die Algemene Sinode aanvaar die uitgangspunte in die verslag "Gereformeerde Identiteit" as riglyn vir ons beskouing oor ons Gereformeerde identiteit.**

**2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om hierdie dokument deur te stuur na kerkrade vir oriëntasie van die plaaslike bediening.**

**BESKRYWINGSPUNT B.1.1 BELYDENIS OOR DIE OPSTANDING (Oos-Transvaal)** (vgl Agenda Deel 1 B.1 Beskrywingspunte bladsy 495) – staan oor

Dr C Burger neem weer die voorsitterstoel in.

## **10. HANTERING VAN APPÈL: LLB GAUM (vervolg)**

Ds Hannes Windell lig die sinode in oor hoe om die dokumente tov die appèlsaak van LLB Gaum op die beste wyse voor te berei. Hy lig veral die volgende rigtinggewende dokumente uit:

Dokument 1 – die gronde van die appèl (sonder die aanhangsels);

Dokument 12 – die reaksie van die Sinodale Appèlriggaam (SAL) op LLB Gaum se appèl teen hulle uitspraak;

Dokument 14 – die reaksie van die Algemene Taakspan Regte; en

Dokument 16 – die repliek van LLB Gaum op die SAL en ATR se reaksie op die appèlgronde.

## **11. WERKSKEMA VIR DINSDAG 5 JUNIE 2007**

Dr Frederick Marais verduidelik hoe die program vir Dinsdag 5 Junie 2007 daar gaan uitsien.

### **AANKONDIGINGS**

Dr Kobus Gerber hanteer enkele aankondigings. Hy wens die volgende persone geluk met hul verjaarsdae:

Pieter Fourie van Bybelmedia en Lourens Bosman van Oos-Transvaal

**PERSONEELWYSIGINGS**

KwaZulu-Natal: GM de Lange – verskoning vir 4 Junie 2007  
Noordelike Sinode: JD Nel – verskoning vir die hele sitting

**AANDWYDING**

Ds Etienne Schoeman (Hoëveld) neem die aandwyding waar.



# TWEEDE SITTINGSDAG: 5 JUNIE 2007

## EERSTE OGGENDSESSIE

### 1. OGGENDWYDING

Ds Zander vd Westhuizen (Noordelike Sinode) neem die oggendwyding waar.

#### PERSONEELWYSIGINGS

Oos-Transvaal: ds LPJ Cloete (sek) verskyn die hele dag in die plek van ds MC de Bruyn

Oos-Kaap: dr JGM Richter verskyn ter vergadering.

Hoëveld: ds SH Pienaar het verskoning vir die oggendsessies.

### 2. ROEPING EN IDENTITEIT (vervolg): EKKLESIOLOGIE, MISSIONÊRE GEMEENTES EN KERKLOS LIDMATE

Dr Braam Hanekom en prof Piet Meiring lei die gesprek in wat handel oor ekklesiologie, missionêre gemeentes en kerklos lidmate. Tafelgesprekke wat al drie die sake in verband bring, word gevoer.

**EKKLESIOLOGIE** (vergelyk Agenda Deel I bl 40, A.1.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling, pt 1.3 (ADGO Bylaag 1 bl 44) asook Agenda Deel II bl 9 pt 1).

**Die Algemene Sinode keur die aanbevelings soos gewysig deur ADGO goed:**

**1 Die Algemene Sinode keur die dokument “n Afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie” as 'n gespreksdokument goed.**

**2 Die Algemene Sinode versoek die sinodes om die dokument op gepaste wyse te hanteer.**

**3 Die Algemene Sinode versoek ATR om in samewerking met ADGO te kyk na moontlike Kerkorde-implikasies en die Sinode met toepaslike aanbevelings te dien.**

**4 Die Algemene Sinode versoek ADGO om in samewerking met BM gepaste moontlikhede te ondersoek om die saak onder bespreking dmv publikasies bekend te stel.**

**BEDIENING AAN KERKLOS LIDMATE EN EVANGELISASIE** (vgl Agenda Deel I bl 42, A.1.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 4.2 (ADGO Bylaag 4 bladsy 68) asook Agenda Deel II bl 9 pt 2)

**1. Die Algemene Sinode keur hierdie studiestuk as gespreksdokument goed en gee opdrag aan ADGO en ADD om seker te maak dat navorsing en gesprek in dié verband voortgaan.**

**2. Die Algemene Sinode keur goed dat die Seisoen van Luister in 2010 verder gevoer word deur 'n "Seisoen van Evangelisasie" uit te roep. Nie alleen moet daar dan met soveel as moontlik vennote saamgewerk word om 2010 'n besondere jaar in ons land se geskiedenis en die Koninkryk van God te maak nie, maar behoort daar ook byvoorbeeld materiaal ontwikkel te word wat na 2010 goed gebruik kan word.**

**3. Die Algemene Sinode keur goed dat die spesifieke naamgewing vir die seisoen later gedoen word.**

**4. Die Algemene Sinode wys vir die doel 'n uitgebreide taakgroep aan wat soos volg saamgestel word:**

Verteenwoordiging van die ADGO;

Verteenwoordiging van die ADD;

Verteenwoordiging van die VGKSA, RCA en NGKA;

Verteenwoordiging van FIM;

Verteenwoordiging van relevante mobiliseringsorganisasies soos SAVGG en Kingfisher;

Verteenwoordiging van die Teologiese Fakulteite en VTO's;

Ander ekumeniese verteenwoordiging.

**5. Die taakgroep Nuwe Gemeente-ontwikkeling, Evangelisasie en Kerkplanting (NEK) word as sameroeper aangewys.**

**6. Die Algemene Sinode dra dit aan die dagbestuur van ADGO en ADD op om begrotings- en ander logistieke detail uit te klaar.**

**7. Die Algemene Sinode versoek die Moderamen om aan hierdie verslag aandag te gee.**

**NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING** (vgl Agenda Deel I bl 43, A.1.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 5.1 (ADGO Bylaag 5 bl 75) asook Agenda Deel II bl 9 pt 3)

**1. Die Algemene Sinode neem kennis van die bylae.**

**2. Die Algemene Sinode versoek sinodes dat kerkrade ernstig oor die implikasies van Nuwe Gemeente-ontwikkeling (NGO) binne hul eie konteks besin en nuwe gemeentestigting as doelgerigte metode vir kerkgroei te oorweeg.**

- 3. Die Algemene Sinode versoek sinodes om verantwoordelikheid te aanvaar dat relevante uitdagings in hul sinodale gebied sinvol aangespreek word.**
- 4. Die Algemene Sinode versoek AKTO om toe te sien dat die saak die nodige aandag in die kurrikula van die verskillende teologiese fakulteite kry.**
5. Kennis geneem – Reglement vir die Vermeerdering, Kombinerings, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes is reeds deur die Moderamen afgehandel.
- 6. Die Algemene Sinode versoek die ATR, om in oorleg met ADGO, aandag te gee aan die moontlikheid dat gemeentestigting uit meer as een kerkverband kan geskied.**

**VERDERE OMSKRYWING MISSIONÊRE-DIAKONALE GEMEENTES** (vergelyk Agenda Deel I bl 85, A.1.3 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis pt 2.1.2)  
**Die Algemene Sinode wys 'n ad hoc-taakspan aan bestaande uit verteenwoordigers van al die diensgroepe om 'n geïntegreerde, praktiese gemeentelike ekklesiologie daar te stel.**

### **3. REËLING TEN OPSIGTE VAN KO ART 41**

Dr Nelus Niemandt stel die probleem aan die vergadering dat die Artikel nie rym met die reëling dat die vorige moderatuur die verkiesing op 'n latere stadium hanteer nie.

#### **SUSPENSIE VAN KO ART 41**

- 1. Die Algemene Sinode keur met 'n twee-derde meerderheid goed dat Kerkorde Artikel 41 gesuspendeer word tot aan die einde van hierdie vergadering (kyk KO Art 45.2).**
- 2. Die Algemene Sinode versoek die Tydelike Taakspan Regte om 'n aanbeveling oor die wysiging van Kerkorde Artikel 41 voor te berei vir behandeling voor die einde van hierdie vergadering.**

#### **GROETEBOODSKAP**

Dr Christo van der Merwe dra die goeie wense van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die Sinode oor.

#### **AANKONDIGINGS**

Dr Kobus Gerber doen enkele aankondigings. Hy meld ook dat ds Borrie Bornman (Hoëveld) by die eerste Algemene Sinode van 1962 teenwoordig was.

**VERVERSINGS:** Die vergadering verdaag om 10:30 vir verversings.

### **TWEDE OGGENDSESSIE**

**VERWELKOMING:** Dr Kobus Gerber heet Biskop Dieter Lilje van Evangelies-Lutherse Kerk in Suid Afrika (Natal/Transvaal) welkom.

**MEEGEOVOEL:** Die Algemene Sinode betuig sy meegevoel met die afsterwe van Ester Steyn se vader. Dr Kobus Gerber doen 'n gebed vir haar.

### **4. ROEPING EN IDENTITEIT (vervolg): KERKORDE ARTIKEL 43/ DIE AARD EN SELFSTANDIGHEID VAN SINODES.**

Prof Piet Strauss is die inleier van die gesprek rondom Artikel 43 en die aard en die selfstandigheid van sinodes.

**KO ART 43 EN DIE TAAK VAN DIE ALGEMENE SINODE** (vgl Agenda Deel I bl 8, A.1.1 Verslag van die Moderamen, pt 6.5 asook Agenda Deel II bl 10 pt 1)

**1 Die Algemene Sinode besluit om Art 43.2.2 te wysig om te lui: "die koördinering van sake wat voortvloei uit Art 43.1.1"**

**2 Die Algemene Sinode wys Sinodes asook die Diensgroepe/Taakspanne van die Algemene Sinode op die beredenering oor die werk van die Algemene Sinode en Sinodes in die Agendas van 2002 en 2004.**

**HERFORMULERING VAN KO ART 43.1.1** (vgl Agenda Deel I bl 484, A.6.4.4 Verslag van die Algemene Taakspan Fondse, pt 8.7)

Verval in die lig van bogenoemde besluit.

**AARD EN SELFSTANDIGHEID VAN SINODES** (vgl Agenda Deel I bl 9, A.1.1 Verslag van die Moderamen,

pt 8.6, Agenda Deel II bl 10 asook Aanvullende Verslae bl 2 pt 1)

1. Die Algemene Sinode wysig Kerkorde Artikel 43.1.1 om te lui: "Die formulering van die roeping / leidende beginsels / standpunte in sake van gemeenskaplike belang soos gereformeerde teologiese oortuigings, Bybels-etiese uitgangspunte en ekklesiologiese verantwoordelikhede en –praktyke, wat deur alle kerkvergaderings kragtens hulle deelname aan die verband gevolg moet word."

2. Met betrekking tot Kerkorde Artikel 43.1.2 en 43.1.6 besluit die Algemene Sinode dat 'n sinode wat in 'n staat buite die Republiek van Suid-Afrika funksioneer (bv Namibië), die openbare getuienis en die verhouding en ooreenkomste met die staat en ander lewenskringe, namens die kerkverband (Algemene Sinode), in daardie gebied kan behartig.

3. Die Algemene Sinode voeg 'n nuwe besluit 70b.6 EKUMENE IN ANDER STAATKUNDIGE BEDELINGS in:

\*1 Aan samestellende sinodes wat in state buite die Republiek van Suid-Afrika is, (bv Namibië) word die reg verleen om selfstandige ekumeniese verhoudinge aan te gaan en uit te bou binne die raamwerk van die besluite van die Algemene Sinode.

\*2 In die aanwysing van afgevaardigdes na ekumeniese liggame moet die Algemene Sinode rekening hou met die feit dat die algemene sinodale verband in verskillende state funksioneer.

4. Die Algemene Sinode doen die volgende byvoeging by Besluit 70b.6 (wat nou 70b.7 word) : By volle lidmaatskap voeg by: \*10. Council of Churches in Namibië.

5. Die Algemene Sinode dra dit aan die ATF op om in die begroting rekening te hou met die kostes van sinodes in state buite die Republiek van Suid-Afrika om die werk van die algemene sinodale verband in stand te hou.

**BESKRYWINGSPUNT B.1.2: ALGEMENE SINODE (Noord-Kaap)** (vgl Aanvullende Verslae bl 66-67 asook T.7.2 Tweede Verslag van die Tydelike Taakspan Regte pt 2.1 bl 3)

1. Die Algemene Sinode neem op advies van die Tydelike Taakgroep Regte kennis dat hierdie beskrywingspunt nie op die voorgeskrewe tyd in terme van die Kerkorde (2004) Reglement 15.6.2 ingehandig is nie, en dat die Sinode daarom oor die ontvanklikheid van hierdie beskrywingspunt moet besluit volgens die Kerkorde (2004) Reglement 15.6.3.

2. Die Algemene Sinode besluit om die Beskrywingspunt in ontvangs te neem en verwys die Beskrywingspunt na die ATR te verwys vir aanbeveling by die volgende Algemene Sinode. Sinodes kan kommentaar aan die ATR stuur.

3. Die Algemene Sinode neem kennis dat Noord-Kaap die deel van die Beskrywingspunt wat oor KO Art 43 handel, terugtrek in die lig van die besluite wat die Algemene Sinode reeds hieroor geneem het.

## **5. ROEPING EN IDENTITEIT (vervolg): EREDIENS/ HANDBOEK VIR DIE EREDIENS**

Dr Ferdie Clasen (Tygerpoort) stel die nuwe Handleiding vir die Erediens as proefbundel aan die sinode bekend.

**HANDBOEK VIR EREDIENS** (vgl Agenda Deel I bl 42, A.1.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling, pt 3.3.1.1 (ADGO Bylaag 3B bladsy 62), asook Agenda Deel II bl 10)

1. Die Algemene Sinode keur die Handboek vir die Erediens as liturgiese proefbundel goed.

2. Die Algemene Sinode dra dit aan die ADGO op om in die reses 'n deeglike evaluering van die bundel te doen met aanbevelings vir goedkeuring by die volgende sinode.

3. Die Algemene Sinode bevestig dat liturgiese ontwikkeling as 'n voortgaande proses beskou word en genoemde bundel nie as 'n afgeslote bundel gesien moet word nie.

**KERKMUSIEK** (vgl Agenda Deel I bl 41, A.1.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling, pt 3.1 (ADGO Bylaag 3A bl 59) asook Agenda Deel II bl 10)

Dr Braam Hanekom gee kortliks agtergrond oor die verslae ten opsigte van kerkmusiek.

### **MUSIEK**

Die Algemene Sinode ondersteun die werkwyse van FLAM en moedig sinodes aan om gebruik te maak van hierdie teologies- en musikaal-gekeurde eietydse liedere.

### **LIEDERE IN ANDER TALE**

Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die feit dat die tekste van liedere in ander tale, waarvan die melodieë in die Liedboek opgeneem is, op die kerk se webblad beskikbaar is.

### **SAMEWERKING MET VENNOTE**

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ADGO dat daar met geskikte vennote saamgewerk moet

word in die daarstelling van 'n professionele opleidings-DVD vir kontemporêre musici.

#### **BEVORDERING VAN KLASSIEKE MUSIEK**

Die Algemene Sinode gee erkenning aan die behoefte met betrekking tot die bevordering van formele kerkmusiek en gee opdrag aan die ADGO en sy Projekspan vir Musiek om werksaamhede in hierdie verband voort te sit.

#### **BEGELEIDINGS-CD**

Die Algemene Sinode versoek sinodes om gemeentes wat sukkel om geskikte orreliste te vind, aan te moedig om alternatiewelik van die hulp van die Begeleidings-CD-pakket gebruik te maak.

**ARTIKEL 48.2** (vgl Aanvullende Verslae bl 19, A.3.4.1 Algemene Taakspan Regte pt 5.2)

Die Algemene Sinode versoek die ATR om met Kerkorde Art. 48.2 te handel in die lig van die besluit van die Algemene Sinode by die studiestuk van ADGO oor Ekklesiologie.

#### **VERWELKOMING:**

Dr Kobus Gerber heet die volgende persone welkom by die vergadering:

- (1) Ds Gerrit Kritzinger (Uitvoerende Hoof BSA/ Voorsitter Wêreldbond van Bybelgenootskappe)
- (2) Prof Bernard Combrinck (Voorsitter ATBV)
- (3) Mnr Chris Johnson (CUM)
- (4) Proff Jan du Rand en Hermie van Zyl (Lede van die ATBV)

### **6. ROEPING EN IDENTITEIT (vervolg): DIE DOOP.**

Dr Ben du Toit lei die gesprek rondom die doop in.

Die voorsitter reël dat die gesprek na middagete voortgesit word.

#### **AANKONDIGINGS:**

Dr Kobus Gerber doen enkele aankondigings.

**MIDDAGETE:** Die vergadering verdaag vir ete nadat ouderling Esmé Arnott (Hoëveld) die tafelgebed gedoen het.

### **EERSTE MIDDAGSESSIE**

#### **GROETEBOODSKAP:**

Biskop Dieter Lilje dra die Evangelies-Lutherse Kerk se groeteboodskap oor.

#### **PERSONEELWYSIGINGS:**

KwaZulu-Natal: oudl GM De Lange verskyn weer ter vergadering.

### **7. ROEPING EN IDENTITEIT (vervolg): DIE DOOP**

(vgl Agenda Deel I bl 10, 39, A.1.1 Verslag van die Moderamen, punt 11.3 (Moderamen Bylaag 3 bladsy 31) asook Agenda Deel II bl 10)

**AMENDEMENT: DOOPVIERING EN GETUIENISDOOP/ BEKERINGSDOOP** (A König, E Meyer) – verwys na 'n ad hoc-kommissie om amendement saam met die voorstel verder te bespreek en die sinode met 'n aanbeveling te bedien:

Die sinode dra dit op aan Taakspan Leer en Aktuele Sake op om die volgende sinode te dien met 'n verslag en aanbevelings oor die viering van die doop met 'n rituele wassing en oor die sogenaamde bekeringsdoop / getuienisdoop.

Die assessor, prof Piet Strauss, neem die voorsitterstoel in.

### **8. ROEPING EN IDENTITEIT (vervolg): GEESTEWÊRELD EN BEVRYDING**

**GEESTEWÊRELD EN BEVRYDING** (vgl Agenda Deel 1 bl 10, 29, A.1.1. Verslag van die Moderamen, pt 11.2 (Moderamen Bylaag 2, bladsy 18) asook Agenda Deel II bl 11) – nie goedgekeur nie

**AMENDEMENT: GEESTEWÊRELD EN BEVRYDING** (A König / PS Grobbelaar) – goedgekeur:  
Die Algemene Sinode herhaal sy opdrag aan Taakspan Leer en Aktuele Sake om voort te gaan met die studie oor die bediening van bevryding. Beskikbare dokumentasie van die bevrydingsbediening moet oorweeg word.

## **9. ROEPING EN IDENTITEIT (vervolg): UITSTAANDE SAKE**

**SEISOEN VAN LUISTER** (vgl Agenda Deel I bl 5, A.1.1 Verslag van die Moderamen, pt 3.7 asook Agenda Deel II bl 11 pt 1)

Die Algemene Sinode besluit om die “Seisoen van Luister” heelhartig te ondersteun en sinodes aan te moedig om die geleentheid te benut om met nuwe toegespitsheid na God, mekaar en die wêreld waarin ons leef, te luister.

**ALGEMENE PREDIKANTEBYEENKOMS** (vgl Agenda Deel I bl 8, A.1.1 Verslag van die Moderamen, punt 4.12 asook Agenda Deel II bl 11 pt 2)

1. Die Algemene Sinode dank die Here vir die geslaagde Algemene Predikantebyeenkoms en die vrug daarvan in die NG Kerk.
2. Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om weer oorweging te gee aan die aanbied van 'n Algemene Predikantebyeenkoms vir die kerkverband.

**VISIONÊRE TAAKSPAN – PROSESSE** (vgl Agenda Deel I bl 9, A.1.1 Verslag van die Moderamen, pt 7.2.5 asook Agenda Deel II bl 11 pt 3)

1. In die lig van die ontwikkelinge binne die prosesse van die algemene sinodale verband besluit die Algemene Sinode om nie weer 'n Visionêre Taakspan te benoem nie.
2. Die Algemene Sinode dra die hantering van die visionêre prosesse wat by die Taakspan tuisgehoort het, aan die Moderamen op.
3. Die Algemene Sinode besluit om 'n Koördineringsliggaam te skep wat jaarliks vergader om die bediening en prosesse binne die hele sisteem van die Algemene Sinode te koördineer, integreer, evalueer en implementeer in terme van die roepingsverklaring en besluite van die Algemene Sinode. Die liggaam bestaan uit verteenwoordigers van die dagbesture van die diensgroepe en steundienste. Die GDN hoort funksioneel hier. Die Koördineringsliggaam rapporteer aan die Moderamen.

**ARMENIANISME– KONSEKWENSIES VIR DIE BEDIENING** (vgl Agenda Deel I bl 40, A.1.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling, punt 2.2 (ADGO Bylaag 2 bl 57) asook Agenda Deel II bl 11 pt 4)

1. Die Algemene Sinode neem kennis van die werksdokument en beskou die opdrag as voorlopig afgehandel.
2. Die Algemene Sinode versoek die ADGO om in die ontwikkeling van gemeentes deurlopend, wat betref die saak onder bespreking, as gereformeerde gewete op te tree.

**OMSKRYWING DIENS EN GETUIENIS** (vgl Agenda Deel I bl 83, A.1.3 Verslag van die ADGO, pt 1.2.2 asook Agenda Deel II bl 12 pt 5)

**Die Algemene Sinode:**

1. Keur die verdere teologiese besinning oor die konsep “Diens en Getuienis” goed en versoek sinodes om die besinning na hulle kommissies en diensgroepe vir Diens van Barmhartigheid en Getuienis te verwys vir bespreking en kommentaar.
2. Versoek die Diensgroep om met die teologiese besinning voort te gaan in samewerking met die ander drie kerke in die NG Kerk-familie.

### **GROETEBOODSKAP:**

Ds Gerrit Kritzinger (Uitvoerende Hoof BSA/ Voorsitter Wêreldbond van Bybelgenootskappe ) dra die Bybelgenootskap in Suid-Afrika/ Wêreldbond van Bybelgenootskappe se goeie wense aan die Sinode oor. Ds Japie du Plessis bedank die Bybelgenootskap vir die groot werk wat hulle doen.

**BYBELVERTALING** (vgl Agenda Deel I bl 86, A.1.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Bybelvertaling, -verklaring en –verspreiding, punt 1.4 asook Agenda Deel II bl 12 pt 6)

1. Die Algemene Sinode betuig sy dank teenoor die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die betrokke vertaalspan vir die voltooiing van die Afrikaanse Bybel vir Dowes en doen 'n beroep om lidmate om die gebruik hiervan wyd aan te moedig.
2. Die Algemene Sinode neem met dank daarvan kennis dat die BSA besluit het om op versoek van die Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans) voort te gaan met 'n volgende Afrikaanse vertaling van die Bybel (ABV).

3. Die Algemene Sinode neem met dank daarvan kennis dat die BSA geen direkte bydrae van onderskeie kerke vra nie, maar moedig ons eie lidmate en gemeentes aan om die projek finansiëel te ondersteun.

4. Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot aantal lidmate wat as teoloë, brontaal- en doeltaalkenners en medewerkers betrokke is by die ABV. As sameroeper van so 'n groot en belangrike projek word prof Combrink insig en krag toegebid.

5. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ATBV om steeds sy volle medewerking aan die BSA te verleen vir hierdie groot projek.

**BYBELVERKLARING** (vgl Agenda Deel I bladsy 87, A.1.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Bybelvertaling, -verklaring en –verspreiding, pt 2.4 asook Agenda Deel II bl 12 pt 7)

1. Die Algemene Sinode versoek die ATBV om voort te gaan met die SGB-reeks en dit tot voltooiing te bring.

2. Die Algemene Sinode betuig sy dank teenoor Lux Verbi-Bybelmedia vir die diens wat gelewer word ten opsigte van die elektroniese- en ander vorme van publikasie van die SBG-reeks.

3. Die Algemene Sinode ondersteun die beoogde nouer samewerking met die VGKSA op die terrein van Bybelvertaling en –verklaring.

**BYBELGENOOTSKAP** (vgl Agenda Deel I bladsy 89, A.1.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Bybelvertaling, -verklaring en –verspreiding, pt 3.7 asook Agenda Deel II bl 12 pt 8)

Die Algemene Sinode wil alle lidmate aanmoedig om deur volgehoue gebeds- en finansiële ondersteuning aktief by die verskillende projekte van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika betrokke te raak.

#### **FUNKSIONERING VAN DIE TAAKSPAN ATBV ONDER ALGEMENE DIENSGROEP ONDERSTEUNING**

(vgl Agenda Deel I bladsy 89, A.1.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Bybelvertaling, -verklaring en –verspreiding, pt 4.2 asook Agenda Deel II bl 12 pt 9)

##### **1. Personeel**

1.1 Die Algemene Sinode bedank prof A B du Toit wat op sy besondere manier agtien jaar lank onbaatsugtige diens gelewer het op die Taakspan.

1.2 Die Algemene Sinode wys die volgende lede aan om vir die volgende termyn in die Taakspan ATBV te dien:

\* Deur NG Kerk Dosenterade aanbeveel: Ou Testamentici: prof HL Bosman (US), prof DJ Human (UP), prof SD Snyman (UV); Nuwe Testamentici: prof HJB Combrink (US), prof JG van der Watt (UP), prof HC van Zyl (UV).

\* Deur VGKSA aanbeveel: prof PJJS Els (OT), prof GD Cloete (NT).

\* Deur Bybelgenootskap van Suid-Afrika aanbeveel: ds GS Kritzinger en ds HJ Geyer.

\* Vakkundiges deur ATBV aanbeveel: prof JA Naudé (Hebreeus/Vertaalkunde), prof CHJ van der Merwe (Hebreeus/Vertaalkunde), prof JA du Rand (NT), prof DF Tolmie (NT).

##### **2. Begroting**

Die Algemene Sinode begroot vir die werksaamhede van die Taakspan ATBV.

#### **DANKWOORD:**

Proff B Combrink, JA du Randt en HC van Zyl, wat nou betrokke is by die Bybelvertaling, word deur die voorsitter bedank vir hulle bydraes.

#### **AANKONDIGINGS:**

Dr Kobus Gerber doen enkele aankondigings.

**VERVERSINGS:** Die sinode verdaag om 15:30 vir verversings.

### **TWEEDE MIDDAGSESSIE**

#### **VERWELKOMING:**

Dr Gerber heet die Kapelaan-generaal van die SANW, ds Marius Cornelissen (leraar van die NG Kerk), en ds Pieter Kurpershoek van die Gereformeerde Kerke welkom by die vergadering.

#### **PERSONEELWYSIGINGS:**

Hoëveld: dr AL Bartlett maak verskoning vir die middagsessie.

**GROETEBOODSKAP:**

Ds Pieter Kurpershoek van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dra dié kerk se groete aan die Algemene Sinode oor. Prof Piet Strauss bedank ds Kurpershoek vir die goeie wense.

**10. OPENBARE GETUIENIS: KERK EN STAAT/ PARLEMENTÊRE LESSENAAR**

Dr Nelus Niemandt gee 'n oorsig wat met die verslae en aanbevelings rakende die NG Kerk se openbare getuienis bereik wil word.

Dr Ben du Toit gee 'n inleiding tot die verslag oor die NG Kerk en die Grondwet.

**DIE NG KERK EN DIE GRONDWET** (vgl Agenda Deel I bladsy 99, A.2.1 Verslag van die Moderamen pt 3.4.2 (vgl ook Moderamen Bylaag 1 bladsy 111) asook Agenda Deel II bl 13)

**Die Algemene Sinode keur die dokument “Die NG Kerk en die Grondwet” goed as beleidstuk van die NG Kerk. Dit geld ook as uitgangspunt vir die werk van die Parlementêre Lessenaar.**

**11. OPENBARE GETUIENIS (vervolg): KOMMUNIKASIE**

Ds Johann Symington (Direkteur Kommunikasie) lig die sinode in oor die werk van die kerklike media. Hy skilder 'n pad van hoop vir die toekoms van kerklike media. In die bespreking spreek die Sinode spreek sy waardering uit vir die werk van die kerklike media.

**KOMMUNIKASIE** (vgl Agenda Deel I bladsy 110, A.2.1 Verslag van die Moderamen, pt 8.9 asook Agenda Deel II bl 13)

**1. Die Algemene Sinode herbevestig die noodsaaklikheid van kommunikasie en aanvaar die strategiese plan as breë riglyn waarmee die direktoraat moet werk** (soos geamendeer AJ Scherrer/ J van W du Plessis)

**2. Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Sinodale Moderamen en die Algemene Taakspan vir Kerklike Media op om steeds te soek na groter koördinering van funksies en die beter benutting van mannekrag ten einde die interne en eksterne kommunikasiepotensiaal van die NG Kerk maksimaal te ontgin.**

**3. Die Algemene Sinode neem kennis van die beperkte oplaag van Kerkbode en dra dit aan die ASM op om alle moontlikhede tot beter interne kommunikasie te ondersoek en te implementeer.**

**4. Die Algemene Sinode ondersteun die bestaansreg van LIG en moedig alle gemeentes aan om die Christelike gesinstydskrif in Afrikaans te ondersteun, te bemark en by wyse van grootskaalse intekening te help uitbou.**

**5. Die Algemene Sinode dra dit aan die Direktoraat Kommunikasie op om die webwerf verder te ontwikkel en ook ander digitale kommunikasiemoontlikhede te ontgin** (soos geamendeer AJ Scherrer/ J van W du Plessis)

**KERKLIKE MEDIA** (Vgl Agenda Deel I bladsy 124, A.2.3.1 Verslag van die Taakspan Kommunikasie en Media, pt 7 asook Agenda Deel II bl 13)

**1. Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot rol wat ds Bobbie Scherrer, voorsitter van die Taakspan Kerklike Media, gespeel het om die verskillende mediabedieninge van die NG Kerk onder een dak te verenig en op 'n gesonde finansiële voet te plaas.**

**2. Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die positiewe ondersteuningsrol wat baie gemeentes, ringe en sinodes speel in die bevordering van die werk van Bybel-Media, en van die duisende donateurs landwyd wat hierdie werk finansiëel moontlik maak.**

**3. Die Algemene Sinode versoek sinodes om gemeentes en lidmate op te roep om in hulle aankope van Christelike publikasies en elektroniese media eerstens die eiendomlike instansies van die kerk self te ondersteun.**

**12. OPENBARE GETUIENIS (vervolg): ANDER SAKE**

**KAPELAANSDIENSTE** (vgl Agenda Deel I bl 99, A.2.1 Verslag van die Moderamen, pt 4.4 asook Agenda Deel II bl 13)

**1. Die Algemene Sinode versoek gemeentes om, waar hulle genader word om 'n kapelaan aan die gemeente te koppel, dit ernstig te oorweeg.**

**2. Die Algemene Sinode verwys die behoefte aan bydraes van gemeentes ten bate van die Kapelaansfonds na sinodes.**

**3. Die Algemene Sinode versoek sinodes om kapelane wat binne hulle grense werk, te betrek by die verskillende dienskommissies van die sinode.**

**4. Die Algemene Sinode besluit om die Subkommissie vir Kapelaansdienste soos volg saam te stel: 'n verteenwoordiger van elk van die vier kerke van die NG Kerkfamilie en 'n benoemde kapelaan van**

elk van die vier afdelings van die Veiligheidsdienste (SAW, SAPD, Korrektiewe Dienste, Nasionale Intelligensie), op eie koste. Indien die hoofkapelaan(e) van die NG Kerkfamilie is, word hy/sy/hulle benoem - indien nie, een van die leiersgroep van die betrokke afdeling wat 'n gelegitimeerde van die NG Kerkfamilie is.

5. Die Algemene Sinode besluit om 'n dienende kapelaan uit elk van die vier afdelings van die Veiligheidsdienste op die Taakgroep vir Diensgetuïenis te benoem.

6. Die Algemene Sinode besluit om voort te gaan met sy steun en betrokkenheid by die Veiligheidsdienste Christelike Adviesraad deur middel van sy verteenwoordiger op die Raad.

**KAPELAANSDIENSTE: SUBKOMMISSIE VIR KAPELAANSDIENSTE** (vgl Agenda Deel I bladsy 115, A.2.2 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuïenis, pt 3.2 asook Agenda Deel II bl 13)

Die Algemene Sinode neem kennis dat die Algemene Diensgroep Diens en Getuïenis die aanbeveling van die Moderamen rakende die samestelling van die Subkommissie vir Kapelaansdienste (vgl A.2.1 punt 4.4.4) ondersteun.

**GROETEBOODSKAP:**

Ds Marius Cornelissen, Kapelaan-generaal SANW, lewer 'n groeteboodschap namens die Kapelaansdienste aan die Algemene Sinode.

**AANKONDIGINGS:**

Dr Gerber doen verskeie aankondigings en tref etereëlings.

**AANDETE:** Die sinode verdaag vir aandete nadat die tafelgebed gedoen is deur oudl Izak de Villiers (Hoëveld).

**AANDESSIE**

**PERSONEELWYSIGING:**

Noord-Kaap: oudl JN Moolman verskyn ter vergadering.

**13. OPENBARE GETUIENIS (vervolg): ANDER SAKE**

**VOORSTEL: VERKLARING OOR STAKINGS** (JF Pienaar/ M Nel) – goedgekeur

Die Algemene Sinode:

1. Neem met kommer kennis van die hoë intensiteit van die huidige staatsdiensstaking in Suid-Afrika;
2. Spreek sy begrip uit vir die frustrasies van baie staatsdienspersoneel wat meestal nie voldoende erkenning kry vir die dienste wat hulle lewer nie en dat baie beleef dat daar oor die jare groot agterstande in hulle salarisse en diensvoorwaardes ontstaan het;
3. Spreek sy kommer uit oor die skynbare gebrek aan pariteit in verhogings vir die bestuurders van die staat en gewone amptenare;
4. Versoek alle partye in die geskil om in goeie trou te onderhandel en die belange van die breër gemeenskap in gedagte te hou;
5. Betreur die ontwrigting wat die staking van nooddienpersoneel vir weerloses meebring en die hoë vlakke van intimidasie en geweld;
6. Versoek alle Christene wat aan die staking deelneem om in die styl van Jesus Christus steeds ook die belange van hulle medeburgers in gedagte te hou;
7. Onderneem om saam met Ekumeniese bondgenote mee te werk dat daar 'n positiewe afloop vir die staking kom.

**VOORSTEL: GESPREKKE MET INSTANSIES WAT MENSEREGTE INTERPRETEER** (DA du Toit/ JA du Toit) – goedgekeur

Die Algemene Sinode versoek dat in gesprekke met instansies wat menseregte interpreteer, sterk standpunt ingeneem sal word om die belange van gemeenskappe (bv huwelik, gesin, skool, kerk) te beskerm teen 'n eensydige individualistiese menseregte-interpretasie.

**14. ROEPING EN IDENTITEIT (vervolg): DIE DOOP**

**VERSLAG OOR BETEKENIS EN GEBRUIK VAN DIE DOOP** (vgl Agenda Deel I bl 10, 39, A.1.1 Verslag van die Moderamen, punt 11.3 (Moderamen Bylaag 3 bladsy 31) asook Agenda Deel II bl 10) – nie goedgekeur nie



**AMENDEMENT: DOOPVIERING EN GETUIENISDOOP/ BEKERINGSDOOP** (A König, E Meyer) – nie goedgekeur nie

**AMENDEMENT: BESLUITTE AANGAANDE DOOP, DOOPVIERING EN VERSLAG RAKENDE DIE BETEKENIS EN GEBRUIK VAN DIE DOOP (MODERAMEN BYLAAG 3)** (AR Hanekom/ JD Kirkpatrick) – goedgekeur

1. Die Algemene Sinode neem bogenoemde verslag in ontvangs as vertrekpunt vir omvattende gesprek aangaande doop en doopviering.
2. Die Algemene Sinode bevestig dat die Christelike doop vanuit die radikaliteit van die genade as onherhaalbaar beskou moet word.
3. Met groot begrip vir die kragtige betekenis van simbole en rituele en met behoud van die christelike doop as eenmalige sakrament (vir kinders en volwassenes) dra die Algemene Sinode dit aan sinodes op om te besin oor toepaslike rituele waardeur gedoopte lidmate van die werklikheid van God in hulle lewe kan getuig.
4. Sodanige rituele sou net gevier kon word deur persone wat hulle christelike doop erken.
5. Die Algemene Sinode gee aan die Algemene Diensgroep Gemeente Ontwikkeling opdrag om die Sinode te bedien met 'n eenvoudige en helder beleid en voorstelle aangaande doop, doopviering, kindernagmaal en kategeese wat beide ons tradisie en die praktiese bedieningskonteks van ons dag in ag sal neem.

#### **VERSLAG HOMOSEKSUALITEIT: ADVIES OOR ADVISERENDE STEM**

Na aanleiding van navrae van die Taakspan Homoseksualiteit oor lede wat nie afgevaardigdes is nie en hulle moontlike betrokkenheid as persone met adviserende stem (maw om 'n spreekbeurt tydens die vergadering te kry), gee die Aktuaris die volgende advies:

1. Die Reglement van Orde moet gelees word in die lig van Artikel 38 van Die Kerkorde. Artikel 38.3 dui aan dat die Teologiese Opleiding in adviserende hoedanigheid die vergadering bywoon. Verder sluit dit amptenare in soos gereël deur die Reglement vir Orde. Bespreking is beperk tot lede van die vergadering en die adviseurs soos wat die betrokke Reglement en die Kerkorde voorskryf.
2. Die Kommissie vir die Agenda kan reëlings tref dat sprekers wel die vergadering toespreek, welke reëling by wyse van die Kommissie se verslag deur die Sinode goedgekeur word.
3. Lede van taakspanne kan nie uit hoofde van hulle lidmaatskap van die taakspan 'n spreekstem hê nie. Dit kan slegs deur die Algemene Sinode op aanbeveling van die Kommissie vir die Agenda verleen word.

#### **ORDEREËLING: SPREEKBEURT VAN LEDE VAN TAAKSPAN HOMOSEKSUALITEIT**

**Die Algemene Sinode besluit op aanbeveling van die Kommissie vir die Agenda dat J du Plessis en WG Venter (wat lede van die Taakspan was maar nie lede van die vergadering is nie) met spreekstem aan die diskussie mag deelneem.**

## **15. OPENBARE GETUIENIS (vervolg): ZIMBABWE**

Dr Kobus Gerber lei die verslag in. Ds Piet van Vuuren skilder vir die Sinode die prentjie wat hom in tans in Zimbabwe ontvou.

**ZIMBABWE** (vgl Agenda Deel I bl 359, A.4.1 Verslag van die Moderamen: Nood en Genesing pt 3 asook Aanvullende Verslae bl 22 pt 1)

1. Die Algemene Sinode verklaar dat hy op grond van die Roepingsverklaring 2002 'n profetiese stem moet laat hoor oor die miskenning van menseregte, lyding, ineenstorting van die ekonomie asook verwoesting van die ekologie in Zimbabwe.
2. Die Algemene Sinode wil saam met die kerke in Zimbabwe en Suider-Afrika by onderdrukte en lydendes in Zimbabwe staan, en saam met ons ekumeniese vennote alles moontlik doen om die mense van die land by te staan. 'n Besondere fokus is die honderde duisende vlugtlinge uit Zimbabwe in die lande in Suider-Afrika.
3. Die Algemene Sinode betreur die skynbare onwilligheid van Suider-Afrikaanse regerings om daadwerklik betrokke te raak by die krisis in Zimbabwe.
4. Die Algemene Sinode versoek die Sinode van Namibië om deur die CCN met die Namibiese regering hieroor in gesprek te tree, en dra dit aan die verteenwoordigers van die Moderamen in die National Religious Leaders Forum op om via die NRLF met die Suid-Afrikaanse regering hieroor in gesprek te tree.
5. Die Algemene Sinode versoek die ekumeniese liggame WRK, WARC, GER, AACC, SAARC/ARCA, CCN, SARK en TEASA om alle kontakte en middele te gebruik om 'n verandering in Zimbabwe te weeg te bring.
6. Die Algemene Sinode versoek sinodes om steeds betrokke te wees by gemeentes in Zimbabwe:

gemeentes van die NG Kerk via die Noordelike Sinode, gemeentes van die RCZ en CCAP (Harare) via die Sinode van Wes-en Suid-Kaapland.

## **16. OPENBARE GETUIENIS (vervolg): GRONDHERVORMING**

Ds Johann Symington tree op as inleier tot die verslag.

**GRONDHERVORMING** (vgl Agenda Deel I bladsy 105, A.2.1 Verslag van die Moderamen, pt 6.4 asook Aanvullende Verslae bl 6-9 pt 2.5)

- 1. Die Algemene Sinode herbevestig sy beginselstandpunt ten gunste van grondhervorming (2002), met voorbehoud dat die praktiese toepassing van die proses billik en ordelik en met die minste ontwrigting van kommersiële landbou sal verloop.**
- 2. Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor die landbousektor en spesifiek die boere-gemeenskap vir die belangrike bydrae as werk-, voedsel- en behuisingverskaffer, en as stabiliseerder van landelike gemeenskappe.**
- 3. Die Algemene Sinode neem met dank kennis van suksesvolle bemagtigingsprojekte in die landbou, maar spreek sy kommer uit oor talle voorbeelde waar die oordrag van produktiewe landbougrond tot boerdery-mislukkings en die verlies van werkgeleenthede lei.**
- 4. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die regering en die Departement Landbou en Grondsake dat die afhandeling van die uitstaande grondeise billik en deursigtig sal verloop, en dat die vestiging van landbou- en bestuursvaardighede 'n integrale deel van die oordrag van produktiewe landbougrond sal wees. Die sinode doen ook 'n beroep op alle rolspelers om by nuweboer-vestiging maksimaal gebruik te maak van vennoot- en mentorskappe met die oog op die oordrag van kundigheid.**
- 5. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die regering om alles moontlik te doen om die veiligheidsituasie in landelike gebiede te verbeter ten einde die omvang van misdaad, plaasaanvalle en -moorde te bekamp en 'n gunstige boerdery-omgewing te verseker.**
- 6. Die Algemene Sinode versoek gemeentes om vol te hou met die bediening van versoening, en om waar moontlik 'n bemiddelende rol te speel tussen mense en gemeenskappe met die oog op wedersydse aanvaarding, respek en goedgesindheid.**
- 7. Die Algemene Sinode besluit om spesifiek voorbidding te doen vir lidmate wat swaarkry as gevolg van die veiligheidsituasie op plase en die effek van grondeise, en doen 'n beroep op gemeentes om hierdie lidmate pastoraal te ondersteun.**
- 8. Die Algemene Sinode kontinueer die opdrag aan die Taakspan: Grond- en Landelike Hervorming, met die versoek dat hierin met ander kerke en ekumeniese liggame saamgewerk word.**

## **17. OPENBARE GETUIENIS (vervolg): GEWELD TEEN VROUE EN KINDERS/ MISDAAD EN GEWELD**

Ds Johann Symington tree op as inleier tot die verslag.

**GEWELD TEEN VROUE EN KINDERS** (vgl Agenda Deel I bl 91, Agenda Deel II bladsy 14, A.2.1 Verslag van die Moderamen, pt 1.4 asook Agenda Deel II bl 14)

- 1. Die Algemene Sinode spreek sy weersin uit teenoor elke geval waar 'n vrou of kind onder watter vorm van geweld ook al ly. Die Algemene Sinode wil elkeen wat gely het en steeds ly, verseker van voorbidding asook die Sinode se verbintenis om die saak met wortel en tak uit te roei.**
- 2. Die Algemene Sinode versoek sinodes om die gemeentes in hulle gebied toe te rus om die saak in elke deel van die gemeentelike bediening en samelewing te hanteer.**

**MISDAAD EN GEWELD** (vgl Agenda Deel I bl 104, A.2.1 Verslag van die Moderamen, pt 5.6 asook Agenda Deel II bl 14)

- 1. Die Algemene Sinode formuleer 'n mosie van rou en meegevoel oor alle Suid-Afrikaners uit alle gemeenskappe wie se Bybelse en grondwetlike regte hierdeur beroof is.**
- 2. Die Algemene Sinode gee ter vergadering geleentheid vir 'n verootmoedigingsgeleentheid oor hierdie saak.**
- 3. Die Algemene Sinode ontvang die verslag oor gereformeerde protes en verset as laatstuk.**

**MISDAAD EN GEWELD** (vgl Aanvullende Verslae bl 3-5 pt 1.6)

- 1. Die Algemene Sinode**
  - 1.1 is saam met die res van die gemeenskap intens bekommerd oor die hoë vlakke van misdaad wat tans in Suid-Afrika voorkom en die geweld wat daarmee gepaard gaan;**

1.2 spreek sy diepe meelewing uit met die slagoffers van geweld;  
1.3 verbind hom daartoe om alles in sy vermoë te doen om by te dra tot genesing van die samelewing.

## 2 Die Algemene Sinode

2.1 erken dat insidente van misdaad baie emosies by lidmate, en veral by slagoffers van misdaad ontlok wat dit moeilik kan maak om gebalanseerde perspektief te behou, maar versoek hulle nietemin om in elke situasie steeds verantwoordelik op te tree;

2.2 pleit by lidmate om as resultaat van hulle Christelike dankbaarheidslewe tot in die kleinste aan die Here se wil en wet getrou te bly;

2.3 herinner lidmate daaraan dat niemand 'n vinger na ander kan wys as sy/haar persoonlike integriteit en optrede nie onbesproke is nie;

2.4 pleit by lidmate om moeite te doen om aan gesonde huweliks-, gesins- en ander samelewingsverhoudings te bou;

2.5 pleit by lidmate om na mekaar se welstand om te sien, onder meer deur by gemeenskapsinisiatiewe betrokke te raak.

## 3. Die Algemene Sinode

3.1 bely dat dit binne die Here se wil is dat die wêreld deur middel van die wette en regerings geregeer moet word sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop, en dat Hy vir dié doel aan die owerheid die swaard in die hand gegee het om die kwaaddoeners te straf en die deugsames te beskerm;

3.2 pleit gevolglik by die regering om die land en sy mense in hierdie opsig nie in die steek te laat nie;

3.3 verseker die regering van sy samewerking, binne sy vermoë, by enige aksie wat tot genesing van die land kan lei.

## 4 Die Algemene Sinode

4.1 besluit om hierdie verslag as vertrekpunt vir verdere navorsing en besinning oor die onderwerp van misdaad en geweld te gebruik;

4.2 gee opdrag aan die Moderamen om 'n taakgroep vir dié doel aan te wys wat aan die Moderamen rapporteer. Die taakgroep moet in noue oorleg met sinodes werk.

4.3 Die taakgroep moet ter wille van die effektiewe uitvoering van sy opdrag ook die samewerking van relevante instansies in die gemeenskap soek.

**VOORSTEL: MISDAAD EN GEWELD IN TRONKE** (DJ Malan/ HS Klut) – goedgekeur en verwys na die Moderamen/ Taakspan Misdaad en Geweld (vgl besluit hierbo)

**Berigte in koerante en TV-gesprekke met gevangenes maak dit duidelik dat geweld en veral verkragting in tronke 'n geweldige probleem is – wat dikwels deur rassisme aangevuur word. Die kerk versoek die regering om dringend aandag hieraan te gee deur:**

1. Alternatiewe vorme van straf te oorweeg – veral vir jeugmisdadigers
2. Oorvol tronke as krisis te beskou en meer fasiliteite te skep
3. Ander opsies te ondersoek.

**GEWELD EN MISDAAD** (vgl Agenda Deel I bl 377, A.4.2 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis, pt 3.5 asook Agenda Deel II bl 14)

**Die Algemene Sinode neem kennis van die ADD se siening dat daar nie 'n afsonderlike strategie oor geweld en misdaad ontwikkel word nie, maar dat dit deel behoort te wees van 'n breër strategie wat fokus op gemeentes se betrokkenheid in die plaaslike gemeenskap en herroep die vorige opdrag aan die Diensgroep Diens en Getuienis.**

## 18. NOTULE EERSTE SITTINGS DAG 4 JUNIE 2007

Die notule vir die eerste sittingsdag word inhoudelik deur die Sinode goedgekeur.

### AANKONDIGINGS

Dr Kobus Gerber hanteer enkele aankondigings.

### MEEGEVOEL

Die Sinode spreek sy meegevoel uit met ds Petrus Kriel wie se swaer skielik oorlede is.

**AANDWYDING**

Die aandwyding word op treffende wyse deur ds Johann Symington hanteer. Die vergadering kry geleentheid om name van familie en vriende wat deur misdaad en geweld geraak is teen 'n "klaagmuur" te plak. Die vergadering verkeer in verootmoediging voor die aangesig van die Here.

## **DERDE SITTINGS DAG: 6 JUNIE 2007**

### **EERSTE OGGENDSESSIE**

#### **1. OGGENDWYDING:**

Dr Paul du Plessis (Hoëveld) neem die oggendwyding waar.

#### **PERSONEELWYSIGINGS:**

Wes-Kaap: oudl A van der Spuy – verlof vir afwesigheid vir die oggendsessies.

#### **2. VERHOUDINGE: KERKHERENIGING**

Die assessor, prof Piet Strauss, neem die voorsitterstoel. Hy verduidelik die dagprogram en die prosesse wat gevolg gaan word. Dr Coenie Burger tree op as inleier van die gesprek. Die voorsitter versoek die vergadering om tydens die bespreking vrae rondom kerkhereniging na die moderatuurstafel te stuur: die vrae word deur die moderatuurslede behandel.

Die vergadering voer 'n indringende debat oor *Agenda Deel I bl 382 en verder, A.5.1 Verslag van die Moderamen: Verhoudings, Agenda Deel II bl 15 asook die Aanvullende Verslag van die Moderamen : Verhoudings bl 23 en verder*

#### **AANKONDIGINGS:**

Dr Gerber doen enkele aankondigings.

**VERVERSINGS:** Die vergadering verdaag om 10:30 vir verversings.

### **TWEEDE OGGENDSESSIE**

#### **TOEKENNINGS:**

Adri-Louise van Renen van die Kerkbode oorhandig die toekennings aan die gemeentes wat die meeste Kerkbodes en LIG bestel het. Die berekening word proporsioneel ten opsigte van die gemeente se belydende lidmate gemaak. Toshiba skenk skootrekenaars aan Primroseheuwel vir die gemeente wat die hoogste groei in hul bestelling getoon het en aan Springbokvlakte wat die grootste bestelling in 2006 geplaas het.

#### **GROETEBOODSKAPPE VAN DIE VERTEENWOORDIGERS VAN DIE NG KERK FAMILIE:**

**VGKSA:** Prof Thias Kgatla, moderator van die VGKSA, dra die groeteboodskap van die VGKSA aan die Sinode oor.

**NGKA:** Ds Mochubi (oom Lampies) Lebone, moderator van die NGKA, bring die groete van die NGKA aan die Sinode.

**RCA/GER:** Ds Victor Pillay, assessor van die RCA en skriba van die GER, dra die goeie wense van die RCA/GER aan die Sinode oor. Hy maak verskoning vir die moderator ds Bennett Shunmugam.

Dr Coenie Burger bedank die verteenwoordigers vir hulle goeie wense en die pad wat hulle met die NG Kerk loop.

#### **3. VERHOUDINGE: KERKHERENIGING (vervolg):**

**GESAMENTLIKE GESPREK TUSSEN DIE VIER KERKE** (vgl Agenda Deel I bl 393-396, A.5.1 Verslag van die Moderamen, pt 2.6 asook Aanvullende Verslae bl 23-25 pt 1.1.4 )

**1. Die Algemene Sinode ondersteun die inisiatiewe wat die Moderamen sedert Junie 2006 in oorleg met die Moderamens/Sinodale Kommissies/Sinodale Diensrade van al die sinodes asook die Moderamens/ Sinodale Kommissies van die VGKSA, NGKA en die RCA geneem het tot hereniging van die vier kerke in die NG Kerk-familie.**

**2. Die Algemene Sinode is dankbaar teenoor die Here vir die nuwe gesindheid wat die Here sedert Junie 2006 tussen die vier kerke gegee het in hierdie eenheidstrewes en die vordering wat gemaak kon word ten opsigte van die bou van verhoudings en die vind van konsensus.**

**3. Die Algemene Sinode neem kennis van die Achterbergh II-dokumente (goedgekeur soos gewysig met die ordevoorstel: CW Burger).**

**4 Aangesien die proses tussen die vier kerke sodanig gevorder het dat daar iets konkreet op die tafel**

is, versoek die Algemene Sinode sinodes om die Achterbergh II-dokumente saam met die besluite van die Algemene Sinode 2004, aan gemeentes deur te gee vir bespreking en kommentaar aan die hand van die volgende proses:

- \* die Moderamen voorsien teen einde Julie 2007 'n dokument met riglyne vir gemeentes oor hoe om sulke gesprekke op die mees konstruktiewe manier te voer;
- \* die Moderamen stel 'n pro-forma verslagwyse op, wat ook in die riglyne aan gemeentes opgeneem word, aan die hand waarvan kerkvergaderings hulle mening en insette kan gee;
- \* die sinodes versamel alle kommentaar en insette van gemeentes nie later nie as 1 Desember 2007 en gee dit deur aan die kantoor van die Algemene Sekretaris vir verwerking;
- \* hierdie fase is slegs vir konsultasie, bespreking en insette/ kommentaar (goedgekeur soos redaksioneel gewysig).

5. Die Algemene Sinode dra dit verder aan die Moderamen op om, in die lig van die kommentaar en insette van gemeentes asook die besluite van die Algemene Sinode 2004, verder met die ander drie kerke te onderhandel oor konkrete voorstelle aan kerkrade/ gemeentes van al vier die kerke. Hierdie konkrete voorstelle word, indien moontlik, gedurende die tweede helfte van 2008 deur elke kerk aan kerkrade/gemeentes voorgelê met die oog op hulle goedkeuring. Dit word deur elke kerk gedoen in ooreenstemming met die prosedures wat tans in daardie kerk se Kerkorde/ besluite daarvoor voorgeskryf word (Die NG Kerk se proses word uitgespel in Agenda Deel I A.5.1 bladsy 384 pt 14).

6. Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om in hierdie proses verder leiding te neem en om, soos die afgelope maande sedert Junie 2006, telkens die moderature van al die sinodes te betrek in konsensus-soekende onderhandelinge met die ander kerke. Die onderhandelinge geskied aan die hand van die besluite van 2004 asook die uitkoms van die proses in pt 4 hierbo.

**KERKHERENIGINGSGESPREEK BINNE DIE NG KERK SELF: KONSULTASIEPROSES** (vgl Agenda Deel I bl 397, A.5.1 Verslag van die Moderamen, pt 2.7.13 asook Aanvullende Verslae bl 26 punt 1.2.1.5)  
Die Algemene Sinode versoek sinodes om verantwoordelikheid te aanvaar vir die hantering van die konsultasieproses binne die kerkverband.

**POSISIE TOV KERKEENHEID/KERKHERENIGING** (vgl Aanvullende Verslae bl 27 pt 1.2.2.2)  
Die Algemene Sinode bevestig weereens dat ten opsigte van die saak van kerkhereniging dit by vergaderings van Algemene Sinodes nie meer oor die "of" (maw die wenslikheid) van kerkhereniging gaan nie, maar oor die "hoe" daarvan (maw die beste manier waarop dit bereik kan word) aangesien uitvoerige besluite waardeur die NG Kerk haarself verbind het tot hereniging met die ander drie kerke van die NG Kerk-familie reeds sedert 1990 by verskillende Algemene Sinodes geneem is, en al die (streek-) sinodes ook duidelike besluite ten gunste van kerkeenheid geneem het.

**OPDRAG AAN MODERAMEN** (vgl Aanvullende Verslae bl 27 pt 1.3)  
Die Algemene Sinode bekragtig dat die Moderamen sy mandaat uitgevoer het aangesien by die Algemene Sinode van 2002 opdrag aan die Moderamen gegee is om "die proses van kerkhereniging verder te begelei." Die Algemene Sinode herhaal die opdrag aan die Moderamen.

**APPROBASIE BY KERKEENHEID** (vgl Aanvullende Verslae bl 38 – 41 pt 1)  
1. Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag oor approbasie by kerkeenheid.  
2. Nie goedgekeur nie

**BESKRYWINGSPUNT B.5.1 REGSADVIES TEN OPSIGTE VAN KERKVERENIGING (Wes-Transvaal)**  
(vgl Agenda Deel I Beskrywingspunt B.5.1 bladsy 495, Agenda Deel II bladsy 15 asook T.2.1 Eerste Verslag van die Tydelike Kommissie vir Algemene en Ekumeniese Sake, Handelinge bl 152 pt 2) – goedgekeur soos gewysig  
Die Algemene Sinode neem kennis van die Beskrywingspunt en versoek die ATR om die saak tov regsadvies te hanteer en die advies aan die Algemene Sinodale verband deur te gee.

**BESKRYWINGSPUNT B.5.2: EEN GESAMENTLIKE SINODE (Wes-Transvaal)** (vgl Agenda Deel I Beskrywingspunt B.5.2 bladsy 495, Agenda Deel II bladsy 15 asook T.2.1 Eerste Verslag van die Tydelike Kommissie vir Algemene en Ekumeniese Sake, Handelinge bl 152 pt 3)  
Diep bewus daarvan dat daar tans verskillende menings tov kerkhereniging is en om die saak nie te laat sloer nie, besluit die Algemene Sinode om toestemming aan die Moderamen te gee om, indien dit sin maak en die proses kan help, saam met die ander drie kerke'n vergadering van die Algemene Sinodes van die vier kerke te reël.

**VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS** (vgl Agenda Deel I bl 433, A.5.3 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis, pt 1.3 asook Agenda Deel II bl 15)  
Die Algemene Sinode

**1 Keur die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis goed en moedig sinodes aan om in sinodale verband moeite te doen dat hulle diens van barmhartigheid en getuienisbediening met die ooreenstemmende bedieninge van die ander drie kerke in die NG Kerk-familie 'n verenigde struktuur vir Diens en Getuienis vorm.**

**2 Neem kennis dat die Algemene Kommissie vir Getuienisaksie (AKGA) in die lig van die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis kan verval.**

**BETROKKENHEID VAN FAMILIE VAN NG KERKE BY GESPREK MET DIE OOG OP TEOLOGIESE OPLEIDING** (vgl Agenda Deel I bladsy 345, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding, pt 3.2 asook Agenda Deel II bladsy 15)

**1. Die Algemene Sinode neem dankbaar kennis van die feit dat die familie van NG Kerke betrokke is by die gesprek oor teologiese opleiding.**

**2. Die Algemene Sinode versoek AKTO om betrokke te bly by die gesprek met die familie van NG Kerke deur ook te bepaal hoedanig teologiese opleiding kan meehelp om die eenheidsproses te dien en verder aandag te gee aan alle sake rakende teologiese opleiding soos bv. die plekke van opleiding, die duur en inhoud van die kursus ens.**

**VOORSTEL: TAAKSPAN KERKHERENIGING** (JJE Koornhof/ JF Marais) – goedgekeur

**1. Die Algemene Sinode besluit om 'n Ad Hoc-Taakspan vir Kerkhereniging saam te stel om die gesprek- en besluitnemingsprosesse in die verskillende sinodes te bely en sinkroniseer.**

**2. Die Taakspan bestaan uit een persoon uit elke sinode wat deur die sinodes self aangewys word.**

**3. Die Taakspan rapporteer aan die ASM.**

**4. Die ASM reël hoe vir die Taakspan se werk begroot word.**

**AANKONDIGINGS:**

Dr Gerber doen enkele aankondigings.

**MIDDAGETE:** Die vergadering verdaag om 13:00 vir middagete. Oudl Zerilda Nel (Sinode Hoëveld) doen die tafelgebed.

**EERSTE MIDDAGSESSIE**

**4. VERHOUDINGE (vervolg): EKUMENE**

Dr Kobus Gerber lei die gesprek in.

**ALL AFRICA CONFERENCE OF CHURCHES** (vgl Agenda Deel I bl 401, A.5.1 Verslag van die Moderamen, pt 3.2.2.5 (vgl Moderamen Bylaag 1 bl 410) asook Agenda Deel II bl 16 pt 1)

**Die Algemene Sinode besluit om aansoek te doen vir lidmaatskap van die AACC en dra dit aan die Moderamen op om die proses af te handel.**

**MOONTLIKE LIGGAAM VIR KERKE VAN DIE BREËR NG KERKFAMILIE** (vgl Agenda Deel I bl 402, A.5.1 Verslag van die Moderamen, pt 3.2.4.6 asook Agenda Deel II bl 16 pt 2)

**Die Algemene Sinode ondersteun die skep van 'n moontlike liggaam vir die kerke van die breër NG Kerk-familie met die uitdruklike verstandhouding dat dit 'n liggaam is wat (a) nie in die plek van die herenigingsproses in Suid-Afrika mag staan nie, en (b) instrument moet wees vir 'n groter herenigingsproses van die familie van NG kerke en ander Suider-Afrikaanse gereformeerde kerke.**

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS VRAAG EN ANTWOORD 80** (vgl Agenda Deel I bl 403, A.5.1 Verslag van die Moderamen, pt 3.3.1.3\*3, Agenda Deel II bl 16 pt 3 asook Aanvullende Verslae bl 27 pt 2.2)

**Die Algemene Sinode dra die studie oor die saak aan die Taakspan Leer en Aktuele Sake op met verslag aan die Moderamen en die volgende Algemene Sinode.**

**GER EN WARC** (vgl Agenda Deel I bl 404, A.5.1 Verslag van die Moderamen, punt 3.3.1.4\*6, (vgl Moderamen Bylaag 2 bl 413) asook Agenda Deel II bladsy 16 pt 4)

**Die Algemene Sinode keur goed dat een nuwe gereformeerde ekumeniese liggaam, die World Reformed Communion, tussen die GER en WARC gevorm word en dat die NG Kerk daarvan lid is.**

**LIDMAATSKAP WÊRELDRAAD VAN KERKE** (vgl Agenda Deel I bladsy 406, A.5.1 Verslag van die Moderamen, punt 3.3.3.2 (vgl ook Moderamen Bylaag 3 en 4 bladsy 416) asook Agenda Deel II bl 16 pt 5)

**Die Algemene Sinode besluit om aansoek te doen vir lidmaatskap van die WRK en dra dit aan die Moderamen op om die proses af te handel.**

**EKUMENIESE BI-LATERALE VERHOUDING MET DIE UPCSA** (vgl Agenda Deel I bl 407, A.5.1 Verslag van die Moderamen punt 3.4.8(\*4) asook Agenda Deel II bl 16 pt 6)  
**Die Algemene Sinode besluit om in terme van Kerkorde Artikel 70 formeel met die UPCSA te begin onderhandel oor 'n bilaterale verhouding.**

**BILATERALE VERHOUDING MET DIE PROTESTANTSE KERKE IN NEDERLAND** (vgl Agenda Deel I bl 407, A.5.1 Verslag van die Moderamen pt 3.5.1.4 asook Agenda Deel II bl 16 pt 7)  
**Die Algemene Sinode besluit om in terme van Kerkorde Artikel 70 formeel met die Protestantse Kerke in Nederland te begin onderhandel oor die herstel van 'n bilaterale verhouding.**

**BILATERALE VERHOUDING MET DIE DRC IN SRI LANKA** (vgl Agenda Deel I bl 408; A.5.1 Verslag van die Moderamen, pt 3.5.3.5 asook Agenda Deel II bl 16 pt 8)  
**Die Algemene Sinode besluit om in terme van Kerkorde Artikel 70 formeel met die Dutch Reformed Church in Sri Lanka te onderhandel oor 'n formele bilaterale verhouding.**

**BILATERALE VERHOUDING MET DIE REFORMED CHURCH IN HUNGARY** (vgl Agenda Deel I bl 408, A.5.1 Verslag van die Moderamen pt 3.5.5.4 asook Agenda Deel II bl 16 pt 9)  
**Die Algemene Sinode besluit om in terme van Kerkorde Artikel 70 formeel met die Reformed Church in Hungary te onderhandel oor 'n formele bilaterale verhouding.**

**VENNOOTSAPPE TUSSEN KERKE** (vgl Agenda Deel I bl 434, A.5.3 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis pt 3.3 asook Agenda Deel II bl 16 pt 10)  
**Die Algemene Sinode**

1. **Herbevestig die sinodale indeling vir vennootskappe vir diens en getuienis binne die NG Kerk-familie in Afrika wat vroeër reeds goedgekeur is.**
2. **Keur dit goed dat 'n konferensie oor vennootskappe tussen kerke in die breë NG Kerk-familie in Afrika in 2008 gehou word.**

Dr Gerber wys die vergadering op die feit dat geskiedenis gemaak is met die histories-belangrike besluite wat die Algemene Sinode ten opsigte van die ekumene geneem het.

#### **GROETEBOODSKAP: DRC IN SRI LANKA**

Dr Kobus Gerber verwelkom Rev Charles Jansz. Hy is 'n voormalige Moderator van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka en tans een van die Uitvoerende Bestuurslede van hulle sinode. Hy is ook president van die Bible Society in the Eastern and Pacific Region, vise-president van The Global Body of Bible Societies, lid van die GER, en ook betrokke by die WARC. Hy dra die groeteboodskap van die Dutch Reformed Church in Sri Lanka aan die Sinode oor. Dr Coenie Burger bedank hom na afloop daarvan en wens hom seënwense toe vir die toekoms. Hy bedank ook vir Ds Japie du Plessis vir wat hy deur die jare gedoen het om die verhouding met die kerk in Sri Lanka te bevorder.

#### **AANKONDIGINGS:**

Dr Kobus Gerber doen enkele aankondigings.

**VERVERSINGS:** Die vergadering verdaag om 15:30 vir verversings.

### **TWEEDE MIDDAGSESSIE**

#### **PERSONEELWYSIGINGS:**

Hoëveld: oudl E Frost het verlof tot afwesigheid vanaf 15:00 tot aan die einde van die aandessie.

## **5. BEDIENING: HOMOSEKSUALITEIT**

Dr Chris van Wyk van die Ontwerpspan verduidelik hoe die gesprek tydens die tweede middagsessie en die aandessie ingeklee gaan word.

Die vergadering hanteer *Agenda Deel 1 bl 128 en 142, A.3.1 Verslag van die Moderamen pt 5 (vgl Moderamen Bylaag 2 bl 140) asook Agenda Deel II bl 22-24.*

Drr Jorrie Potgieter en André Bartlett (mede-voorsitters van Taakspan) doen die inleiding tot die gesprek dialogies met die oog op die konsensus-aanbevelings (5.1-5.4). Hulle lei ook elkeen die afdeling van die



verslag in wat hul verskillende standpunte verteenwoordig.

**AANKONDIGINGS:** Prof Hermie van Zyl word gelukgewens met sy verjaardag.

**AANDETE:** Die sinode verdaag vir aandete. Die tafelgebed word deur ds Dolf de Beer (Sinode Hoëveld) gedoen.

## **AANDESSIE**

### **PERSONEELWYSIGINGS**

Oos-Transvaal: dr AR Fick verskyn nie ter vergadering Woensdagaand en Donderdagoggend nie. Sy plek word deur dr J Potgieter (sek) ingeneem

Oos-Transvaal: oudl LM Du Toit verskyn nie Woensdag ter vergadering nie. Geen sekondus is gereël nie.

## **6. BEDIENING (vervolg): HOMOSEKSUALITEIT**

**VOORSTEL: HOMOSEKSUALITEIT** (M Nel/ WJ Botha) – goedgekeur

1. Die Algemene Sinode spreek groot woord van opregte dank uit teenoor al die lede van die taakspan vir 'n deeglik gefundeerde verslag.
2. Die Algemene Sinode erken dat in die samestelling van die Taakspan daar persone betrek is met baie sterk uiteenlopende standpunte.
3. Die Algemene Sinode neem kennis dat daan wye behoefte bestaan dat daar meer middelgrond tussen die twee standpunte moet kan wees. Op grond van ons waarde van vertroue is die Algemene Sinode oortuig dat hierdie pad verken moet word.
4. Die Algemene Sinode wys 'n kommissie aan en dra dit aan die kommissie op om alle voorstelle wat tans in die vergadering ter tafel is te bestudeer met die oog op die versoening van idees en die bestuur van diversiteit. Die kommissie doen ter vergadering verslag en die prosesspan word versoek om die beskikbare tyd daarvoor te bestuur.
5. Om baie redes is dit moeilik om persone aan te wys. Die vergadering oordeel dat dit die veiligste pad sal wees om die tien Moderators van die sinodes te vra om saam met'n gespreksleier (Nelis van Rensburg) en die voormalige dosent in die Christelike etiek, prof Danie du Toit, die saak te hanteer.

### **AANKONDIGINGS:**

Dr Frederick Marais tref enkele reëlins in verband met die gespreksgroepe vir die aand.

Dr Kobus Gerber tref enkele reëlins met die vergadering.

### **DAGAFSLUITING:**

Die Algemene Sinode doen voorbidding aan die tafels vir die Ad Hoc-Taakspan van Moderators se werksaamhede vir die aand.

# VIERDE SITTINGSDAG: 7 JUNIE 2007

## EERSTE OGGENDSESSIE

### 1. VERKIESING VAN MODERATOR

Dr Kobus Gerber reël dat met die verkiesing van die Moderatuur begin word. Ter wille van tyd vra hy die vergadering vir nominasies vir die verkiesing van moderator voor die aanvang van die oggendwyding.

### 2. OGGENDWYDING

Ds Etienne Schoeman (Hoëveld) neem leiding met die oggendwyding. Hy lees uit Efesiërs 4:1–3. Hy sluit aan by vers 1 en vra die Sinode om na te dink oor die roeping waarmee die Here ons geroep het.

### PERSONEELWYSIGINGS

Oos-Transvaal: dr AR Fick verskyn nie ter vergadering nie. Dr J Potgieter verskyn as sy sekondus.

Wes-Transvaal: dr JJC Schultz en dr JA de Man verskyn nie ter vergadering nie.

### 3. DAGPROGRAM

Die Ontwerpspan tref reëlings met die vergadering oor die verloop van die dag se program.

### 4. NOTULE TWEDE SITTINGSDAG

Die notule word inhoudelik goedgekeur.

### 5. BEDIENING (vervolg): KERKLIKE TRIBUNALE

Dr Nelus Niemandt hanteer die verslag oor Kerklike Tribunale.

**KERKLIKE TRIBUNALE** (vgl Agenda Deel I bl 331, A.3.4.2 Verslag van die Algemene Taakspan Regte pt 1.4.7, Agenda Deel II bl 24 asook Aanvullende Verslae bl 16, A.3.4.1 Aanvullende Verslag van die ATR pt 1)

**Die Algemene Sinode besluit dat die Verslag oor Kerklike Tribunale vir bespreking na die sinodes (met die versoek dat hulle verder raadpleeg in die sinodale gebied) verwys word vir kommentaar aan die ATR, met verslag aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode. Die saak moet ook via die ASM met die NG kerkfamilie en die kerke binne die TKR bespreek word.**

**AMENDEMENT: KERKLIKE TRIBUNALE** (GJ Cloete/ L Ungerer) – goedgekeur

Die Algemene Sinode voeg 'n tweede punt by:

**2. Die Algemene Sinode:**

**2.1 besluit dat, naas die bespreking en besinning deur sinodes, die reglement vir die Kerklike Tribunaal ook proefondervindelik getoets moet word;**

**2.2 gee gevolglik opdrag aan die ATR om twee sinodes te vind wat bereid is om ondersoek te doen wat volgens KO artikels 12 en 59-66 gedoen sou word en wat die bedieningsbevoegdheid van predikante raak, volgens die voorgestelde Reglement vir die Sinodale Tribunaal te doen en om oor-en-weer as appèlligame op te tree;**

**2.3 gee opdrag aan die ATR om die proefondervindelike aksies te monitor met gereelde verslag aan die ASM.**

### 6. VERKIESING VAN MODERATOR (vervolg):

Die nominasielys is soos volg:

Bartlett (dr) AL

Burger (dr) CW (Onttrek)

Du Toit (prof) DA (Onttrek)

Ernst (dr) JH

Gous, (dr) JHG

Hanekom (dr) AR

Janse van Rensburg (prof) J

Kok (dr) GJ (Onttrek)

König (prof) A

Koornhof (dr) JJE (Onttrek)

Mouton (prof) E (Onttrek)

Nel (prof) M

Niemandt (dr) CJP (Onttrek)  
Olivier (dr) AR  
Pienaar (dr) JF (Onttrek)  
Pienaar (ds) SW  
Strauss (prof) PJ  
Van Rensburg (ds) NWJ  
Van Wyk (dr) ACV  
Veldsman (me) C (Onttrek)

**Prof PJ (Piet) Strauss word tot Moderator van die Algemene Sinode verkies.** Dr Coenie Burger bedank prof Piet Strauss vir die samewerking die afgelope 5 jaar en wens hom baie voorspoed toe vir die jare wat voorlê. Dr Burger reël dat hy die verslag oor homoseksualiteit sal afhandel en daarna sal prof Strauss die voorsitterstoel inneem.

## **7. VERKIESING VAN ASSESSOR:**

Dr Coenie Burger vra nominasies vir die verkiesing van assessor.

### **AANKONDIGINGS:**

Dr Kobus Gerber doen enkele aankondigings.

**VERVERSINGS :** Die vergadering verdaag om 10:35 vir verversings.

## **TWEEDE OGGENDSESSIE**

### **PERSONEELWYSIGINGS:**

Hoëveld: Dr C de K du Randt het verskoning tot afwesigheid van 12:30 tot 17:00.

## **8. VERKIESING VAN ASSESSOR (vervolg):**

Die nominasielys is soos volg:

Bartlett (dr) AL  
Burger (dr) CW (onttrek)  
Du Plessis (dr) PJSG  
Du Toit (prof) DA (onttrek)  
Ernst (dr) JH  
Gous (dr) JHG  
Hanekom (dr) AR  
Janse van Rensburg (prof) J  
Janse van Rensburg (ds) C (onttrek)  
König (prof) A  
Koornhof (dr) JJE (onttrek)  
Nel (prof) M  
Niemandt (dr) CJP  
Pienaar (ds) SW  
Schutte (dr) EGJ de G  
Van Rensburg (ds) NWJ  
Van Wyk (dr) ACV

**Dr CJP Niemandt word verkies as assessor van die Algemene Sinode.**

## **9. VERKIESING VAN AKTUARIUS:**

Dr Coenie Burger vra nominasies vir die verkiesing van aktuaris.

## **10. BEDIENING (vervolg): HOMOSEKSUALITEIT**

Die vergadering hanteer die verslag van die kommissie bestaande uit die tien moderators (vgl besluit aandsitting derde sittingsdag).

**ORDEVOORSTEL** (JH Ernst) – goedgekeur.

**Die AS besluit om nie verder oor die saak te debatteer nie, maar om oor te gaan tot stemming ten**

**opsigte van die voorstel van die Taakspan Moderators.**

**VOORSTEL TAAKSPAN MODERATORS: HOMOSEKSUALITEIT** (CJP Niemandt/ PJ Strauss) – goedgekeur (Hierdie aanbevelings vervang alle aanbevelings vanaf 5.1 op bladsy 19 tot 5.13.2 op bladsy 21 van die Agenda Deel II)

**Die Algemene Sinode besluit soos volg:**

1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.
2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.
3. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.
5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuiteit ten sterkste veroordeel word.
6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.
8. Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

Met hierdie besluit verval alle aanbevelings van die Taakspan Homoseksualiteit.

Ds Koosie Delport laat sy naam in die minderheid aanteken teen die besluit van die Sinode.

**MOSIE VAN DANK TEENoor DIE ALGEMENE SINODE SE TAAKSPAN VIR HOMOSEKSUALITEIT** (BJ du Toit/ JD Kirkpatrick) – goedgekeur.

**Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor al die lede van die Taakspan wat gedurende die afgelope meer as twee jaar met groot toewyding, maar ook met persoonlike blootstelling en ontbering, baie tyd en aandag aan hierdie opdrag gewy het. Spesiale woord van waardering word ook uitgespreek teenoor die gay persone wat deel was van die Taakspan vir hulle onmisbare teenwoordigheid en getuigenis in die proses. Ons besef dat hulle hulself in die proses nog meer blootgestel het.**

**GROETEBOODSKAP:**

Rev Geoff van Schie van die Christian Reformed Churches of Australia dra die CRCA se goeie wense aan die Sinode oor. Dr Nelus Niemandt bedank hom vir sy goeie wense en voorbidding.

**VERWELKOMING:**

Dr Coenie Burger verwelkom ds Kobus Potgieter, Moderator van die Algemene Sinode 1982, by die Sinode.

**11. BEDIENING (vervolg): A-Z/ PREDIKANTESAKE**

Dr Nelus Niemandt en prof Malan Nel tree op as inleiers.

**PREDIKANTE A-Z** (vgl Aanvullende Verslae bl 21 A.3.4.1 pt 10)

1. Die Algemene Sinode neem kennis dat in die bespreking van hoofstuk 6 van die Predikante A-Z Agtergrond, die verslag oor Ekklesiologie (Agenda 44-56) in berekening gebring moet word.
2. Die Algemene Sinode neem ook kennis dat in die bespreking van hoofstuk 6, die sake ter sprake omvattende ekklesiologiese en daarom ook diepgrypande kerkordelike implikasies het.
3. Die Algemene Sinode besluit dat hoofstuk 6 van die Predikante A-Z: Beleidsagtergrond saam met die verslag oor Ekklesiologie vir verdere studie na ADGO en die ATR verwys word.
4. Die Algemene Sinode besluit dat die saak ook via die ASM met die NG Kerk-familie en die kerke binne die TKR bespreek word.

**PREDIKANTE A-Z** (vgl Agenda Deel I bl 132, A.3.1 Verslag van die Moderamen pt 4.3 (vgl Moderamen

Bylaag 3 bl 232), Agenda Deel II bl 21 asook Aanvullende Verslae A.3.1 bl 10)

**1. Die Algemene Sinode keur die A-Z Handleiding en Beleid goed met inagneming van die besluit tov hoofstuk 6.**

**2. Die Algemene Sinode keur die aanbevelings tov die inwerkingstelling/ strategie van die A-Z in Afdeling C goed:**

**1. MOONTLIKHEDE EN UITKOMSTE VAN DIE INWERKINGSTELLING VAN DIE BELEID**

**Die volgende word as moontlike medium- en langer-termyn uitkomst en voordele aanvaar:**

**1.1 Die beleid kan roepingsherstel dien.**

**1.2 Dit kan lei tot meer effektiewe bediening.**

**1.3 Dit kan bedieningsvreugde dien en onderhou.**

**1.4 Dit kan teologiese refleksie herstel en bevorder**

**1.5 Dit kan die gehalte van dominees net nog meer verbeter en dien**

**1.6 Dit kan korporatiewe eienaarskap vir die bediening deur die predikante korps bevorder**

**1.7 Dit kan onderlinge ondersteuning bevorder**

**1.8 Dit kan die verdieping en verbreding van teologiese denke in die NG kerk bevorder**

**1.9 Dit kan dinamiese, gemeenskapsgerigte gemeentes vorm en bemagtig**

**1.10 Dit kan gemeentes blootstel aan mense in teologiese opleiding**

**2. STRATEGIE**

**2.1 Die Algemene Sinode erken en bevestig dat die beleid slegs kan slaag wanneer sinodes, ringe en gemeentes eienaarskap vir die inwerkingstelling aanvaar.**

**2.2 Die Algemene Sinode bevestig dat hierdie beleid slegs deur 'n proses van oorlegpleging met alle rolspelers in werking gestel kan en sal word.**

**2.3 Die Algemene Sinode versoek die A-Z Taakgroep om alle belangegroeppe saam te roep (vgl 2.4) ten einde saam na te dink oor die beste wyse van die inwerkingstelling in die NG Kerk met besondere verwysing na die befondsing in gevalle waar plaaslike gemeentes nie self tot sodanige opleiding kan bydra nie.**

**2.4 Die Algemene Sinode versoek sinodes om vir hierdie byeenkoms een persoon aan te wys wat saam met die Algemene Sinode se taakgroepe vir Predikantebelange, Bybelmedia, ADGO, VTO-Forum en die saakgelastigdes van sinodes hierdie besinning te doen.**

**2.5 Die Algemene Sinode suggereer die volgende weg nadat voorafgaande plaasgevind het:**

**2.5.1 Die saamstel van sinodale taakspanne wat leiding kan neem om die beleid na ringe en gemeentes deur te voer.**

**2.5.2 Padberade deur die sinodale leierskap (soos deur sinodes besluit)**

**2.5.3 Ringswerkwinkels wat kan saamval met die padberade**

**2.5.4 Aandag aan die opleiding van en voorligting aan Diensverhoudingskommissies**

**A-Z HANDLEIDING** (vgl Agenda Deel I bl 352, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding pt 5.2)

**Die Algemene Sinode versoek AKTO om so spoedig moontlik al die aanvaarde voorstelle rakende teologiese opleiding van die A-Z Handleiding ten uitvoer te bring by die drie opleidingsentra van die kerk in samewerking met die onderskeie kuratoria en fakulteite.**

**BESKRYWINGSPUNT B.3.4: A-Z HANDLEIDING VIR PREDIKANTE (Noord-Kaap)** (vgl Aanvullende Verslae bl 67)

Noord Kaap se beskrywingspunt word teruggetrek omdat Hoofstuk 6 terugverwys is.

**12. UITTREDENDE MODERATOR: WOORD VAN DANK:**

Dr Coenie Burger oorhandig die voorsitterstoel aan die nuwe Moderator, prof Piet Strauss. Hy bedank die Sinode, die Moderamen, die Moderatuur en die NG Kerk vir die 5 jaar se ondersteuning en samewerking terwyl hy die pos beklee het. Hy lig veral die ondersteuning en rol van dr Kobus Gerber in ons kerk waarderend uit. Hy beklemtoon dat ons kerk se roeping, rol en betrokkenheid rondom en in Afrika onbeskryflik belangrik is. Hy verklaar ook dat ons diepste bondgenoot diegene is wat saam met ons in die geloof staan in Christus Jesus. Hy pleit dat ons sal groei tot eenheid van geloof in ons land.

Prof Piet Strauss bedank dr Coenie Burger vir die werk wat hy die afgelope jare gedoen het.

**VERWELKOMING:**

Dr Kobus Gerber heet dr Prince Dibeela, die Algemene Sekretaris van die United Congregational Church of Southern Africa, en een van sy kollegas, as besoekers welkom by die vergadering.

### **13. NOOD EN GENESING**

Prof Piet Meiring tree op as inleier.

Tafelgesprekke word gevoer oor die vraag na die bydrae wat die NG Kerk in ons land kan maak in die groter- wordende gaping tussen rykdom en armoede, en die gevoel van ekonomiese magteloosheid onder ons mense. Terugvoer van die resultaat sal aan die taakspan gegee word.

**EKONOMIESE GERECHTIGHEID** (vgl Agenda Deel I bladsy 359 en 369, A.4.1 Verslag van die Moderamen pt 8 (vgl Moderamen Bylaag 1 bladsy 360) asook Agenda Deel II bl 26) (As gevolg van die omvang van die aanbevelings is die nommering soos in die verslag behou)

#### **8.1 ACCRA-VERKLARING**

**8.1.1 Die Algemene Sinode erken met instemming die feit dat die Accra-verbintenis uitdrukking gee aan die pyn wat 'n groot aantal mense in die wêreld, wat keuseloos in absolute armoede leef, daaglik ervaar – en betreur die skending van die menswaardigheid van talle magteloses in die proses.**

**8.1.2 Die Algemene Sinode erken dat ekonomiese globalisering in die meeste lande tot op hede nie daarin geslaag het om die lot van die armste mense in die wêreld te verlig nie (Accra punt 7) en dat die aantal armes en werkloos in die meeste lande eerder toegeneem het en die gaping tussen ryk en arm lande steeds groter geword het.**

**8.1.3 Die Algemene Sinode erken dat onbeheerste ekonomiese groei in ontwikkelde lande 'n bedreiging vir die omgewing inhou, met potensieel katastrofale gevolge vir alle lewe op aarde (Accra punt 8).**

**8.1.4 Die Algemene Sinode betreur hiermee ook die terugsgny van welsynsdienste (social services) in baie lande – in 'n poging om meer kompetender te word – wat groot ontberings vir baie mense veroorsaak en gemeenskapsontwikkeling ernstig strem (Accra punt 12).**

**8.1.5 Die Algemene Sinode spreek hom skerp uit teen die groeiende verbruikersmentaliteit onder die wêreldbevolking en die toenemende gierigheid en selfsug – en bely die kerk se aandadigheid daaraan.**

**8.1.6 Die Algemene Sinode wil – ondanks sy steun vir die Accra-verbintenis**

**8.1.6.1 nie deelneem aan die demonisering van mense en instellings net omdat hulle deel uitmaak van die internasionale handelstelsels nie**

**8.1.6.2 nie beweer dat globale kapitalisme die enigste oorsaak van bestaansontberinge in arm lande en die kloof tussen ryk en arm is nie**

**8.1.6.3 nie aanvaar dat verwerping van die neo-liberale ekonomiese ideologie (aan die een kant) en steun vir die hervorming van die stelsel van ekonomiese globalisering en van bestaande organisasies wat die globale ekonomie reguleer (aan die ander kant), teenoor mekaar staan nie;**

**8.1.6.4 nie meedoën aan die ongenueanseerde gebruik van Bybeltekste in die beoordeling van hedendaagse ekonomiese verskynsels nie.**

**8.1.7 Die Algemene Sinode meen dat daar, vanuit die Gereformeerde belydenisse en ons teologiese verstaan van die Koninkryk van God, gepaardgaande met die evangeliese beginsel van die geregtigheid van God wat vra na die bevestiging van die menswaardigheid van alle mense, genoegsame teologiese regverdiging is vir die algemene strekking van die Accra-verbintenis.**

**8.1.8 Die Algemene Sinode besluit daarom om, saam met punte 7.1 tot 7.7 hierbo, die volgende respons aan die WBGK te gee :**

**We accept that the Gospel of Jesus excludes an uncritical and therefore irrational faith in the beliefs of neoliberal economic globalisation as set out in item 9 of the declaration of faith. We reject the accumulation of wealth at the expense of the poor. We care for the earth. We refuse to admire the powerful merely because they have power and we will not revere rich people just because they are rich.**

**In this spirit we align ourselves with this declaration of faith.**

**We undertake to:**

**Act in solidarity with the poor: locally and globally**

**Avoid rampant consumerism and seek ways to live a simple lifestyle**

**Cooperate critically with government and others in development projects**

**Persevere with current – and initiate new – projects directed at fighting poverty**

**Promote the family as an economic growth point**

**Research the issues identified by die declaration of faith and**

**Live, teach and preach economic justice.**

**Always focusing on God as the Lord of all creation.**

## 8.2 OPDRAG TAAKSPAN PROFESIE OOR PROFYT

8.2.1 Die Algemene Sinode dra dit op aan die Taakspan verantwoordelik vir Profesie oor Profyt om:

8.2.1.1 die moontlikhede te ondersoek wat die tegnologie en die mark bied tot 'n eenvoudiger en meer volhoubare lewenstyl.

8.2.1.2 met ander kerke en verwante organisasies saam te werk aangaande die krisis van klimaatverandering en verwante sake.

8.2.1.3 met ander kerke en verwante organisasies saam te werk rondom ekologiese kwessies – en die moontlike rol wat die kerk kan speel om hierdie uitdaging aan te spreek.

8.2.2 Die Algemene Sinode moedig Teologiese Fakulteite aan om sover moontlik ekonomiese geletterdheid vir predikante in hulle curricula in te sluit.

8.2.3 Die Algemene Sinode besluit dat die projek Profesie oor Profyt, binne sy missie en visie, in samewerking met die ander lede van die NG Kerk-familie, voortgesit word.

**ARMOEDEBESTRYDING** (vgl Agenda Deel I bl 376, A.4.2 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis pt 2.4 asook Agenda Deel II bl 27)

**Die Algemene Sinode**

1 Aanvaar die ADD se siening om nie verder afsonderlike strategieë vir die hantering van verskillende maatskaplike probleme te ontwikkel nie en neem daarvan kennis dat die ADD saam met die VGKSA, RCA en NGKA begin het om 'n geïntegreerde strategie vir die kerk se betrokkenheid in die gemeenskap te ontwikkel.

2 Neem kennis dat die ADD saam met die ander kerke in die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis na weë soek om 'n gemeentelike gesprek oor die temas van die ACCRA Verklaring (2004) te inisieer

## 14. NOOD EN GENESING: ANDER VERBANDHOUDENDE SAKE:

**IMPLEMENTERING VAN DIE VIGSSTRATEGIE** (vgl Agenda Deel I bl 378, A.4.2 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis pt 4.5 asook Agenda Deel II bl 27)

**Die Algemene Sinode:**

1 Keur dit goed dat die NG Kerk Vigsforum omvorm word tot 'n forum van die NG Kerk-familie en dat dit voortaan aan die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis rapporteer. Die Algemene Sinode van die NG Kerk ontvang voortaan verslag van die forum deur die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis.

2 Kontinueer die vorige opdragte aan die ADD rakende die implementering van die Goeie Herder Strategie.

3 Herbevestig die sinode se verklaring en standpunt ten opsigte van MIV/VIGS soos goedgekeur deur die Algemene Sinode (2002) en versoek sinodes om dit opnuut weer aan gemeentes deur te gee.

**VERSOENING** (vgl Agenda Deel I bl 379, A.4.2 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis pt 5.3 asook Agenda Deel II bl 27)

**Die Algemene Sinode versoek die ADD om saam met die ander drie kerke in die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis so spoedig moontlik riglyne vir versoening te ontwikkel.**

Die res van die verslag staan oor tot na die Appèlsaak ná middag-ete.

Die Assessor neem die voorsitterstoel in.

### **GROETEBOODSKAP:**

Prof Ferenc Szűcs (professor in Sistematiese Teologie en Rektor Karoly Gáspár Reformed University) dra die goeie wense van die Reformed Church in Hungary aan die sinode oor. Hy beklemtoon die goeie bande wat die Gereformeerde Kerk in Hongarye met die NG Kerk het. Dr Kobus Gerber bedank hom vir die goeie wense en sy teenwoordigheid. Dr Kobus Gerber wys daarop dat hierdie 'n historiese moment is deurdat dit die eerste keer is dat iemand uit Hongarye by 'n Sinode optree en ook weens die bande van samewerking wat hiermee bevestig word.

### **AANKONDIGINGS:**

Dr Kobus Gerber tref reëlins oor die neem van 'n foto van die sinode.

### **REËLINGS VIR MIDDAGETE:**

Ds Willie van der Merwe, PSD vir Diens en Getuienis, tref reëlins vir die middagete. Hy versoek die Sinode om in solidariteit met die noodlydendes by middagete in rye te staan en sop en brood te ontvang vir ete. Hy

lees uit Matteus 25 om die kerk se betrokkenheid by die noodlydendes te beklemtoon. Annelize Wiid sing Bedelkind. Die Sinode antwoord op die nood van minderbevoorregtes met die sing van Lied 526. Die vergadering verdaag om 13:00 vir middagete.

## **EERSTE MIDDAGSESSIE**

### **PERSONEELWYSIGINGS:**

Oranje Vrystaat: F de K Kotzé is afwesig met verlof van 14:00 tot aan die einde van die Sinode.  
Wes-Transvaal: DM Kotze het toestemming tot verlof vir die middag- en aandessies.

### **GROETEBODSKAP:**

Dr Prince Dibeela, Algemene Sekretaris van die United Congregational Church of Southern Africa dra 'n groetebodskap aan die sinode oor.

Dr Gerber bedank dr Dibeela vir die goeie wense en maak aan hom die besluit bekend wat die Sinode gister geneem het om by die All Africa Conference of Churches en die World Council of Churches aansoek te doen om lidmaatskap.

## **15. APPÈL LLB GAUM**

(vgl Aanvullende Verslae bl 65 pt 6, notule Eerste Sittingsdag bl 5, die vertroulike Appèlrekord asook die vertroulike Verslag van die Tydelike Appèlkommissie)

### **SUIWERING VAN DIE VERGADERING.**

Die vergadering word gesuiwer. Alle persone wat op enige wyse geprejudiseer sou wees in hierdie saak verlaat die vergadering, asook alle besoekers en waarnemers.

Op versoek van dr Johann Ernst, voorsitter van die Tydelike Appèlkommissie, word genotuleer dat dr Hannes Koornhof ook die vergadering verlaat het.

Mnr Chris du Plessis, gekoöpteerde regs kundige op die Tydelike Appèlkommissie, word toestemming verleen om die vergadering by te woon en om regsbeginsels te verduidelik indien nodig.

Die vergadering ontvang die vertroulike verslag van die Tydelike Appèlkommissie. Dr Johann Ernst lê die verslag aan die vergadering voor. Die vertroulike hantering van die verslag word beklemtoon. Hy wys daarop dat die verslag voor die vergadering twee dele bevat: indien die aanbevelings in die eerste deel goedgekeur sou word, verval die tweede deel van die verslag. Hy wys die vergadering ook daarop dat die vergadering self die Appèlriggaam vorm en dat die Tydelike Appèlkommissie slegs die Appèlriggaam met advies dien. Die Sinode kan te enige tyd hierdie advies verander.

Dr Ernst lees uit Miga 6 en wys op Miga 6:8 as die gesindheidsbepalende vers vir hierdie vergadering. Hy hanteer daarna die eerste deel van die verslag.

### **ONTVANKLIKHEID VAN DIE APPÈL NA DIE ALGEMENE SINODE.**

(Vgl Verslag van die Tydelike Appèlkommissie)

Dr Ernst hou die gronde vir die ontvanklikheid van die appèl aan die vergadering (appèlriggaam) voor.

**VOORSTEL: ONTVANKLIKHEID VAN DIE APPÈL NA DIE ALGEMENE SINODE** (JvW du Plessis/ JJ Smit) – goedgekeur met 'n tweederde meerderheid

**Die Algemene Sinode-in-sitting in Boksburg besluit om die appellant se reg op appèl na die Algemene Sinode-in-sitting te handhaaf en bevind dat broer LLB Gaum se appèl vir die Algemene Sinode-in-sitting ontvanklik is.**

**OMVANG VAN DIE APPÈL** (vgl Verslag van die Tydelike Appèlkommissie paragrawe 3.1-3.6)

### **Die Sinode neem kennis dat:**

1. Die Algemene Sinode nie die bevoegdheid het om te beslis oor die skuldige bevinding aan 'n tugwaardige sonde as sodanig nie. Die appellant het dienooreenkomstig geen reg om daarop aan te dring nie.
2. Die Algemene Sinode ook nie bevoegdheid het om te beslis oor die vraag of ontslag uit diens van 'n gemeente 'n gepaste tugmaatreël is nie. Appèl hieroor eindig by die Streeksinode. Aangesien die ROL en/of die SAL se besluit egter die bevoegdheid van 'n gelegitimeerde raak, is die volledige saak, te wete die



ondersoek deur die ROL(Ringsondersoekliggaam), die appèl voor die SAL (Sinodale Appèlriggaam), asook die hantering van die saak deur die ATR wat aanleiding gegee het tot die besluit oor ds Gaum se bevoegdheid, relevant.

3. Die volledige gronde van die appèl van die appellant is dus ook relevant en moet deur die Algemene Sinode-in-sitting in ag geneem word voordat hulle tot 'n bevinding geraak kan word.

4. Die Appellant se appèlgronde berus op leergronde, meriete gronde en proseduriële gronde.

5. Verdere sake van belang vir die appèllant sluit in vergoeding en die sinvolle beëindiging van die appèllant se verbintenis met die gemeente St Stephens.

6. Bykomend tot die appèllant se appèlgronde, word geoordeel dat die tydelike appèlkommissie en/of die Algemene Sinode geregtig en verplig is om gronde of aangeleenthede wat nie deur die partye geopper is nie, maar wat in belang vir geregtigheid is (of dit in die appèlrekord voorkom of nie), te opper en te oorweeg.

HANTERING VAN DIE APPÈL (vgl Verslag van die Tydelike Appèlkommissie, Paragraaf 4.2.13 bladsy 5 ev)

**Die Algemene Sinode neem kennis dat:**

1. LEERGRONDE: Die Tydelike Appèlkommissie adviseer nie die Algemene Sinode oor die leergronde van appèl in hierdie saak nie.

2. MERIETE: Dr Ernst verduidelik die merietegronde soos dit in die verslag van die Tydelike Appèlkommissie verwoord word en wat dien as gronde vir die eerste aanbeveling waartoe die Tydelike Appèlkommissie gekom het. Dit word beklemtoon dat dit hier gaan oor 'n regspunt wat ter sake is en niks meer nie.

**VOORSTEL: APPÈL LLB GAUM (JJ Wessels/ JD Kirkpatrick) – goedgekeur**

**1. Die Algemene Sinode handhaaf die appèllant se appèl.**

**2. Die Algemene Sinode dra die koste van die verspreiding van die Appèlrekord.**

Hiermee verval die tweede deel van die verslag sowel as die aanbevelings daarin. Beide dele van die verslag word aan die ATR beskikbaar gestel.

**HANTERING VAN DIE VERTROULIKE STUKKE:**

**Die Algemene Sinode besluit dat alle stukke rondom hierdie appèlsaak weer teen handtekening ingeneem moet word.**

**VERVERSINGS:**

Die vergadering verdaag om 15:30 vir verversings.

**TWEEDE MIDDAGSESSIE**

**PERSONEELWYSIGINGS:**

Met die hervatting van die vergadering – om 16:00 – word diegene wat die vergadering moes verlaat vir die appèlsaak, weer toegelaat.

Namibië: dr ME Grobler het verlof tot afwesigheid tot aan die einde van die sitting.

Namibië: oudl SA van Zyl het verlof tot afwesigheid tot aan die einde van die sitting.

**16. VERKIESING VAN AKTUARIUS**

Die nominasielyst is soos volg:

Cloete, GJ (dr)

Du Plessis, JvW (ds)

Du Plessis, PJSG (dr) onttrek

Du Toit, S (dr)

Ernst, JH (dr)

Fourie, H (ds)

Hugo, FD (ds)

Janse van Rensburg, J (prof)

Janse van Rensburg, MS (ds)

Kirkpatrick, JD (dr) onttrek

Kleynhans, HJ (ds)

Louw, JJ (ds)

Marais, JF (dr) onttrek

Nel, M (prof) onttrek

Olivier, AR (dr)

Rossouw, SG (ds)

Sahd, MP (ds)  
Schutte, EGJ de G (ds)  
Stodart, CF le R (dr) onttrek  
Theron, J (ds)  
Ungerer, L (dr)  
Van der Merwe, FJ (ds)  
Van Rensburg, NWJ (ds)  
Van Wyk, ACV (dr)  
Wandrag, JH (ds)  
Windell, JH (ds)

**Dr JH Ernst word as Aktuaris van die Algemene Sinode verkies.**

## **17. NOMINASIES VIR 'N ADDISIONELE LID OP DIE MODERATUUR.**

Dr Gerber versoek die Sinode om nominasies vir 'n addisionele lid op die Moderatuur.

## **18. NOOD EN GENESING: ANDER VERBANDHOUDENDE SAKE (vervolg):**

'n Kort video oor die werk van die CLF die afgelope 50 jaar word vertoon.

CHRISTELIKE LEKTUURFONDS (CLF) (vgl Agenda Deel I bl 434, A.5.3 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis, pt 5.1.2 (Diens en Getuienis Bylaag 1 bl 435) asook Agenda Deel II bl 27)  
**Die Algemene Sinode dank die Here vir die Christelike Lektuurfonds wat die afgelope vyftig jaar die boodskap van die Bybel veral deur die gedrukte media in verskillende tale aan duisende mense verkondig het.**

ISWEN (vgl Agenda Deel I bl 434, A.5.3 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis, pt 5.2.2 (Diens en Getuienis Bylaag 2 bl 438) asook Agenda Deel II bl 27)

**Die Algemene Sinode ondersteun steeds ISWEN se poging om saam met die NOVA-Instituut te werk aan die ontwikkeling van 'n lewenstyl wat meer ekologies-vriendelik is.**

HUGENOTE KOLLEGE (vgl Agenda Deel I bl 434, A.5.3 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis, pt 5.3.2 (Diens en Getuienis Bylaag 3 bl 440) asook Agenda Deel II bl 27)

**Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag van Hugenote Kollege.**

## **19. BEDIENING (vervolg): A-Z/ PREDIKANTESAKE**

VOORSTEL: SABBATSJAAR VIR PREDIKANTE (F Schoeman/ A Cilliers) – goedgekeur.

**Die Algemene Sinode dra dit aan AKPB /ATR op om die konsep van 'n Sabbatsjaar vir predikante as sinvolle aanwending van langverlof te ondersoek en indien werkbaar na goeddunke te implementeer.**

PREDIKANTEBEDIENING (vgl Agenda Deel I bl 286, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 3.3 (vgl ook ADGO Bylaag 3 bl 306) asook Agenda Deel II bl 23)

**Die Algemene Sinode neem met waardering kennis van die werk wat gedoen is ten einde die Bedieningsvreugdemodel te konkretiseer en te implementeer.**

HUWELIKSBEVESTIGERS (vgl Agenda Deel I bl 287, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 6.2 (vgl ook ADGO Bylaag 6 bl 313) asook Agenda Deel II bl 23)

**1 Die Sinode besluit dat die huweliksdienste nie 'n gewone samekoms van die gemeente (erediens) onder leiding van die ampte is nie. Die persone by 'n huweliksluiting kom nie as gemeente van God met die oog op 'n openbare erediens saam nie.**

**2 Die Sinode besluit dat die leraar as individuele lerende ouderling pastoraal optree by die huweliksbevestiging en dat die toesig van die ander ampte nie noodsaaklik is nie.**

**3 Die Sinode beklemtoon dat die Bybelse eise met betrekking tot die huwelik suiwer moet weerklink met die huweliksvoorbereiding, -bevestiging en begeleiding binne die dampkring van die kerk as gemeenskap van die gelowiges. Gesien teen hierdie agtergrond kan die huwelik van belydende lidmate van 'n gemeente nie maar bloot deur enige persoon wat staatsregtelik daartoe bevoeg is, bevestig word nie. Dit bly die taak van die bevoegde bedienaar van die Woord.**

**4 Die Sinode besluit dat verdere ondersoek gedoen word oor 'n kerklike huweliksinsesing (geestelike ooreenkoms) as genoegsame verbintenis vir gelowiges om saam te woon en of die staat se wetlike ooreenkoms noodsaaklik is (Gesien teen die agtergrond van byvoorbeeld bejaardes wat verplig word om saam te woon omdat mediese en pensioenvoordele in 'n volgende staatsregtelike huwelik verbeur word).**

BEDIENINGSBEVOEGDHEID (vgl Agenda Deel I bl 326, A.3.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Regte pt 1.2.3 asook Agenda Deel II bl 23)

**Die Algemene Sinode besluit op versoek van die ATR om 'n klein taakspan van kundiges aan te wys en om daarvoor te begroot, met die doel om 'n omvattende ondersoek te doen na:**

- 1. Alle sake rakende die toetrede tot die bediening en die behoud van bedieningsbevoegdheid;**
- 2. Die problematiek rondom die predikant "as werknemer van die kerkraad" aan die een kant en sy/haar ampsbevoegdheid kragtens sy legitimasie en bevestiging aan die ander kant;**
- 3. Of daar seker bedieningstake (bv Sakramentsbediening) slegs aan die bevestigde leraar toevertrou kan word en of sodanige take ook deur nie-bevestigde leraars uitgevoer mag word;**
- 4. die moontlikheid van verskillende kategorieë van predikante, beide wat opleiding, legitimasie en verantwoordelikhede betref;**
- 5. Verdere sake deur die Algemene Sinode geïdentifiseer.**
- 6. Hierdie ondersoek moet spoedeisend afgehandel word met verslag en afhandelingsbevoegdheid aan die Moderamen.**

WOORDBEDIENING MET BEHOUD VAN BEDIENINGSBEVOEGDHEID (vgl Agenda Deel I bl 326, A.3.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Regte pt 1.3.3 asook Agenda Deel II bl 23)

**Die Algemene Sinode beskou die A-Z se verslag as uitvoering van die opdrag**

PREDIKANTE IN DIENS VAN KINDERHUISE EN ANDER SODANIGE INSTELLINGS (vgl Agenda Deel I bl 343, A.3.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Regte pt 12.3 asook Agenda Deel II bl 23)

**Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag.**

BESLUIT RING CRADOCK: BEDIENINGSBEVOEGDHEID VAN KERKRAADSLEDE (vgl Agenda Deel I bl 344, A.3.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Regte pt 13.2 asook Agenda Deel II bl 23)

**Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag.**

PREDIKANTE VERBONDE AAN DIE WBG (vgl Agenda Deel I bl 344, A.3.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Regte pt 14.2 asook Agenda Deel II bl 23)

**Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag.**

BEVOEGDHEID VAN PROPONENTE TOV SAKRAMENTE (Vgl Aanvullende Verslae bl 16, A.3.4.1 Algemene Taakspan Regte pt 2)

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR na ontvangs van die verslag van die ADGO na bevind van sake sal handel.**

KONTRAKPOSTE (vgl Agenda Deel I bl 338 pt 2 asook Aanvullende Verslae bl 16-17, A.3.4.1 Algemene Taakspan Regte pt 3)

**Die Algemene Sinode neem kennis van die stuk en versoek die ATR om 'n reglement vir termyn- en taakbepaalde poste voor te berei.**

BEDANKING VAN 'N LERAAR – REGLEMENT 3 PT 6.1.4 (vgl Aanvullende Verslae bl 18, A.3.4.1 Algemene Taakspan Regte pt 4 asook Handeling bl 171, T.7.3 Derde Verslag van die Tydelike Taakspan Regte pt 2)

**Wysig Artikel 11 om te lui:**

**11.1. Predikante kan die kerkdien slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Hulle hou op om predikant te wees indien hulle hul gemeente of werkkring in die kerkverband verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar. Hulle kan egter vooraf van die ATR verlof ontvang om hulle bevoegdheid as proponent te behou.**

**11.2. Sodanige behoud van die bevoegdheid kan alleen verleen word indien die betrekking wat hulle aanvaar, 'n geestelike karakter dra wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word.**

**11.3. Indien daar ander gewigtige redes is, kan sodanige behoud van die bevoegdheid alleen verleen word indien die ATR, op grond van aanbevelings van die kerkraad en die ring, oordeel dat daar genoegsame bona fide redes is om 'n ander betrekking te aanvaar.**

**Besluit by Artikel 11**

**11b1 Dit staan kerkrade vry om predikante vir 'n bepaalde termyn en vir 'n bepaalde taak te beroep in gevalle waar dit nie gaan om 'n permanente pos nie maar om die gemeente se bedieningsbehoefes.**

**11b2 'n Emeritus, ouer as 65 jaar maar jonger as 70 jaar, kan met die goedkeuring van die ring, vir 'n bepaalde termyn en 'n bepaalde taak beroep word.**

**11b3 Die termynbepaalde pos word geskep met approbasie/goedkeuring van die**

*Ring/Ringskommissie wat die meriete daarvan moet oorweeg.*

**11b4 Aan die einde van die termyn behou so 'n persoon die bevoegdheid wat hy/sy gehad het voor hy/sy in die pos bevestig is.**

**BEROEPING VAN EMERITI** (Vgl Aanvullende Verslae bl 19, A.3.4.1 Algemene Taakspan Regte pt 6)  
Afgehandel met die besluite 11b3 en 11b4 by KO Artikel 11.

**TOELATING VAN DOWE TOT DIE AMP** (vgl Aanvullende Verslae bl 19 - 21, A.3.4.1 Algemene Taakspan Regte pt 7)

**Die Algemene Sinode neem kennis dat AKTO aandag aan die saak gegee en na die kuratorium van Stellenbosch verwys het. Die ATR wys die skrywers daarop dat die moontlikheid van legitimasie met beperkings bestaan en dat die ATR elke aansoek op meriete oorweeg.**

**STUDENTEGETALLE** (vgl Agenda Deel I bl 345, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding pt 2.2 asook Agenda Deel II bl 23)

**Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groei in studentegetalle.**

**PROFIEL VAN GELEGITIMEERDE STUDENT** (vgl Agenda Deel I bl 348, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding pt 4.2 asook Agenda Deel II bl 23)

**Die Algemene Sinode keur die profiel as riglyn goed.**

**PROFIEL VAN PAS-GELEGITIMEERDES - NG KERK-FAMILIE** (vgl Agenda Deel I bl 351, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding pt 4.3.4 asook Agenda Deel II bl 24)

**Die Algemene Sinode neem kennis van die profiel van pas gelegitimeerdes in die familie van NG Kerke.**

**A-Z HANDLEIDING** (vgl Agenda Deel I bl 352, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding pt 5.2 asook Agenda Deel II bl 24)

**Die Algemene Sinode versoek AKTO om so spoedig moontlik al die aanvaarde voorstelle rakende teologiese opleiding van die A-Z Handleiding ten uitvoer te bring by die drie opleidingsentra van die kerk in samewerking met die onderskeie kuratoria en fakulteite.**

**EENVORMIGE COLLOQUIUM DOCTUM** (vgl Agenda Deel I bl 352, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding pt 6.2 asook Agenda Deel II bl 24)

**Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die eenvormige Colloquium Doctum.**

**TWEDELOOPBAAN-STUDENTE** (vgl Agenda Deel I bl 352, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding pt 7.3 asook Agenda Deel II bl 24)

**Die Algemene Sinode verander par. 4.2.4 van Reglement 4 om te lui: "Die NG Kerk vereis dat persone wat toegelaat wil word tot die bediening ten minste die laaste drie jaar van die opleiding voltyds aan een van die kerklik-erkende opleidingsentra moet voltooi. In die geval van tweedeloopbaanstudente en ander hoogs uitsonderlike gevalle kan AKTO, op voorlegging van 'n kuratorium, hiervan afstand doen."**

**ALTERNATIEWE BANE** (vgl Agenda Deel I bl 352, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding pt 8.2 asook Agenda Deel II bl 24)

**Die Algemene Sinode versoek AKTO en die ATR om voort te gaan en moontlike alternatiewe bane van opleiding te ondersoek en daarvoor met die Familie van NG Kerke in gesprek te bly.**

**GRAADSTRUKTUUR** (vgl Agenda Deel I bl 354, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding pt 9.3 asook Agenda Deel II bl 24)

**Die Algemene Sinode versoek AKTO om omvattend - saam met die ander lede van die NG Kerk-familie - aan die kurrikulering en die graadstruktuur aandag te gee.**

**STELLENBOSCH 150 JAAR** (vgl Agenda Deel I bl 354, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding pt 11.2 asook Agenda Deel II bl 24)

**Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dankbaar vir die feit dat teologiese opleiding in 1859 in Stellenbosch 'n aanvang geneem het en die positiewe invloed wat dit oor al die jare in die Suid-Afrikaanse samelewing uitgeoefen het. Die Fakulteit word sterkte toegebid vir die toekoms.**

**VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING (VBO)** (vgl Agenda Deel I bl 357, A.3.5 Verslag van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding pt 13.3 asook Agenda Deel II bl 24)

1. Die Algemene Sinode keur goed dat daar voortaan van Voortgesette Bedieningsontwikkeling verwys moet word in plaas van Voortgesette Teologiese Opleiding. Waar nodig moet die toepaslike verwysings in die Kerkorde aangebring word.
2. Die Algemene Sinode bekragtig die dokument “ BEHOUD VAN BEDIENINGSVAARDIGHEID EN – VREUGDE” as uitgangspunt vir die loodsfase van voortgesette Bedieningsontwikkeling.

## 20. KOMMISSIE VIR DIENSGROEPE EN TAAKSPANNE (T.1.1)

1. Die Algemene Sinode verander die samestelling van die aantal Diensgroepe in die lig van die feit dat die huidige Diensgroep Ondersteuningsdienste nie funksioneel kon wees nie.
2. Die Algemene Sinode besluit om by die volgende Diensgroepe/ Taakspanne se samestelling by te voeg "een NG Kerk-dosent van elk van die Teologiese Fakulteite by ADD, ADGO, Taakspan Regte, Taakspan Leer en Aktuele Sake."
3. Die Algemene Sinode besluit om Beskrywingspunt B.6.3 (Vergelyk Agenda Deel I bl 496 en Agenda deel II bladsy 28 Punt 3 Beskrywingspunt 6.2) te aanvaar wat lui:  
*"Die Algemene Sinode besluit om die samestelling van die Algemene Sinode se Taakspan vir Leer- en Aktuele Sake (ATLAS) by die sitting van die Algemene Sinode in 2007 te hersien, en wel op so 'n wyse dat elke Sinodale Kommissies vir Leer en Aktuele Sake (of die "diensgroep" of "taakspan" in 'n betrokke Sinode wat dié sake behartig) direk deur sy eie verteenwoordiger(s) op ATLAS verteenwoordig word."*
4. Die Algemene Sinode besluit om die twee kerkraadslede (nie-gelegitimeerdes) op die Moderamen soos volg te verkies:
  - 4.1 Die Kommissie vir Diensgroepe en Taakspanne vorm 'n voorlopige groslys van kerkraadslede.
  - 4.2 Die vergadering kan per groslysbriefie aanvul indien nodig.
  - 4.3 Die vergadering stem elektronies.
5. Die Algemene Sinode besluit om die Diensgroepe/ Taakspanne soos voorgelê, goed te keur:

### **MODERAMEN**

Word saamgestel volgens die Reglement

### **ALGEMENE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS**

#### Sinodale Verteenwoordigers:

Wes-en Suid-Kaap: EC Orsmond (p) F Meyer (s)  
 Noord-Kaap: JJ Knoetze (p) BJP Booysen (s)  
 Oos-Kaap: A Oliphant (p) CP Crous (s)  
 KwaZulu-Natal: SW Scott (p) LS Schoeman (s)  
 Vrystaat: CM James (p) JP Robb (s)  
 Wes-Transvaal: CJ Smit (p) MJG du Plessis (s)  
 Noordelike: MJP Grobler (p) DG Jordaan (s)  
 Hoëveld: JD Louw (p) HJ Jacobs (s)  
 Oos-Transvaal: D Botha (p) J Fourie (s)  
 Namibië: MC van Rensburg (p) JA Theron (s)

#### Kundiges:

JG Botha (PSD Wes- en Suid-Kaap)  
 CJ Swart (PSD Wes- en Suid-Kaap)  
 RB van Aarde (PSD KwaZulu-Natal)  
 WJ Botha (PSD Vrystaat)  
 GJ van der Watt (PSD Vrystaat)  
 AD Mocke (PSD Wes-Transvaal)  
 JH van Loggerenberg (Noordelike Sinode)  
 A Louw (Oos-Transvaal)  
 C van Schalkwyk\* (Vrystaat)  
 ME Grobler\* (Namibië)  
 JvW du Plessis (Wes-Transvaal) (Bygevoeg op voorstel van die vergadering)  
 PGJ Meiring (Bygevoeg op voorstel van die vergadering)

#### Sinodale personeel:

WC van der Merwe (PSD Algemene Sinode) – sameroeper  
 HJ van Deventer (Bybelmedia)

## **ALGEMENE DIENSGROEP VIR GEMEENTE-ONTWIKKELING**

### Sinodale Verteenwoordigers:

Wes-en Suid-Kaapland: AR Hanekom (p) Q Heine (s)  
Noord-Kaap: L Forsman (p) J Conradie (s)  
Oos-Kaap: BIC Steyn (p) JD Prinsloo (s)  
KwaZulu-Natal: GJ van Jaarsveld (p) GP de Lange (s)  
Vrystaat: A Barlow (p) BF Joubert (s)  
Wes-Transvaal: FJ Smith (p) JA de Man (s)  
Noordelike: WA Pretorius (p) MJ Bosman (s)  
Hoëveld: HH van der Linde (p) C du K du Randt (s)  
Oos-Transvaal: LK Louw (p) DJ Dreyer (s)  
Namibië: JC Woest (p) F van den Berg (s)

### Kundiges:

Jeug: MH Loubser  
Nuwe gemeente-ontwikkeling en -evangelisasie: NJ Mostert  
Predikantebediening: T Swart  
Erediens: FJ Clasen  
Lidmaatbemaagtiging: LK Louw  
Vrouelidmate: M Kemp\* en M Gerber\*  
Teologiese Opleiding: PR du Toit  
Forum for Intercultural Ministries (FIM): M Rathbone  
Bybelmedia: P Fourie

### Sinodale personeel:

Sekretaris vir ADGO: R Hugo\* - sameroeper

## **ALGEMENE DIENSGROEP ADMINISTRASIE**

### **ALGEMENE TAAKSPAN FONDSE**

#### Sinodale Verteenwoordigers:

Wes- en Suid-Kaap: CT Visagie (p) F Cilliers (Saakgelastigde)  
Noord-Kaap: FD Hugo (p) JIF de Villiers (s) JPL Mostert (PSD)  
Oos-Kaap: CH van Heerden (p) JWJ Viljoen (Saakgelastigde)  
KwaZulu-Natal: FJ Klopper (p) DSM Schoeman (s) BJ van Dyk (Saakgelastigde)  
Vrystaat: LM Foot (p) PJ van Jaarsveld (s) H van der Walt (Saakgelastigde)  
Wes-Transvaal: JNJ (Jacie) van Rensburg (p) J v W du Plessis (s) NWJ (Nico) van Rensburg (PSD)  
Noordelike: JH Voges (p) (sameroeper) MN van der Merwe (s) J Kruger (Saakgelastigde)  
Hoëveld: DJ le Roux (p) FAJ Ströh (s) DAR Venter (Saakgelastigde)  
Oos-Transvaal: CL Venter (p) MC de Bruyn (s) HJ van der Schyff (Saakgelastigde)  
Namibië: MJN van der Merwe (p) C Marais (Saakgelastigde)

Ex officio: JJ Gerber (Algemene Sekretaris)

### **ALGEMENE BEDIENINGSFONDS**

HJ van der Schyff, LK Louw, GJ Cloete, C du K du Randt

### **STRUWIG-BOSVELDTRUST**

HJ van der Schyff

## **ALGEMENE DIENSGROEP BELYDENIS EN ORDE**

### **ALGEMENE TAAKSPAN REGTE**

#### Sinodale Verteenwoordigers:

Wes-en Suid-Kaap: JP Theron (p) K Delpont (s)  
Noord-Kaap: AC Swanepoel (p) TC du Toit (s)  
Oos-Kaap: S du Toit (p) AC van der Westhuizen (s)  
KwaZulu-Natal: FJ van der Merwe (p) H Theunissen (s)  
Vrystaat: HJ Kleynhans (p) MGW de Kock (s)  
Wes-Transvaal: JJ Louw (p) HJG Fourie (s)  
Noordelike: L Ungerer (p) CJ van Vuuren (s)  
Hoëveld: JH Windell (p) CR du Plessis (s)

Oos-Transvaal: JH Wandrag (p) MF Prinsloo (s)  
Namibië: HS Grobler (p) HZM Oosthuizen (s)

Ex Officio: die Aktuaris - sameroeper

#### ALGEMENE TAAKSPAN DIENSVERHOUDINGE (ATDV)

Verteenwoordiger van elk van

ATR

ATPB

ATF

Twee kundiges:

L Backer (p) JH Joubert (s)

GJ Cloete

#### ALGEMENE TAAKSPAN LEER- EN AKTUELE SAKE

Sinodale Verteenwoordigers:

Wes-en Suid-Kaap: BJ du Toit (p) MU Strauss (s)

Noord-Kaap: (wys aan soos nodig)

Oos-Kaap: DA du Toit (p) (sameroeper) JP Cloete (s)

KwaZulu-Natal: RF Erasmus (p) H Theunissen (s)

Vrystaat: CM Mitchell (p) J van Rensburg (s)

Wes-Transvaal: JA Kritzinger (p) AP Cilliers (s)

Noordelike: JD Kirkpatrick (p) SI Cronjé (s)

Hoëveld: DJ Malan (p) J Kok (s)

Oos-Transvaal: J Potgieter

Namibië: WJ Oosthuizen (p) JJ de W Strauss (s)

#### **ALGEMENE DIENSGROEP KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE**

##### TAAKSPAN KERKLIKE MEDIA

6 lede:

A Basson (Namibië)

GJ Cloete (Noordelike)

AJ Scherrer (Vrystaat) - sameroeper

AM Pienaar (Noordelike)

S Spies

A Wiid\*

1 verteenwoordiger van die volgende Diensgroepe:

ADD

ADGO

Algemene Sekretaris: JJ Gerber

Uitvoerende Direkteur: P Fourie

##### DIREKTORAAT KOMMUNIKASIE

Word hanteer deur die Moderamen en personeel van die Algemene Sinode/ Bybelmedia

##### ARGIEF- EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE (ABID)

Sinodale Verteenwoordigers:

Wes-en Suid-Kaap: AR Olivier

Noord-Kaap: TE Smit

Oos-Kaap: WA van Zyl

KwaZulu-Natal: JJ van Zyl

Vrystaat: AS Erasmus

Wes-Transvaal: MJ de Beer

Noordelike: JC Carstens

Hoëveld: JB Visser

Oos-Transvaal: GF du Toit

Namibië: C Marais

Direkteur ABID: CJJ Froneman - sameroeper

Algemene Sekretaris: JJ Gerber

Dosent Kerkgeskiedenis: RM Britz

## **ALGEMENE TAAKSPAN BYBELVERTALING EN -VERKLARING**

**Deur NG Kerk Dosenterade aanbeveel:**

**Ou Testamentici:** prof HL Bosman (US), prof DJ Human (UP), prof SD Snyman (UV)

**Nuwe Testamentici:** prof HJB Combrink (US), prof JG van der Watt (UP), prof HC van Zyl (UV)

**Deur VGKSA aanbeveel:** prof PJJS Els (OT), prof GD Cloete (NT)

**Deur Bybelgenootskap van Suid-Afrika aanbeveel:** ds GS Kritzinger en ds HJ Geyer

**Vakkundiges deur ATBV aanbeveel:** prof JA Naudé (Hebreeus/Vertaalkunde), prof CHJ van der Merwe (Hebreeus/Vertaalkunde), prof JA du Rand (NT), prof DF Tolmie (NT).

## **TAAKSPAN PARLEMENTÊRE SKAKELING**

BJ du Toit, JHG Gous, JF Pienaar, PJSG du Plessis, EGJ de G Schutte, JM Aucamp

## **CHRISTELIKE LEKTUURFONDS**

Word deur die ADD aangewys.

**VOORSTEL: SAMESTELLING VAN DIENSGROEPE** (WH van Zyl/ A Barlow) – goedgekeur

**1. Die Algemene Sinode besluit om in die samestelling van sy verskillende diensgroepe jonger lidmate in te sluit.**

**2. Die Algemene Sinode versoek die sinodes om in die samestelling van sy:**

**2.1. Afvaardiging na die Algemene Sinode jonger lidmate (leraars en kerkraadslede) in te sluit**

**2.2. Verskillende diensgroepe jonger lidmate in te sluit**

## **21. VERKIESING VAN ADDISIONELE LID OP DIE MODERATUUR (vervolg)**

Die volgende nominasies is ontvang:

Bartlett, AL dr

Bezuidenhout, J me\*

Britz, M ds \*

Büchner, EP ds\*

Burger, CW dr

du Plessis, JvW ds

du Plessis, PJSG dr

du Toit, DA prof

du Toit, S dr

Fick, AR dr

Gous, JHG dr

Hanekom, AR dr

Hugo, FD ds

Hugo, R me\*

Jackson, L me\*

Jacobs, HJ ds

Joubert, BF dr

Klut, HS ds\*

Koen, E me\*

König, A prof

Meyer, E ds\*

Mouton, E prof\*

Nel, M prof

Olivier, AR dr

Pienaar, JF dr

Pienaar, SW ds

Rossouw, NL ds\*

Schoeman, L ds\*

Schutte, EGJ de G ds

Scott, E me\*

Strauss, MU dr

Van der Merwe, M me\*

Van Rensburg, J prof

Van Rensburg, NWJ ds

Van Schalkwyk, J dr

Veldsman, C me\*

Windell, JH ds



## 22. BEDIENING (vervolg): JEUG/ LIDMAATBEMAGTIGING

Dr Braam Hanekom stel die sake wat hanteer moet word aan die orde.

**JEUGBEDIENING (JONK)** (vgl Agenda Deel I bl 284, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 1.4 (vgl ook ADGO Bylaag 1 bl 290) asook Agenda Deel II bl 17)

**1 Die Algemene Sinode neem met waardering kennis van die reglement van “JONK” en keur goed dat die werksaamhede soos beskryf, voortgaan as deel van ADGO se opdrag.**

**2 Die Algemene Sinode gee aan ATR opdrag om die nodige Kerkordelike wysigings aan te bring ten einde hierdie voorstelle met die Kerkorde te belyn.**

**3 Die Algemene Sinode keur goed dat “JONK” die Ned Geref Kerk amptelik mag verteenwoordig by jeugforums en -gespreksgroepe waarheen JONK genooi word. Dit word gedoen met kennisgewing aan die dagbestuur van ADGO en die kantoor van die Algemene Sinode.**

**JEUGWERKERS** (vgl Agenda Deel I bl 284, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 1.5.2.1 (vgl ook ADGO Bylaag 1 bl 290) asook Agenda Deel II bl 17)

**1. Die Algemene Sinode versoek sinodes om kerkrade aan te moedig om in die aanstelling van Jeugbedienaars altyd die volhoubaarheid van die Jeugbediening in gedagte te hou en daarom nie Jeugbedienaars op eenjaar- kontrakte aan te stel nie, maar hulle sal beywer vir langtermynkontrakte.**

**2. Die Algemene Sinode versoek sinodes om kerkrade aan te moedig om in die aanstelling van Jeugwerkers die amptelike opleidingskursus, nl. die driejarige B. Diak graad in Jeugwerk as eerste opsie te oorweeg.**

Dr Braam Hanekom verduidelik dat pte 3 en 4 van die aanbeveling saam hoort. ADGO vra nie goedkeuring vir punt 3 nie maar wel vir punt 4. Dit sou beteken dat die goedkeuring van pt 4 ook die hantering van die saak in pt 3 sal insluit.

**3. Die Algemene Sinode besluit dat die Jeugwerker met 'n B. Diak graad wat geregistreer is by die KJWV, ouderlingstatus op kerkrade geniet wat impliseer dat die Jeugwerker afvaardiging na meerdere vergaderings sal geniet – nie goedgekeur nie.**

**4. Die Algemene Sinode gee aan JONK opdrag om saam met die ter sake kommissie (oa AKTO, ATR, ATDV ensovoorts) die saak in diepte te ondersoek en die Algemene Sinode met 'n voorstel aangaande die opleiding en amptelike status van Jeugwerkers te bedien.**

**KATEGESE** (vgl Agenda Deel I bl 285, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 1.5.4.2 (vgl ook ADGO Bylaag 1 bl 290) asook Agenda Deel II bl 17)

**Die Algemene Sinode versoek sinodes om gemeentes ten sterkste aan te moedig om 'n gebalanseerde kategesesistiem in elke gemeente tot stand te bring.**

Dr Henk Gous deel ADGO se visie vir die kategese met die sinode. Hy spreek ook dank uit namens ADGO en die Sinode teenoor dr Louis Dressel wat vir 25 jaar sy bediening aan die jeug gewy het.

**STRUWIG TRUST** (vgl Agenda Deel I bl 285, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling punt 1.5.5.2 (vgl ook ADGO Bylaag 1 bl 290) asook Agenda Deel II bl 17)

Die Algemene Sinode neem kennis van en moedig gemeentes aan om die Struwigplaas sover moontlik optimaal vir jeuggroepe te benut – nie goedgekeur aangesien dit nie op die tafel van die Algemene Sinode hoort nie.

**LIDMAATBEMAGTIGING** (vgl Agenda Deel I bl 286, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 2.2 (vgl ook ADGO Bylaag 2 bl 295) asook Agenda Deel II bl 18)

**1. Die Algemene Sinode bevestig opnuut die dringende noodsaak dat elke gemeente sy lidmate voortdurend sal toerus en mobiliseer vir hulle dienswerk buite en binne die gemeente – nie goedgekeur aangesien dit nie op die tafel van die Algemene Sinode hoort nie.**

**2. Die Algemene Sinode keur goed dat taakspan van ADGO met ATR in gesprek tree oor alle Kerkordelike bepalinge wat op een of ander wyse lidmate van die NG Kerk mag ontmagtig vir die dienswerk waartoe God hulle geroep het.**

Me Rinel Hugo gee kortliks toeligting oor lidmaatbemagtiging in. Sy stel 'n beoogde DVD-reeks deur Bybelmedia oor lidmaatbemagtiging bekend.

### AANKONDIGINGS:

Dr Gerber doen enkele aankondigings.

**AANDETE:** Die vergadering verdaag om 18:00 vir ete. Dr Johan Ernst doen die tafelgebed.

## **AANDESSIE**

### **PERSONEELWYSIGINGS:**

KwaZulu-Natal: ds FJ Klopper het verlof tot afwesigheid tot aan die einde van die Sinode.

### **23. VERKIESING VAN ADDISIONELE LID OP DIE MODERATUUR (vervolg):**

**Me Rinell Hugo is verkies as Addisionele lid op die Moderatuur.**

### **24. BEDIENING (vervolg): JEUG/ LIDMAATBEMAGTING**

**KONSOLIDERING VAN BESLUITE INSAKE DOOP, KATEGESE EN NAGMAAL** (vgl Agenda Deel I bl 287, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 5.2 (vgl ook ADGO Bylaag 5 bl 312) asook Agenda Deel II bl 18)

Geinkorporeer in en afgehandel met die besluit oor die doop op die tweede sittingsdag.

**KLEIN GEMEENTES** (vgl Agenda Deel I bl 287, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 7.2 (vgl ook ADGO Bylaag 7 bl 316) asook Agenda Deel II bl 18)

**Die Algemene Sinode beveel aan dat die saak van klein gemeentes verwys word na die ADGO en GDN om die nodige navorsing te doen en met behulp van sinodale gebiede waar baie klein gemeentes voorkom, te werk aan prosesse en bedieningsvoorstelle wat klein gemeentes op 'n konkrete wyse kan help. Die NG Kerk-familie moet so ver moontlik ook hierby betrek word.**

**KERKLIKE TUG** (vgl Agenda Deel I bl 288, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 8.2 (vgl ook ADGO Bylaag 8 bl 318) asook Agenda Deel II bl 18)

**Die Algemene Sinode keur goed dat die opdrag herhaal word, nl dat ADGO en ATR ondersoek doen na die toepassing van die amptelike tug in die kerk op 'n eietydse wyse, en terug rapporteer aan die volgende sinodesitting.**

**INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE** (vgl Agenda Deel I bl 288, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 9.2 (vgl ook ADGO Bylaag 9 bl 318) asook Agenda Deel II bl 18)

**1 Die Algemene Sinode neem kennis van die werkdokument.**

**2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om aan ADGO en ATR te rapporteer oor welke reëlings tans in die onderskeie sinodes geld rakende die inskakeling van lidmate oor gemeentegrense**

**3 Die Algemene Sinode versoek ADGO/ATR om 'n eenvormige beleid rakende die saak te formuleer wat voor die volgende sinode kan dien.**

**AANTREKLIKE BEDIENINGSTYLE VAN ANDER KERKE** (vgl Agenda Deel I bl 288, A.3.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 10.2 (vgl ook ADGO Bylaag 10 bl 320) asook Agenda Deel II bl 18)

**1 Die Algemene Sinode neem kennis van die dokument.**

**2 Die Algemene Sinode onderskryf die feit dat die hantering van komplekse verskynsels nie lê in die daarstel van bloudrukke en rigiede modelle nie, maar juis in die herontdekking van ons teologiese identiteit, asook volwasse en Geesvervulde leierskap wat met wysheid geseën is.**

**3 Die Algemene Sinode versoek sinodes om gemeentes te vra om daarteen te waak dat 'n verbruikersmentaliteit nie aanbiddingsstyle sal bepaal nie.**

Die volgende saak het in Agenda Deel II: Roeping en Identiteit – Erediens/ Handboek vir die Erediens uitgeval:

### **RITUEEL EN SIMBOOL**

(vgl Agenda Deel I bl 63, A.1.2 Verslag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling pt 2.3 (vgl ook ADGO Bylaag 3B bl 64))

**Die Sinode keur die studiestuk "Ritueel en Simbool" as riglyn goed vir gebruik deur gemeentes.**

### **25. BEDIENING (vervolg): ANDER**

**SONDAG VIR BARMHARTIGHEID** (vgl Agenda Deel I bl 324, A.3.3 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis pt 2.2 asook Agenda Deel II bl 18)

**Die Algemene Sinode versoek sinodes om gemeentes aan te moedig om betrokke te raak by die**

## Sondag vir Barmhartigheidsprojek.

**WÊRELDBEKER-SOKKERTOERNOOI 2010** (vgl Agenda Deel I bl 324, A.3.3 Verslag van die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis pt 3.2 asook Agenda Deel II bl 18)

**Die Algemene Sinode dra dit aan die ADD op om gereeld tersaaklike inligting in die verband aan sinodes te stuur en aan sinodes leiding te gee oor hoe gemeentes by die projek betrokke kan raak.**

**KATEGETE-AMP** (vgl Agenda Deel I bl 343, A.3.4.1 Verslag van die Algemene Taakgroep Regte pt 10.3 asook Agenda Deel II bl 18)

**Die Algemene Sinode neem kennis.**

**JEUGWERKERS AS HUWELIKSBEVESTIGERS** (vgl Agenda Deel I bl 343, A.3.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Regte pt 11 asook Agenda Deel II bl 18) – nie goedgekeur nie

**BESKRYWINGSPUNT B.3.1 BEVOEGDHEID VAN GEESTELIKE WERKERS (Namibië)** – goedgekeur (vgl Agenda Deel I B.3 Beskrywingspunte bl 495, Agenda Deel II bl 19 asook Handeling bl 168, T.7.2 Tweede Verslag van die Tydelike Taakspan Regte pt 2.2)

**Die Algemene Sinode wys die Namibiese Sinode daarop dat beperkte bevoegdheid deur die ATR verleen kan word op grond van 'n motivering daarvan deur die betrokke Sinode by die ATR.**

**BESKRYWINGSPUNT B.3.2 ARTIKEL 63 (Wes- en Suid-Kaap)** – goedgekeur

(vgl Agenda Deel I B.3 Beskrywingspunte bladsy 495, Agenda Deel II bl 19, Aanvullende Verslae A.3.4.1 bl 21 pt 8 asook Handeling bl 164, T.7.1 Eerste Verslag van die Tydelike Taakspan Regte pt 5.1)

**Die Algemene Sinode besluit om die volgende punt by Kerkorde Artikel 63 te voeg:**

**63.3.1.7 Indien 'n ampsdraer voor of tydens 'n ondersoek na aanleiding van 'n tugklag of gerug teen hom/haar bedank, die bevoegde kerkvergadering voortgaan om die ondersoek te hanteer en die nodige besluit(e) te neem."**

## 26. NOMINASIES VIR TWEE KERKRAADSLEDE OP DIE MODERAMEN

Die volgende nominasies is ontvang:

Albertyn, DS (Noord-Kaap)

Aucamp, JM (Vrystaat) onttrek

Bezuidenhout, J \* (Oos-Transvaal)

Botha, DWS (KwaZulu-Natal)

Engelbrecht, RJ (Noordelike)

Funk, JS (Noord-Kaap)

Kotze, DM (Wes-Transvaal)

Le Roux, AS (Wes-Transvaal)

Mouton, E\* (Wes- en Suid-Kaap)

Nel, Z \* (Hoëveld)

Oliphant, M \* (Oos-Kaap)

Pyper, PA (Noord-Kaap)

Scholtz, CE \* (Wes-en-Suid-Kaap)

Van Brakel, JP (Wes-Transvaal)

Van Rensburg, ME Jansen\* (Wes-Transvaal)

Veldsman C \* (Oos-Kaap)

## 27. BESTUUR EN ADMINISTRASIE

**FUNKSIONERING VAN DIE MODERAMEN** (vgl Agenda Deel I bl 445, A.6.1 Verslag van die Moderamen pt 1.4.2 asook Agenda Deel II bl 27)

Word ondervang met die goedkeuring van die Reglement van die Moderamen

**REGLEMENT: MODERAMEN** (vgl Aanvullende Verslae A.6.4.1 pt 3 bl 63-64)

**Die Algemene Sinode besluit om die Reglement: Moderamen van die Algemene Sinode (ASM) soos gewysig goed te keur:**

### REGLEMENT: MODERAMEN VAN DIE ALGEMENE SINODE (ASM)

#### 1. NAAM

Moderamen van die Algemene Sinode (ASM)

#### 2. SAMESTELLING EN VAKATURES

2.1 Die Moderamen van die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:

- 2.1.1 die moderator, assessor, aktuaris, addisionele lid en Algemene Sekretaris (die Moderatuur) van die Algemene Sinode word ook die voorsitter, ondervoorsitter, aktuaris, addisionele lid en Algemene Sekretaris van die Moderamen van die Algemene Sinode;
- 2.1.2 een verteenwoordiger (met sekundus) van elke sinode;
- 2.1.3 twee ouderlinge/diakens (met sekundi) wat nie oor die bevoegdheid van proponent/predikant beskik nie;
- 2.1.4 een verteenwoordiger (met sekundus) van elk van die volgende diensgroepe: Diens en Getuienis, Gemeente-ontwikkeling, (ATR sal redaksionele invoeging van nuwe Diensgroepe doen)
- 2.1.5 die voorsitter van die Algemene Kommissie vir Vrouelidmate (met sekundus).
- 2.2 Aanvul van vakatures:
- 2.2.1 'n Vakature ontstaan in die Moderamen deur die bedanking, emeritaat, verlies van bevoegdheid, opsegging van kerkverband, afsetting of dood van 'n lid. 'n Vakature ontstaan ook wanneer 'n lid bedoel in Bepaling 2.1.2 uit sy/haar sinodale gebied vertrek of nie weer tot die moderatuur verkies word nie. Wanneer 'n lid van die Moderatuur wat ingevolge Artikel 39 verkies is, na 'n ander sinodale gebied verskuif, bly hy/sy lid van die Moderamen.
- 2.2.2 Indien 'n vakature ontstaan ten opsigte van 'n lid van die Moderatuur wat ingevolge Artikel 39 verkies is, benoem die Moderamen uit die geleedere van alle afgevaardigdes na die vorige Algemene Sinode 'n persoon om die vakature aan te vul.
- 2.2.3 'n Vakature vanweë die afwesigheid van 'n ouderling/diaken wat ingevolge Bepaling 2.1.3 verkies is, word deur die Moderamen uit die sekundi aangevul. Indien een van die ouderlinge/diakens tot 'n moderatuur van 'n sinode verkies word, ontstaan nie 'n vakature nie.
- 3. OPDRAG**  
Die Moderamen se opdrag is:
- 3.1 deurlopende visionering en roepingsontwikkeling vanuit die besluite van die Algemene Sinode.
- 3.2 tree leidinggewend op tov die werksaamhede van die Algemene Sinode tussen vergaderings. Dit geskied in oorleg met Diensgroepe en na die eis van omstandighede.
- 3.3 koördineer en integreer die werksaamhede van die Algemene Sinode.
- 3.4 gee uitvoering aan die uitsonderlike besluite van die Algemene Sinode wat nie verwys is as opdragte van die ander diensgroepe/ taakspanne van die Algemene Sinode nie.
- 3.5 hanteer voorlopig, met verantwoording aan die Algemene Sinode, sake van spoedeisende aard.
- 3.6 roep, indien nodig, 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode byeën.
- 3.7 dien as die Algemene Sinode se Taakspan vir Ekumeniese Betrekkinge.
- 3.8 hanteer die NG Kerk se openbare getuienis en skakeling met die owerheid.
- 4 VERGADERINGS:**  
Die Moderamen hou vergadering aan die hand van die volgende riglyne:
- 4.1 die orde vir kerklike vergaderings.
- 4.2 die vergadering skep, wanneer nodig, ruimte vir in-diepte gesprekke tov die NG Kerk se visie en roeping.
- 4.3 die Moderamen hanteer nie sake wat op 'n ander terrein afgehandel kan word nie.
- 4.4 die Moderamen hanteer slegs die bestuursake wat nie elders hanteer en/ of afgehandel kan word nie.
- 5. DIE MODERATUUR**
- 5.1 is die dagbestuur van die Moderamen en bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter, aktuaris, addisionele lid en Algemene Sekretaris;
- 5.2 hanteer sake deur die Moderamen opgedra;
- 5.3 hanteer spoedeisende sake met rapport aan die Moderamen. Wanneer moontlike omstrede sake opduik, reël die Moderatuur dat die Moderamen dit hanteer;
- 5.4 is verantwoordelik vir die funksionering van die kantoor van die Algemene Sinode.
- 6. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**
- 6.1 Die Moderamen konstitueer tydens die vergadering van die Algemene Sinode en vergader normaalweg vier maal per jaar;
- 6.2 Die Dagbestuur vergader na behoefte;
- 6.3 Die Moderamen benoem taakspanne na behoefte vir behartiging van sy werksaamhede.

**NAAM VAN DIE MODERAMEN** (vgl Agenda Deel I bl 446, A.6.1 Verslag van die Moderamen pt 1.5.3 asook Agenda Deel II bl 28 pt 2)

Die Algemene Sinode keur die naamsverandering van die Algemene Diensgroep Leiers na Moderamen goed.

#### **BESKRYWINGSPUNT B.6.2 SAMESTELLING ATLAS**

Reeds afgehandel by verslag T.1.1. Kommissie vir Diensgroepe en Taakspanne.

**VRYWARING VAN AANSPREEKLIKHEID** (vgl Agenda Deel I bladsy 460, A.6.4.1 Verslag van die

Algemene Taakspan Regte, pt 4 asook Agenda Deel II bl 28 pt 4))

**Die Algemene Sinode besluit om die ATR te versoek om verdere aanbevelings te doen met betrekking tot:**

**1 Duidelike omskrywing van wat verstaan word met die inhoud van KO Artikel 20.1 en 20.2 in terme van die gesag wat aan elke vergadering verleen word.**

**2 Duidelike formulering van die gesag wat van meerdere vergadering aan 'n mindere vergadering gedelegeer word.**

**VOORSTEL: KOSTES VAN APPÈLLIGGAME** (AJ Scherrer/ JH Voges) – goedgekeur

(vgl Agenda Deel I bladsy 460, A.6.4.1 Verslag van die Algemene Taakspan Regte, pt 4 asook Agenda Deel II bl 28 pt 4))

**Voeg 'n derde punt by besluit oor vrywaring van aanspreeklikheid:**

**3. Die aanspreeklikheid vir kostes van appèlliggame word deur die ondersoekliggaam wat prosedurefoute begaan, gedra.**

## **28. VERKIESING VAN TWEE KERKRAADSLEDE OP DIE MODERAMEN (vervolg)**

Dr Kobus Gerber verduidelik dat daar vir slegs 2 van die genomineerdes gestem kan word en elke stem moet op 'n afsonderlike stembrief gedoen word. Die vergadering kry die geleentheid om te stem.

### **AANKONDIGINGS:**

Dr Kobus Gerber doen enkele afkondigings. Hy reël die volgende:

1. hoe die inname van die vertroulike Appèlrekords moet geskied.
  2. hoe die inhandiging van die elektroniese stemmasjiene by ds Elise Klut sal gebeur.
  3. reëlins vir die konstituering van die Diensgroepe en Taakspanne.
  4. Bagasiereëlins.
  5. Uitboekreëlins en inhandiging van die magnetiese kamertoegangskaarte.
  6. Namibië vertrek reeds teen 09h15; Sinode Wes-Kaap om 12h30; Sinode Oos-Kaap om 14h45.
  7. Elke sinodeganger moet die ekstra persoonlike onkoste aangegaan tydens die verblydtyd, self vereffen.
- Dr Frederick Marais tref die reëlins rondom die parallelle sessies wat gaan plaasvind vanaf 21h00.

### **DANK AAN MODERATUUR:**

Prof Piet Strauss bedank die vorige Moderatuurslede van harte vir die goeie werk wat gedoen is gedurende die vorige termyn.

### **AANDWYDING:**

Die Ekhuruleni-Jeugkoor onder leiding van Ralph Schmidt tree tydens die aandwyding op. Ds Corneil du Plessis lei daarna die aandwyding. Hy nooi die vergadering daarna uit om indien hulle so voel, 'n finansiële bydrae tot die koor te maak. 'n CD met van hulle musiek sal binnekort uitgereik word.

Die vergadering verdaag om 21:00.

# VYFDE SITTINGSDAG: 8 JUNIE 2007

## EERSTE OGGENDSESSIE

### 1. OGGENDWYDING:

Ds CA du Plessis (Hoëveld) open met gebed. Hy lees uit Psalm 46. Daarna lei hy die sinode tot stille nadenke en verwagting met die oog op die dag. Prof Piet Strauss bedank hom en sy span wat die hele week die vergadering op so 'n voortrefflike wyse met die dagwyding voorgegaan het.

### PERSONEELWYSIGINGS:

KwaZulu-Natal: M Swart – verlof tot afwesigheid tot aan die einde van die sitting.

Namibië: CJ Engelbrecht, CJ Hay, HM Koekemoer, CL Mouton, JJ Pienaar, JA Ras, SW Pienaar, JF

Serfontein, JJ de W Strauss, J Woest, JA Ngambue – verlof tot afwesigheid tot aan die einde van die sitting.

### 2. HOMOSEKSUALITEIT: INTERPRETASIE VAN DIE BESLUIT

(Vgl notule van die Vierde Sittingsdag, bl 27, pt 10)

#### VERDUIDELIKING

Na aanleiding van navrae en verskillende interpretasies die afgelope 24 uur, en met instemming van die Moderamen, gee prof Piet Strauss die volgende verduideliking van die besluit oor homoseksualiteit:

Prof Strauss verduidelik dat as daar in pt 8 van die betrokke besluit gepraat word van die diskresie van kerkrade, dan word daarmee nie gesê dat kerkrade die hele vraag of vraagstuk van voor af in behandeling neem en op hulle eie hanteer, heeltemal los van die Algemene Sinode se besluite nie. Pte 1-7 van die betrokke besluit bind die hele kerkverband want dit is die uitspraak van die Algemene Sinode.

Kerkrade moet weet dat wat die Algemene Sinode aanbetref, is die huwelik net vir 'n man en 'n vrou. Homoseksuele verbintenisse buite die huwelik om of homoseksuele huwelike buite die huwelik om kan nie in die plek van die huwelik kom staan nie. Die Algemene Sinode eer die huwelik en dit staan baie vas. Daar is ook besluit dat promiskuïteit, losbandigheid, in beide homoseksuele en heteroseksuele verbintenisse, vir hierdie Sinode totaal onaanvaarbaar is.

As 'n Kerkraad sy diskresie uitoefen, dan is dit in die lig van punte 1 tot 7 van die betrokke besluit. Dit hang daarmee saam. Dit was baie duidelik gesê en dit word hier weer onderstreep.

Dit gaan hier om kerkrade wat in 'n gees van Christelike liefde die verskille in die gemeente hanteer. Met ander woorde: binne hierdie raamwerk moet kerkrade optree in 'n gees van Christelike liefde. Daarmee word eintlik gesê dat die NG Kerk haarself in 'n fase bevind waarin die kerk hierdie verskille met liefde wil hanteer. Dit is 'n baie gesonde Bybelse uitgangspunt. Kerkrade word dus hierdeur versoek om die plaaslike verskille in liefde te hanteer. Hierdie verskille moet egter binne die bepaalde raamwerk, soos geformuleer in pte 1 – 7 van die besluit, hanteer word.

Prof Strauss verduidelik ook dat dit nog altyd so was dat indien 'n Algemene Sinode nie 'n besluit oor 'n sekere saak geneem het nie, dan het 'n sinode, 'n ring en/of 'n kerkraad nog altyd die Woord en die Belydenis op grond waarvan hulle sake kan hanteer, byvoorbeeld tugsake. Hy verwys na KO Art 59 wat leiding bied oor wanneer 'n tugwaardige saak ontstaan.

Wat die besluit en saak onder bespreking betref, het die Algemene Sinode hom uitgespreek oor die saak en 8 pte geformuleer as ons besluit hieroor. Pte 1-7 is die raamwerk en pt 8 is as't ware 'n beroep op kerkrade om aan hulle te sê dat wanneer hierdie sake hanteer word, moet dit in Christelike liefde gedoen word, binne hulle diskresie en aan die hand van Woord en Belydenis.

Prof Strauss beklemtoon dat elke kerkvergadering optree op grond van die gesag wat deur Christus aan hom verleen is. Met ander woorde: daardie vergadering moet aan die hand van die Woord optree met betrekking tot die sake wat op sy terrein lê. As hy aan die hand van die Woord optree, is dit op gesag van die Here Jesus.

Waar die Algemene Sinode reeds besluite geneem het oor 'n saak, moet die besluite van die betrokke ander vergadering binne die raamwerk van die besluite van die Algemene Sinode geneem word.

Die besluit wat die Algemene Sinode oor homoseksualiteit geneem het, moet dus reg verstaan word: pte 1 tot 7 van die besluit staan vas en die diskresie in pt 8 word uitgeoefen in die lig van pte 1-7.

## **BESPREKING**

Prof Strauss skep geleentheid vir vrae en bespreking. Verskeie sprekers neem aan die bespreking deel.

**ORDEMOSIE** (Oud Hendrik van Zyl (Oos-Kaap) - goedgekeur .

**Die Algemene Sinode besluit om van die bespreking af te stap.**

**VOORSTEL: INTERPRETASIE VAN DIE SINODALE BESLUIT OOR HOMOSEKSUALITEIT** (MS Janse van Rensburg/ J Janse van Rensburg) - goedgekeur.

**Die Algemene Sinode verklaar dat die besluit van 8 punte insake homoseksualiteit as 'n eenheid aan die Algemene Sinode gestel is en dat hierdie besluit as 'n eenheid gelees en verstaan moet word.**

## **3. ROEPINGSVERKLARING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK**

(vgl Agenda Deel II, bl 4 pt 12.1 10 en bl 30)

Die Algemene Sinode hanteer die verslag van die Luisterspan.

**ROEPINGSVERKLARING VAN DIE ALGEMENE SINODE 2007** – goedgekeur soos geamendeer: dit vervang die Roepingsverklaring van 2002.

### **ROEPINGSVERKLARING VAN DIE ALGEMENE SINODE 2007**

**Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy:**

**(a) Om met 'n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe.**

**Ons is daarvan oortuig dat slegs die evangelie van Jesus Christus mense op die pad van verlossing, versoening en lewende hoop plaas. Daarom wil ons die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig, as profete optree en oral getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.** (Die Algemene Sinode voeg die volgende woorde by aan die einde van paragraaf a: "as profete optree en oral getuienis aflê van die hoop wat in ons leef" (H Pieterse/ D Mouton)).

**(b) Om voortdurend in liefde na mekaar te luister en in ons vertroue van mekaar te groei.**

**Bewus van ons diversiteit, verbind ons ons aan groter eenheid tussen gemeentes, aan die hereniging van die kerkfamilie, asook aan die versterking van ons ekumeniese bande. Ons wil graag met alle ander Christene saamwerk om veilige ruimtes te skep waarbinne ons eerlik met mekaar kan praat en bly praat.**

**(c) Om in deernis met ander saam te leef.**

**Ons word deur God geroep as deel van sy liggaam in Afrika. Ons is dankbaar vir alle positiewe ontwikkelinge op ons kontinent, waaronder die snelle groei van die Christelike geloof. Daar is ook vele tragiese verhale van geweld, misdaad, armoede, hongersnood en die gevolge van MIV-Vigs. Ons betuig ons meegevoel aan die talle slagoffers hiervan en wil meewerk aan genesing vir mens, dier en omgewing. God roep en stuur sy kerk om 'n verskil te maak. Ons verseker alle owerhede van ons voorbidding.** (Die Algemene Sinode vervang die woorde "Die Sinode" in die Roepingsverklaring (paragraaf C) met "Ons" en skrap die woord "sy" (JD Theron/ A Barlow))

**(d) Om met openheid onvoorwaardelik diensbaar te wees in die wêreld.**

**Ons wil graag met alle ander Christene hande vat om ons samelewings op te bou en pynlike omstandighede te verlig. Ons wil mekaar as gemeentes en leiers met liefde aanspoor, begelei en toerus om by die genesing van ons lande betrokke te raak. Ons is beskikbaar en is verbind tot diens aan gemeenskappe. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons oral hoor. As gestuurde gelowiges is ons sout van die aarde en lig vir die wêreld. Ons staan in diens van die koms van God se koninkryk.** (Die Algemene Sinode vervang die woorde "Die Sinode" in die Roepingsverklaring (paragraaf D) met "Ons wil mekaar as" (JD Theron/ A Barlow))

**Ons buig voor die Here. Ons is hier. Ons is sy kerk. Ons is gestuurdes.**

**Aan God al die eer.**

## **4. KERKRAADSLEDE OP DIE MODERAMEN (vervolg):**

Die sinode stem vir twee persone uit die onderstaande nominasielyst:

Bezuidenhout, J\*

Mouton, E\* (Is nie 'n kerkradslid nie en derhalwe nie verkiesbaar as kerkradslid op Moderamen nie)

Botha, DWS

Nel, Z\*  
Oliphant, M\*  
Scholtz, CE\*  
Veldsman, C\*

## **5. BESKRYWINGSPUNT B.1.1 BELYDENIS OOR DIE OPSTANDING (Oos-Transvaal)**

(Vgl Agenda Deel II bl 8 pt 5 (Vergelyk ook Agenda Deel I B.1 Beskrywingspunte bladsy 495) - goedgekeur  
**Die Algemene Sinode besluit om 'n eietydse interpretasie van die Twaalf Artikels te gee.**

## **6. BEDIENING: ALGEMENE SAKE**

**LESSENAAR VIR DIVERSITEIT** (vgl Agenda Deel I, bl 126 en 135, A.3.1 Verslag van die Moderamen pt 2.2.3 (vgl ook Moderamen Bylaag 1 bladsy 133) asook Agenda Deel II bl 16)

**Die Algemene Sinode herhaal die opdrag.**

**VROUELIDMATE** (vgl Agenda Deel I bl 286, A.3.2 Verslag van die ADGO Taakspan Vrouelidmate pt 4.7 (vgl ook ADGO Bylaag 4 bl 310) asook Agenda Deel II bl 17)

**1. Die Algemene Sinode besluit dat die huidige Taakspan vir Vrouelidmate voortaan bekend sal staan as die Vrouelessenaar.**

**2. Die Algemene Sinode keur goed dat die Vrouelessenaar soos uiteengesit funksioneer.**

**3. Die Algemene Sinode keur goed dat die Vrouelessenaar die doelwitte en funksies soos uiteengesit, uitvoer.**

**4. Die Algemene Sinode versoek die Vrouelessenaar om 'n algemene beleid ten opsigte van vroue in die kerk op te stel vir voorlegging aan die Algemene Sinode.**

**5. Die Algemene Sinode keur goed dat die Vrouelessenaar die Ned Geref Kerk op ekumeniese, sowel as ander vroueforums verteenwoordig.**

**POTENSIAAL VAN VROUE IN DIE NG KERK** (vgl Aanvullende Verslag A.3.2 (laat) bl 10 pt 25)

**1. Die Algemene Sinode neem kennis van die navorsingsdokument waarna verwys word in Aanvullende Verslag A.3.2 (laat).**

**2. Die Algemene Sinode versoek sinodes om hierdie dokument as gespreksdokument in sinodes, ringe en gemeentes te hanteer.**

**BEDIENING IN DIE BUITELAND** (vgl Agenda Deel I bl 131, A.3.1 Verslag van die Moderamen pt 3.10 asook Agenda Deel II bl 17)

**1 Die Algemene Sinode besef dat die emigrasie van ons lidmate na die buiteland nie geskied sonder dat die Here nie ook hiermee 'n heilsame doel het nie. Die Algemene Sinode aanvaar daarom dankbaar dat die Here ook elders in die wêreld lidmate uit die NG Kerk wil gebruik om deur Woord en daad Christus aan die wêreld te verkondig. Terwyl hierdie emigrerende lidmate se geestelike versorging vir ons steeds na aan die hart lê en dat ons alles in ons vermoë wil doen om tot hulle sorg by te dra, wil ons nie die geleentheid laat verbygaan nie om hulle aan te moedig, te bemagtig en te ondersteun om waar hulle hul ookal tydelik of permanent vestig, daar by plaaslike gemeentes in te skakel en draers van God se Woord te wees.**

**2 Die Algemene Sinode vestig alle kerkvergaderings, ampte en lidmate op die NG Kerk se Beleid tov Buitelandse Bediening soos goedgekeur in 2004.**

**3 Die Algemene Sinode keur die reëlings wat vir Afrika geld tov die grense van sinodes, bestaande werksaamhede, versorging van NG lidmate asook uitreikaksies goed (vgl pt 3.4.4 in verslag).**

## **7. SAKE VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN ABID**

**SENTRALISERING VAN GEMEENTELIKE REGISTERS** (vgl Agenda Deel I bl 464, A.6.4.3 Verslag van die Algemene Taakspan Argief- en Bestuursinligtingsdienste, punt 4.3 asook Agenda Deel II bl 28)

**Die volgende word as vertrekpunt vir die sentralisering van die gemeentelike registers van die NG Kerk bepaal:**

**4.3.1.1** Die ASM lê die verslag aan die Algemene Sinode in sitting in Junie 2007 voor vir goedkeuring.

**4.3.1.2** Die onderskeie streeksinodes lê die saak aan hulle gemeentes voor, verduidelik die doel/voordele en verkry die gemeentes se samewerking vóór 30.06.2008 en doen daarvoor aan die ASM verslag.

**4.3.1.3** Die ASM gee voor die doeldatum vir die begin van die proses n.l. 01.07.2008 aan ABID opdrag al dan nie om met die projek te begin met die oog op die voltooiing van die proses - inwerkingstelling van die gesentraliseerde databasis en soekenjin - op 01.01.2009.

**4.3.1.4** Elke streeksinode bepaal self hoe die jaarlikse tarief vanaf die gemeentes ingevorder sal word, wat aan die Algemene Sinode oorbetaal word vir die diens wat deur die Argief en Bestuursinligtingsdiens van die



NG Kerk [ABID] gelewer sal word.

**4.3.1.5** ABID gaan nou reeds voort om:

**4.3.1.5.1** met die diensverskaffer Infokerk te onderhandel,

**4.3.1.5.2** geen finale ooreenkoms word aangegaan of aankope van rekenaartegnologie gedoen voordat die ASM nie aan ABID die opdrag gee - sien 4.3.1.3 hierbo - nie.

**4.3.1.5.3** gemeentes aan te moedig om die ID-nommers van hulle lidmate-met-adresse te bekom en om lidmate wat nog nie in hulle databasisse ingesleutel is nie, terugwerkend in te sleutel.

**4.3.2 Werking van die stelsel:**

**4.3.2.1** ABID maak gebruik van 'n diensverskaffer (tans Infokerk) wat die "platform" skep vir die:

**4.3.2.1.1** Opneem van lidmate in die stelsel

**4.3.2.1.2** Implementering van 'n "elektroniese soek-enjin" by ABID waar gemeentes wat oor die tegnologie beskik, self die aanvrae/oorplasinge doen. Gemeentes wat nie daarvoor beskik nie, doen alle aanvrae/oorplasinge by/dmv ABID.

**4.3.2.2 Opneem van data in die sentrale stelsel:**

**4.3.2.2.1** Alle gemeentes van die NG Kerk se lidmaatbesonderhede/data van Doop- en Belydende Lidmate uit die bestaande registers+ ID Nommer word elektronies opgeneem in 'n sentrale databasis wat deur ABID bestuur (ontwikkel en instandgehou) word.

**4.3.2.2.1.1** Lidmate/lidmaatbesonderhede word vir hierdie doel verdeel in:

**4.3.2.2.1.2** Lidmate-met-adresse = dws lidmate tans in die gemeente en bekend

**4.3.2.2.1.3** Lidmate-sonder-adresse = dws lidmate wat tans nie meer in die gemeente is nie (sterftes, vertrek, kerk-/land verlaat), sonder dat lidmaatskap amptelik oorgeplaas is. Alle lidmate onder **4.3.2.2.1.2** word ingevoer/opgeneem in sentrale databasis, terwyl slegs lidmate (sonder adresse) wat ná 1960 in die gemeente opgeneem is, in die sentrale databasis ingevoer/opgeneem word. Die res word in die geskrewe registers behou en uitgeskryf soos inligting met tyd beskikbaar word (soos *geamendeer JHG Gous/ GF Claassen*).

**4.3.2.3 Elektroniese soektogte en -oorplasinge:**

**4.3.2.3.1** ID-nommers en gekodeerde e-posboodskappe word gebruik wat onmiddellik deur die databasis/soekenjin verwek word. (Gemeente A → ABID-soekenjin → Gemeente B wat "klik" op ja/nee/hou oor → na ABID-soekenjin → Gemeente A)

**4.3.2.3.2** ABID bestuur alle "uitsonderings", nl lidmate-sonder-adresse; gemeentes sonder nodige tegnologie; en gemeentes met eie/unieke lidmaatdatabasisse.

**4.3.3 Die kostes verbode aan die sentrale diens word soos volg gestruktureer:**

**4.3.3.1** Aanvanklike Koste - Elke gemeente betaal vir die aanvanklike opneem/invoer van data na gelang van die huidige status van hul register-data (op Infokerk; in ander programme; slegs handregisters)

**4.3.3.2** Maandelikse koste nadat data op/in stelsel opgeneem is na gelang van grootte van die gemeente:

\* Kleiner gemeentes: 1-750 siele R500.00 per jaar;

\* Middel grootte gemeentes: 751-2999 siele R1,000.00 per jaar

\* Groot gemeentes: 3,000-5,000 siele R1,400.00 per jaar

\* Makro-gemeentes: 5,000+ siele R1,600.00 per jaar

**4.3.3.3** Verhoging van koste word volgens die inflasiekoers bestuur.

**4.3.3.4** Vordering van bedrae:- Bedrae word as 'n gedeelte van 'n sinodale aanslag deur die streeksinodes gevorder en aan ABID via die Algemene Sinode oorbetal.

**4.3.4 Deurlopende opdatering van data:- Alle opdaterings (dope; belydenisaflegging; sterftes; bedankings; rektifikasies) word soos volg hanteer:**

**4.3.4.1** Gemeentes met tegnologie: Maandeliks self afgesluit soos finansiële boeke en jaarliks gekontroleer met sertifisering deur kerkraadsargiefkommissie wat aan Ringsargiefkommissie sertifiseer dat alle opdaterings elektronies by die ABID-Soekenjin op datum is.

**4.3.4.2** Gemeentes sonder elektroniese fasiliteite: Dieselfde as bó, met dié verskil dat die Kerkraadsargiefkommissie die sertifisering doen uit die korrespondensie tussen die gemeente en ABID.

**4.3.5 Voordele van 'n gesentraliseerde stelsel vir gemeentelike registers:**

**4.3.5.1** Alle soektogte vind op net een punt plaas wat tyd, koste en frustrasie beperk.

**4.3.5.2** Verhoogde effektiwiteit en produktiwiteit van kerkkantoorpersoneel wat nie meer tyd verspeel met week-/maandelange soektogte na lidmaatbesonderhede, terwyl daar toegang is tot statistiek wat vroeër nie beskikbaar was nie.

**4.3.5.3** Géén jaarlikse registerafskrifte word meer ingedien nie.

**4.3.5.4** Duisende lidmate-sonder-adresse word gevind en verwyder van gemeente se bedryfstelsels.

**4.3.5.5** Voordele vir die NG Kerk

**4.3.5.5.1** Die stelsel werk met 'n dag-tot-dag opgedateerde kontakadres vir elke gemeente wat:

**4.3.5.5.1.1** Deur die Jaarboek gebruik kan word

**4.3.5.5.1.2** Deur sinodes gebruik kan word om binne minute 'n groot gedeelte van die NG Kerk met inligting te bereik.

**4.3.5.5.2** Data-analise moontlikhede van dag-tot-dag opgedateerde besonderhede oor getalle/

ouderdomme/groepe:

4.3.5.5.2.1 Kerkspieël

4.3.5.5.2.2 Jaarboek

4.3.5.5.2.3 Bedieninge

4.3.5.5.2.4 Algemene Sinode se kommunikasiesetel

**4.3.6 Voortgaande ondersoek:**

4.3.6.1 Ander "hosting"-moontlikhede word nog ondersoek wat kostebesparings kan bring

4.3.6.2 Veranderde tegnologie - 15 maande is 'n "leeftyd" en kan verbeterde voordele bring.

**VOORSTEL: - SENTRALE LIDMAATREGISTER** (JHG Gous/ GF Claassen) - goedgekeur.

(Vgl Agenda Deel I, ABID verslag bladsy 465 punt 4.3.2.2.1.3)

**1. Die Algemene Sinode besluit dat slegs "lidmate-sonder-adresse" wat na 1960 in die gemeente opgeneem is, in die sentrale databasis ingevoer word.**

**2. Die Algemene Sinode versoek ADGO om 'n beleid en strategie op te stel waarvolgens 'n "vervaldatum" op lidmaatskap daargestel word vir "lidmate-sonder-adresse" d.w.s lidmate wat glad nie hulself by 'n gemeente voeg nie.**

**ELEKTRONIESE BEWARING VAN DOKUMENTE** (vgl Agenda Deel I bl 479, A.6.4.3 Verslag van die Algemene Taakspan Argief- en Bestuursinligtingsdienste, punt 6.4 asook Agenda Deel II bl 28, 29)

**1 Die optrede van Taakspan-ABID en die Algemene Sekretaris om die ooreenkoms soos deur die GSU (Mormone) voorberei en voorgelê - soortgelyk aan die oorspronklike ooreenkoms wat in 1999 deur die NG Kerk in SA en die NG Kerk van Transvaal onderteken is en wat voorsiening maak vir die beskerming van die NG Kerk se Intellektuele Eiendomsreg - te onderteken, word goedgekeur.**

**2 Die moontlike, gratis digitering van alle gemeentes se notules - veral handgeskrewe - wat ABID sou wou digiteer, word na die Taakspan-ABID verwys.**

**3 Taakspan-ABID gaan voort met 'n ondersoek na die moontlike digitering van alle kerklike dokumente/acta van die NG Kerk om dit vir navorsingsdoeleindes toeganklik te maak.**

**4 Taakspan-ABID onderhandel met die GSU en die Disa-projek in Durban vir die gratis digitering van kerklike dokumente en waar nodig word projekte met sensitiewe inhoud vir finale goedkeuring aan die ASM voorgelê.**

**ARGIEF- EN INLIGTINGSWETGEWING** (vgl Aanvullende Verslae bl 64 punt 5 soos gewysig deur ABID en TTR)

**Die Algemene Sinode versoek die nuwe ATR (Sameroeper) en ABID om aandag te gee aan die wet op toegang tot inligting en kennis te neem van die werkswinkel "Kerk en Staat" wat van 29 Oktober - 1 November 2007 in Stellenbosch gehou word. Die nuwe ATR moet sy bevindinge aan die Algemene Sinode voorlê met die oog op bepaling van die amptelike beleid van die NG Kerk hieroor.**

**OORGANG: WERKWYSE ALGEMENE SINODE** (vgl Aanvullende Verslae bl 64 punt 4)

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die nodige wysiginge aan die *Kerkorde* verreken is in die hersiening van die *Kerkorde*.**

## **8. SAKE VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN FONDSE**

**FINANSIËLE BESTUURSBENADERING** (vgl Agenda Deel I bl 480, A.6.4.4 Verslag van die Algemene Taakspan Fondse, punt 1.5 asook Agenda Deel II bladsy 29 pt 7)

**Die Algemene Sinode keur die bygewerkte Finansiële Bestuursbenadering goed.**

**REËLMAAT VAN VERGADERINGE VAN DIE ALGEMENE SINODE** (vgl Agenda Deel I bl 485, A.6.4.4 Verslag van die Algemene Taakspan Fondse, pt 11.5 asook Agenda Deel II bladsy 29 pt 8)

**Die Algemene Sinode besluit om gewone vergaderinge van die Algemene Sinode elke vier jaar te hou.**

Dr Nelus Niemandt neem die voorsitterstoel in.

## **9. SAKE VAN DIE REGSKOMMISSIE**

### **T.7.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE TAAKSPAN REGTE**

(Vgl Handeling bl 153 tot 165)

**BESKRYWINGSPUNT B.6.2: ARTIKEL 40** (vgl T.7.1 bl 153 pt 1)

**WYSIGING REGLEMENT 14** (vgl T.7.1 bl 153-160 pt 2)

**Die Algemene Sinode besluit om Kerkorde Reglement 14, soos gewysig, goed te keur:**

**14 REGLEMENT VIR DIE REËLING VAN DIE OPLEIDING EN LEGITIMASIE VAN EVANGELIEDIENAARS**

**1. OOREENKOMS MET DIE UNIVERSITEIT**

Die opleiding van predikante vir die NG Kerk geskied aan die teologiese fakulteite van die Universiteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein en word by wyse van skriftelike ooreenkoms tussen die betrokke sinode(s) en universiteite bepaal, op voorwaarde dat dit nie in stryd is met die besluite van die Algemene Sinode soos in hierdie Reglement vervat nie.

**2. SAMESTELLING EN FUNKSIES VAN DIE KOMMISSIES BETROKKE BY DIE TEOLOGIESE OPLEIDING**

**2.1 Die Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding (AKTO)**

AKTO is die kommissie van die Algemene Sinode wat die oorhoofse verantwoordelikheid dra vir teologiese opleiding (sien reglement vir AKTO).

**2.2 Die Kuratoria**

**2.2.1 Samestelling**

Die kuratorium word saamgestel uit verteenwoordigers van die sinode(s) binne wie se gebied die teologiese fakulteite geleë is. Die getal lede in 'n kuratorium word bepaal deur die betrokke sinodes (Wes- en Suid-Kaapland, gesamentlik deur die Wes Transvaal Sinode, Noordelike Sinode, Hoëveld, Sinode van Oos Transvaal, en Sinode van en Oranje-Vrystaat). Ander sinodes het die reg om op eie koste elk een verteenwoordiger in die kuratoria te benoem. Indien daar 'n predikant in Sinodale Diens Teologiese Opleiding deur 'n kuratorium benoem is, dien hy/sy as lid op die kuratorium.

**2.2.2 Funksies**

**2.2.2.1 Opleiding**

Elke kuratorium dra sorg vir, beheer en hou toesig oor die opleiding en die voortgesette opleiding van evangeliedienaars (KO Art. 5.3).

**2.2.2.2 Studente**

**2.2.2.2.1** Elke kuratorium dra finale verantwoordelikheid vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van alle teologiese studente wat by hom ingeskryf is en wat in die bediening van die NG Kerk wil gaan. Hy kan hierdie verantwoordelikheid deur 'n subkommissie(s) behartig.

**2.2.2.2.2** Elke kuratorium word in hierdie taak bygestaan en geadviseer deur die begeleidingskommissie, eksamenkommissie, raad van NG Kerk-dosente en dissiplinêre kommissie as sub-kommissies van elke kuratorium. Saam hou hulle toesig oor studente se akademiese vordering en hulle leer en lewe.

**2.2.2.2.3** Teologiese studente staan vir die duur van hulle studie onder die toesig van die betrokke kuratorium en die raad van dosente, soos in KO Art. 5.3 neergelê, en hulle hou 'n voortgaande toesig oor die studente se leer en lewe. As lidmate staan die studente onder die opsig, regering en tug van die kerkvergadering wat opsig en tug oor hulle uitoefen. Die kuratorium kan die betrokke kerkvergadering raadpleeg. Die Dagbestuur hanteer die appèl van 'n student teen dissiplinêre maatreëls wat die dissiplinêre kommissie getref het..

**2.2.2.3 Dosente**

**2.2.2.3.1** Die kuratorium hou saam met die betrokke kerkraad toesig oor die leer en lewe van die dosente in teologie wat bevestig of net kerklik geakkrediteer<sup>1</sup> is. Wanneer daar 'n klag of nadelige gerugte oor 'n dosent tot hulle kennis kom, gee die kuratorium kennis daarvan aan die kerkvergadering wat opsig en tug oor die dosent uitoefen. 'n Lid van die kuratorium kan as waarnemer betrek word tydens so 'n tugondersoek.

**2.2.2.3.2** Die kuratorium hou óók toesig oor die dosente in die teologie wat bevestig of kerklik geakkrediteer is wat betref die uitoefening van hulle ampspligte as teologiese dosente.

1 "Akademiese akkreditering" .. gee amptelike erkenning deur die betrokke Universiteit van die geskiktheid en die bevoegdheid van 'n persoon om as dosent klas te gee aan studente in die Fakulteit Teologie.  
"Kerklike akkreditering" is die amptelike erkenning deur 'n denominasie van die geskiktheid en bevoegdheid van 'n dosent om voornemende leraars akademies te begelei met die oog op die kerklike bediening in die betrokke denominasie.

- Indien die dissiplinêre kommissie in die lig van 'n skriftelike voorlegging en 'n behoorlike ondersoek 'n dosent onbevoeg of ongeskik vind om ampspligte tot bevrediging van die Kerk uit te voer, besluit die kuratorium om kerklike akkreditering met die oog op die opleiding van die kerklike bediening terug te trek. Die Dagbestuur hanteer die appèl van 'n dosent teen dissiplinêre maatreëls wat deur die dissiplinêre kommissie getref is.
- 2.2.2.4 Hierdie toesig hef nie die normale toesig van die universiteitsowerheid oor sowel studente as dosente op nie. Nieuwe skakeling tussen die kerk en die universiteit is te alle tye 'n vereiste.
- 2.3 Subkommissies van die kuratoria**
- 2.3.1 Dagbestuur**  
Elke kuratorium wys 'n dagbestuur aan ooreenkomstig die bepalings en reglemente van die bepaalde sinode(s).
- 2.3.2 Die Begeleidingskommissie**
- 2.3.2.1 Elke kuratorium benoem 'n kommissie(s) wat die teologiese studente begelei en wat die kuratorium adviseer ten opsigte van die keuring, toesig en begeleiding van studente tydens die tydperk van hulle voorbereiding vir die evangeliebediening. Die kuratorium verleen op grond hiervan jaarliks toestemming aan studente om voort te gaan met hulle teologiese studie met die oog op legitimasie in hulle finale jaar.
- 2.3.2.2 Sinodes in wie se gebied daar teologiese opleidingsentra anders as die drie erkende sentra van die NG Kerk is, moet in oorleg met 'n kuratorium toesien dat studente wat daar studeer met die oog op die bediening die nodige begeleiding ontvang.
- 2.3.3 Die Eksamenkommissie**
- 2.3.3.1 Samestelling  
Elke kuratorium benoem 'n eksamenkommissie ooreenkomstig die bepalings en reglemente van die bepaalde sinode(s).
- 2.3.3.2 Funksies
- 2.3.3.2.1 Die eksamenkommissie neem die proponentseksamen asook *colloquium doctum* af en beveel die suksesvolle kandidate by die kuratorium aan vir legitimasie deur die Algemene Regskommissie. In die proponentseksamen val die klem op die student se algemene gereedheid en geskiktheid vir die bediening, roepingsbewustheid, persoonlike godsvrug, innerlike gehegtheid aan die leer en die aanwending van akademiese kennis in die praktyk van die bediening.
- 2.3.3.2.2 Die eksamenkommissie is deurlopend betrokke by die proses van opleiding ten einde te verseker dat dié opleiding beantwoord aan die behoeftes van die NG Kerk.
- 2.4 Die Raad van NG Kerk-dosente**
- 2.4.1 Die NG Kerk-dosente wat kerklik bevestig is en voltydse doseer, vorm die Raad van NG Kerk-dosente.
- 2.4.2 Die Raad van NG Kerk-dosente is, benewens doseerwerk, onder toesig van die kuratorium verantwoordelik vir die vorming van NG Kerk-studente met die oog op die bediening in die NG Kerk.
- 2.5 Dissiplinêre kommissie**
- 2.5.1 Samestelling  
Elke kuratorium wys 'n gevolmagtigde dissiplinêre kommissie van drie tot vyf lede aan uit lede van die kuratorium en ander kundige persone binne die sinodale streek of streke. Die kommissie het die reg om met raadpleging van die kuratorium 'n maksimum van twee kundige persone wat raadgewend kan optree op die kommissie te koöpteer.
- 2.5.2 Funksie
- 2.5.2.1 Die dissiplinêre kommissie hanteer in die geval van studente dissiplinêre sake wat nie op die terrein van die kerklike opsig en tug of die toesig van die universiteit ressorteer nie<sup>2</sup> en wat deur die kuratorium na die kommissie verwys word.
- 2.5.2.2 Die dissiplinêre kommissie kan na 'n behoorlike ondersoek die toelating van die student met die oog op die bediening opskort of enige dissiplinêre maatreël teen studente instel, wat binne die bevoegdheid van die kuratorium val.
- 2.5.2.3 Die dissiplinêre kommissie hanteer in die geval van dosente dissiplinêre sake wat nie op die terrein van die kerklike opsig en tug of die toesig van die universiteit ressorteer nie en wat deur die kuratorium na die kommissie verwys word<sup>3</sup>.
- 2.5.2.4 Die dissiplinêre kommissie kan na 'n behoorlike ondersoek bevind dat 'n dosent onbevoeg of ongeskik is om ampspligte tot bevrediging van die Kerk uit te voer en by die kuratorium aanbeveel om die dosent se kerklike akkreditering met die oog op die opleiding van die

<sup>2</sup> Sake soos klasbywoning, vereistes wat deur die kuratorium gestel is en kerkeie opleiding.

<sup>3</sup> Hieronder ressorteer sake soos die in gevaar stelling van die Kerk se ooreenkoms met die universiteit.

- kerklike bediening terug te trek.
- 2.5.2.5 'n Student kan in 'n dissiplinêre verhoor deur 'n student bygestaan word en 'n dosent deur 'n ander dosent uit die teologiese fakulteit.
- 2.6 (Moet moontlik verval ) Kieskollege**
- 2.6.1 Samestelling  
Die kieskollege word saamgestel soos die betrokke sinode(s) bepaal. Ander sinodes het die reg om elkeen een verteenwoordiger op eie koste te benoem.
- 2.6.2 Funksie  
In die geval waar NG Kerk-dosente deur die universiteit aangestel word, word die moontlike beroeping van só 'n dosent deur die kieskollege hanteer. Die kieskollege is ook verantwoordelik vir die beroeping van dosente wat op eie koste deur die kerk, ná oorleg met die universiteit, beroep en besoldig word.
- 3. DOSERENDE PERSONEEL AAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEITE WAAR NG KERK-PREDIKANTE OPGELEI WORD**
- 3.1 Aanstelling en beroeping van dosente**  
Die aanstelling van dosente in die teologiese fakulteite waar predikante vir die NG Kerk opgelei word, kan op een van twee maniere geskied.
- 3.1.1 Die universiteit kan 'n dosent aanstel ná inspraak deur die kerk soos bepaal in die ooreenkoms tussen die betrokke universiteit en sinode(s). Die kerk kan so 'n dosent kerklik akkrediteer of beroep.
- 3.1.2 Die NG Kerk sou ook, ná oorleg met die betrokke universiteit, kon besluit om op sy eie 'n NG Kerk-dosent te beroep wat deur die NG Kerk besoldig word en spesifiek die NG Kerk-studente moet onderrig. In hierdie geval word die vakature ook aan die hand van 'n posbeskrywing en profiel bekendgestel in die kerk se amptelike blad. Dit kan gedoen word indien die kerk oordeel dat daar 'n leemte is in die onderrig wat sy studente ontvang.
- 3.2 Vereistes by beroeping**  
Waar die kerk 'n dosent wat deur die universiteit aangestel is wil beroep, of waar die kerk 'n dosent op eie koste beroep, moet die persoon aan die volgende vereistes voldoen.
- 3.2.1 Predikant- of proponentsbevoegdheid besit.
- 3.2.2 Die nodige kwalifikasies vir die betrokke pos besit.
- 3.2.3 Goeie getuienis aangaande gemeente betrokkenheid, bekwaamheid en godsvrug hê.
- 3.2.4 Onbetwyfelbare voorstander van die gereformeerde leer wees.
- 3.3 Prosedure by beroeping**
- 3.3.1 Elke kuratorium neem die leiding by die beroeping van eie dosente.
- 3.3.2 Prosedure by beroeping van dosent deur universiteit aangestel  
Indien 'n NG Kerk-dosent reeds deur die universiteit aangestel is, sal daar net een naam op die groslys wees, en word daar óf vir óf teen die persoon gestem. Normaalweg kan só 'n beroep per omsendskrywe afgehandel word.
- 3.3.3 Prosedure by beroeping van uitsluitlik kerklike besoldigde dosente
- 3.3.3.1 Elke lid van die kuratorium het die reg om vroegtydig skriftelik 'n nominasie vir 'n vakature in te dien.
- 3.3.3.2 By die sluitingsdatum vir nominasies suiwer die kuratorium die lys en stel 'n nominasielys op met 'n volledige *curriculum vitae* van elke kandidaat, wat aan die universiteit voorgelê word met die oog op akademiese akkreditering, waarna dit in die hande van lede van die kuratorium gestel word. Hierdie stukke dien as vertroulike inligtingstukke met die oog op die beroeping.
- 3.3.3.3 Die kieskollege bring 'n beroep uit met inagneming dat aan die bepalinge van die betrokke sinode(s) uitvoering gegee is en die voorwaardes van die universiteit nagekom is.
- 3.3.3.4 Beide by die beroeping soos in 3.3.2. en 3.3.3 word die naam in die amptelike kerkblad gepubliseer met die oog op approbasie deur die hele kerkverband.
- 3.3.3.5 Proponente wat as dosente/professore na een van die drie teologiese fakulteite van die Kerk beroep en bevestig word, verkry predikantsbevoegdheid na bevestiging met handoplegging.
- 4. TEOLOGIESE OPLEIDING**
- 4.1 Toelating**
- 4.1.1 Die begeleidingskommissie roep aan die begin van die akademiese jaar alle voornemende studente wat vir die eerste keer wil inskryf om hulle vir die bediening voor te berei op om voor die kommissie te verskyn ten einde as student met die oog op die evangeliebediening toegelaat te word.  
Advies en inligting oor kursusse, akademiese vereistes vir toelating tot die bediening en beurse/lenings word aan voornemende studente gegee.
- 4.1.2 Die toelating geskied op grond van:
- 4.1.2.1 'n Skriftelike verklaring van die kandidaat met betrekking tot die redes waarom die evangeliebediening as roeping gekies is asook sy/haar persoonlike geloof en ondervinding

- van die genade van God.
- 4.1.2.2 'n Gemotiveerde skriftelike verklaring van die kerkraad aangaande die kandidaat se kerklike meelewing.
- 4.1.2.3. 'n Onlangse vertroulike verslag van die kandidaat se leraar.
- 4.1.2.4. 'n Skriftelike verklaring dat die kandidaat se attestaat/bewys van lidmaatskap ingelewer is by die gemeente waar hy/sy lidmaat is.
- 4.1.2.5. Deurlopende skriftelike verslae aangaande mediese en sielkundige welstand, minstens twee maal tydens studie.
- 4.2 Akademiese vereistes**
- 4.2.1 Die NG Kerk vereis van sy studente 'n sesjarige opleiding in gereformeerde teologie, wat die verkryging van die gepaardgaande grade insluit. Hierdie sesjarige opleiding moet ten minste 'n tweejarige opleiding in Grieks en Hebreeus, asook 'n praktiese gemeentejaar in die laaste jaar insluit.
- 4.2.2 Die ander minimum vereistes vir toelating tot die NG Kerk word deur AKTO geformuleer vir onderhandeling deur die onderskeie eksamenkommissies met die fakulteite met die oog op die ontwerp van die akademiese programme.
- 4.2.3 Wanneer 'n kandidaat die eerste deel van sy/haar teologiese opleiding voltooi het en hom/haar daarna by Stellenbosch, Pretoria of Bloemfontein aansluit, moet sy/haar aansoek vergesel wees van 'n bewys van akademiese kwalifikasies, kerklike meelewing en 'n mediese verslag.
- 4.2.4 Die NG Kerk vereis dat persone wat toegelaat wil word tot die bediening ten minste die laaste drie jaar van die opleiding voltyds aan een van die kerklik-erkende opleidingsentra moet voltooi. In hoogs uitsonderlike gevalle kan die kuratorium diskresie toepas met verantwoording aan AKTO.
- 4.3 Vereiste kursusse**
- 4.3.1 Die inhoud van die kursus behels die volgende
- 4.3.1.1 Ou-Testamentiese Wetenskap
- 4.3.1.2 Nuwe-Testamentiese Wetenskap
- 4.3.1.3 Historiese vakke en Kerkreg, insluitende Kerkgeskiedenis van die NG Kerk en Gereformeerde Kerkreg
- 4.3.1.4 Dogmatologiese en etiese vakke/Sistematiese Teologie
- 4.3.1.5 Godsdienst- en Sendingwetenskap/Missiologie
- 4.3.1.6 Praktiese (amptelike) vakke/Praktiese Teologie
- 4.3.1.7 Spesialisering in 'n bepaalde studiegebied, insluitend 'n verhandeling oor 'n gespesialiseerde onderwerp
- 4.3.1.8 Enige ad hoc-vereistes kan by die onderskeie fakulteite gestel word
- 4.3.1.9 Naas bogenoemde kursusse word kandidate se kennis van die Bybel en die belydenisskrifte geëksamineer en hulle taalvaardigheid in Afrikaans getoets.
- 4.3.2 Klasbywoning  
Studente is verplig om die kursusse van die betrokke teologiese fakulteit gereeld by te woon en in die eksamen te slaag.
- 4.4 Praktiese opleiding**  
Opleiding in bedieningspraktyk geskied hoofsaaklik in die finale studiejaar. Gedurende hierdie jaar word studente opgelei en vir hierdie doel werk studente vir die volle jaar onder toesig van 'n gemeenteleraar. Die inhoud van die gemeentejaar sowel as die aanwysing van gemeentes en begeleiers (supervisors) word deur die fakulteit ná oorlegpleging met die betrokke kuratorium bepaal.
- 4.5 Proefpreke**  
Van elke student in die finale jaar word verwag om 'n proefpreek vóór 30 Augustus onder toesig van 'n dosent in 'n gemeente te lewer.
- 4.6 Praktiese werk**  
Teologiese studente moet die volgende onderneming onderteken voordat hulle praktiese werk in gemeentes mag doen:  
Ek, die ondergetekende, onderskryf hiermee opreg en as voor die Here die leer soos vervat in die Formuliere van Eenheid van die gereformeerde kerke, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Ek verklaar met my hele hart dat ek dit aanvaar en bely as in ooreenstemming met die Woord van God; dat ek die leer getrou sal handhaaf; dat ek my op die bevordering van godsdienstkennis, Christelike sedes, orde en eendrag met alle ywer sal toelê; en ek verbind my om, sou dit bevind word dat ek teen enige gedeelte van hierdie verklaring en belofte gehandel het, my aan die uitsprake van die bevoegde kerkvergadering te onderwerp.
- 5. TOELATING TOT DIE EVANGELIEBEDIENING**  
Die eksamenkommissie ondersoek kandidate met die oog op toelating tot die

- evangeliebediening volgens onderstaande prosedures en vereistes.
- 5.1 Proponentseksamen**
- 5.1.1 Tyd van eksamen**  
Die proponentseksamen word aan die einde van die teologiese studie afgeneem. As tegemoetkoming aan studente kan die eksamen op 'n buitengewone tyd afgeneem word, indien die kuratorium dit nodig ag.
- 5.1.2 Omvang van proponentseksamen**
- 5.1.2.1** Die proponentseksamen bestaan uit 'n ondersoek na die akademiese kennis en bedieningsvaardighede van die studente en word deur die eksamenkommissie van die kuratoria afgeneem.
- 5.1.2.2** Die ondersoek na die bedieningsvaardigheid word deur die eksamenkommissie gedoen met die oog op die volgende:
- 5.1.2.2.1** die geskiktheid van die kandidaat om die Kerk ooreenkomstig die Skrif en die Belydenis te dien en sy/haar innerlike gehegtheid aan die leer van die Kerk;
- 5.1.2.2.2** sy/haar beweegredes om bedienaar van die Woord te word en sy/haar persoonlike godsvrug (soos onder meer verwoord in die Profiel van die Afgestudeerde student);
- 5.1.2.2.3** sy/haar bekwaamheid in die beoefening van die predikking, ook deur mondelinge voordrag wat, indien moontlik, voor 'n lid van die eksamenkommissie gelewer is. Met die oog hierop moet 'n voorgeskrewe proefpreek 'n maand voor die eksamen ingelewer word;
- 5.1.2.2.4** sy/haar bekwaamheid in die beoefening van pastorale sorg, waarvoor die eksamenkommissie insae het in die vertroulike verslag van die leraar(s) onder wie die student sy/haar praktiese werk in 'n gemeente gedoen het.
- 5.1.2.2.5** Verder word die geskiktheid van die kandidaat in 'n samespreking tussen die eksamenkommissie en die raad van NG Kerk-dosente bespreek. Die raad van NG Kerk-dosente bevestig skriftelik dat die kandidaat die voorgeskrewe kursusse met vrug gevolg het en die eksamen suksesvol afgelê het; dat onder toesig van 'n diensdoende leraar van die Kerk ondervinding opgedoen het van die vereiste praktiese aspekte van die gemeentelike bediening; dat onder die toesig van een van die dosente 'n proefpreek gelewer is en dat die kandidaat se gedrag onbesproke is.
- 5.1.3 Bykomende vereistes**
- 5.1.3.1** 'n Verklaring van die kerkraad waar die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag.
- 5.1.3.2** (Kan verval) 'n Mediese sertifikaat op 'n voorgeskrewe vorm ten opsigte van goeie gesondheid.  
Bostaande stukke moet een maand voor die eksamen by die skriba van die Eksamenkommissie ingelewer wees. Die skriba lê by die aanvang van die eksamen die stukke aan die eksamenkommissie voor.
- 5.1.3.3** Bewys van deurlopende sielkundige evaluering soos deur die kuratorium bepaal.
- 5.1.4 Stemming**  
Oor die aanbeveling van die kandidaat vir die formele legitimasië word deur 'n volstreekte meerderheid van stemme met geslote stembriefies beslis. Die eksamenkommissie beveel die kandidate wat in die ondersoek geslaag het by die kuratorium aan vir sy beslissing. Die kuratorium lê die name van die toegelate kandidate aan die (Algemene Taakspan Regte) Algemene Regskommissie vir legitimasië voor.
- 5.1.5 Afwysing van 'n kandidaat**  
'n Kandidaat wat afgewys is, kan volgens die diskresie van die kuratorium weer op 'n tyd deur die kommissie bepaal, tot die eksamen toegelaat word.
- 5.2 Colloquium Doctum (KO Artikel 5.5.2)**
- 5.2.1 Vereistes vir toelating**
- 5.2.1.1** bewys van goeie sedelike gedrag deur middel van 'n getuigskrif uitgereik deur 'n bevoegde instansie;
- 5.2.1.2** bewys dat hy/sy 'n volledige teologiese kursus gelykstaande aan die sesjarige teologiese opleiding aan 'n teologiese opleidingsinrigting wat deur die NG Kerk erken word, voltooi het;
- 5.2.1.3** bewys dat hy/sy deur die betrokke sinode/sinodale kommissie ondersoek is met betrekking tot sy persoonlike geloofsekerheid, persoonlike ondervinding van die genade van God, roepingsbewustheid en geskiktheid vir die evangeliebediening.
- 5.2.1.4** Die kuratorium verwys alle persone wat vir *colloquium doctum* aanmeld, vooraf vir persoonlikheidsevaluering.
- 5.2.2 Inhoud van colloquium doctum**
- 5.2.2.1** Die *colloquium doctum* is 'n toets van die kandidaat se wetenskaplike bekwaamheid, asook sy/haar kennis van die Gereformeerde teologie en sy/haar gehegtheid aan die leer van die Kerk. Dié ondersoek kan mondeling of skriftelik afgeneem word.

- 5.2.2.2 Elke eksamenkommissie moet 'n voorgeskrewe bestek aan kandidate vir *colloquium doctum* voorsien, sodat die leergehegtheid en die kennisvaardigheid van die kandidate onder andere aan die hand daarvan getoets kan word.
- 5.2.3 **Afwysing by die *colloquium doctum***  
Indien iemand by die *colloquium doctum* deur die betrokke eksamenkommissie afgewys word, mag hy/sy hom/haar na ses maande weer aanmeld vir herondersoek.
- 5.2.4 **Aanbeveling vir legitimasie**  
Nadat *colloquium doctum* tot bevrediging van die eksamenkommissie afgelê is, word die kandidaat by die kuratorium vir sy/haar beslissing aanbeveel. Die kuratorium lê die naam van die kandidaat aan die Algemene Regskommissie voor vir legitimasie.
- 5.3 Legitimasie**
- 5.3.1 Die (Algemene Taakspan Regte) Algemene Regskommissie behartig die legitimasie van goedgekeurde kandidate (KO Artikel 6). Hierdie kommissie sien toe dat die legitimasieverklaring afgelê en onderteken word.
- 5.3.2 **Plegtige toelating**  
Die geëksamineerde word met 'n gepaste woord deur die aktuaris van die Algemene Sinode of 'n lid van die (Algemene Taakspan Regte) Algemene Regskommissie tot die evangeliebediening toegelaat. In die reël geskied dit by geleentheid van 'n openbare kerklike byeenkoms wat vir die doel as afsluiting van die jaar se werksaamhede in oorleg met die kuratorium gereël is. 'n Akte van Legitimasie namens die Algemene Sinode, onderteken deur twee lede van die Regskommissie, word aan hom/haar uitgereik. Die gelegitimeerde kry die bevoegdheid van proponent.
- 5.3.3 **Kennisgewing in die amptelike blad**  
Van sy/haar legitimasie word in die amptelike blad van die Kerk kennis gegee.
- 5.3.4 **Die bevoegdheede van 'n proponent**  
Die bevoegdheid van 'n proponent word gereël deur die reglement vir die bevoegdheid van predikante en proponente van die Algemene Sinode. (Kyk Reglement 3: 3).
- 5.3.5 **Studente wat in die buiteland studeer het**  
Studente van die NG Kerk wat in die buiteland studeer het, moet ook die proponentseksamen aflê voordat hulle gelegitimeer kan word.
- 5.3.6 **Eise vir legitimasie van predikante of proponente uit ander kerke**  
'n Predikant van 'n ander kerk wat begeer om tot die bediening in die NG Kerk toegelaat te word, dien skriftelik 'n gemotiveerde aansoek in by die kuratorium van een van die teologiese fakulteite waar predikante vir die NG Kerk opgelei word. Hierdie aansoek moet vergesel wees van die getuienis van die ring van die NG Kerk binne wie se grense hierdie persoon as predikant in die bediening is, of woon (indien nie meer in die aktiewe bediening nie) en/ of van die kerk of gemeente van waaruit hy kom. Die kuratorium bepaal watter aanvullende opleiding nodig is, indien enige. Lidmaatskap van 'n gemeente van die NG Kerk word vereis voor enige verdere handeling. In die geval van aanvullende opleiding word so 'n persoon normaalweg saam met ander studente en na suksesvolle voltooiing van die vereiste studie gelegitimeer. Indien geen verdere aanvullende opleiding vereis word nie, word die persoon na *colloquium doctum* op die gebruikelike wyse gelegitimeer.
- 5.3.7 **Persone uit inrigtings van erkende kerke**  
'n Persoon wat 'n volledige of gedeeltelike teologiese opleiding aan inrigtings van erkende kerke gevolg het, en wat na die eise van lidmaatskap van 'n gemeente van die NG Kerk gehandel het, word deur die kuratorium in oorleg met die raad van NG Kerk-dosente aanbeveel nadat bewys gelewer is dat die opleiding van die betrokke kandidaat beantwoord aan vereistes wat gelykstaande is aan die standaard van opleiding van die NG Kerk. 'n Sodanige aansoeker word dan toegelaat om die deel van die opleiding wat nog ontbreek, aan te vul om te voldoen aan die vereistes van 'n volledige kursus en mag, na aflegging van die proponentseksamen (gewysig volgens die bepaalde omstandighede) gelegitimeer word.
- 5.3.8 **Persone uit inrigtings van nie-erkende kerke**  
Van persone wat 'n volledige of gedeeltelike teologiese opleiding aan inrigtings van nie-erkende kerke gevolg het, word verwag om die vereiste teologiese studie aan een van die fakulteite waar predikante van die NG Kerk opgelei word, te voltooi.
- 5.3.9 **Persone uit nie-kerklike inrigtings of fakulteite**  
'n Persoon wat sy teologiese opleiding geheel of gedeeltelik aan 'n inrigting/fakulteit wat nie aan die Kerk verbind is nie en waar die NG Kerk geen inspraak by die aanstelling van dosente of by die keuring, toesig, dissipline, opleiding en begeleiding van studente het nie, moet die vereiste teologiese kursus aan een van die teologiese fakulteite waar predikante van die NG Kerk opgelei word, voltooi alvorens hy/sy gelegitimeer kan word.
- 6. BYKOMENDE SINODALE BEPALINGE**  
Die betrokke sinode(s) binne wat verantwoordelikheid vir die teologiese opleiding aanvaar,



kan na gelang van plaaslike omstandighede en verhoudinge met die universiteite verdere bepalinge neerlê, op voorwaarde dat dit nie in stryd is met die besluite van die Algemene Sinode soos in hierdie Reglement vervat nie.

## 7. PLEGTIGE LEGITIMASIE-VERKLARING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Ek, die ondergetekende, ....., oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here

1. dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelijdenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;
2. dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;
3. dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer;
4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie;
5. dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou;
6. dat ek, om beroep te word, volgens die Kerkorde en besluite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal optree;
7. dat ek my op die uitbreiding van die Koninkryk van God sal toelê deur die bevordering van die kennis van, vertrouwe in en gehoorsaamheid aan die Drie-enige God;
8. dat ek myself verbind tot voortgesette bedieningsontwikkeling.

Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormelde.

Geteken te \_\_\_\_\_ op hierdie \_\_\_\_\_ dag van  
20\_\_\_\_\_

Geteken in my teenwoordigheid: \_\_\_\_\_  
(Namens die Algemene Regskommissie)

## 8. VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING (VBO)

- 8.1 Die kommissie wat voortgesette bedieningsontwikkeling koördineer en die Algemene Sinode ten opsigte van Beleid adviseer, is AKTO.
- 8.2 Op grond van die besluite van die Algemene Sinode is dit onontbeerlik vir alle predikante om gereeld kursusse en programme in voortgesette bedieningsontwikkeling te volg.
- 8.3 Elke kuratorium sien toe dat voortgesette bedieningsontwikkeling tot bevrediging van die kerk aangebied word.
- 8.4 'n Verteenwoordiger van die VBO-Forum dien in AKTO.

## WYSIGING – KERKORDE ARTIKELS 12 en 66 (vgl Handeling bl 160-161, T.7.1 pt 3)

### Die Algemene Sinode besluit om Kerkorde Artikels 12 en 66 soos volg te wysig:

#### 1. KERKORDE ARTIKEL 12

##### 1.1 ARTIKELS

1.1.1 Wysig KO art 12.7.2 om te lui: “Op grond van **gebreekte bedieningsvaardigheid of dienslewering** (vgl. **12b 2.2 en 12b 2.4.2**);”

1.1.2 Wysig KO art 12.7.3 om te lui: “Op grond van die gemeente of kerkverband se **bedienings- en bedryfsvereistes (insluitend finansiële onvermoë)** (vgl. **12b 2.3 en 12b 2.4.4**).

##### 1.2 BEGELEIDENDE BESLUIE

Word verwys na die nuwe ATR.

#### 2. KERKORDE ARTIKEL 66.4.5

Vervang “**die Algemene Sinode**” met “**die ASM op aanbeveling van die ATR.**”

## KO ART 43 EN DIE TAAK VAN DIE ALGEMENE SINODE

(vgl Handeling bl 161, T.7.1 pt 4.1) – Reeds afgehandel

## AARD EN SELFSTANDIGHEID VAN SINODES

(vgl Handeling bl 161, T.7.1 pt 4.2) – Reeds afgehandel

## **EKKLESIOLOGIE**

(vgl Handeling bl 161, T.7.1 pt 4.3) – Reeds afgehandel

## **NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING**

(vgl Handeling bl 162, T.7.1 pt 4.4) – Reeds afgehandel

## **JEUGBEDIENING (JONK)**

(vgl Handeling bl 162, T.7.1 pt 4.5) – Reeds afgehandel

## **JEUGWERKERS**

(vgl Handeling bl 162, T.7.1 pt 4.6) – Reeds afgehandel

## **LIDMAATBEMAGTIGING**

(vgl Handeling bl 162-163, T.7.1 pt 4.7) – Reeds afgehandel

**KERKLIKE TUG** (vgl Handeling bl 163, T.7.1 pt 4.8)

**Die Algemene Sinode besluit dat die saak by dieselfde ondersoek rondom Tribunale betrek word.**

## **INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE**

(vgl Handeling bl 163, T.7.1 pt 4.9) – Reeds afgehandel

## **TWEEDELOOPBAAN-STUDENTE**

(vgl Handeling bl 163, T.7.1 pt 4.10) – Reeds afgehandel

## **ALTERNATIEWE BANE**

(vgl Handeling bl 163-164, T.7.1 pt 4.11) – Reeds afgehandel

## **VBO**

(vgl Handeling bl 164, T.7.1 pt 4.12) – Reeds afgehandel

## **JURIDIESE EN KERKREGTELIKE KNELPUNTE**

(vgl Handeling bl 164, T.7.1 pt 4.13) – Reeds afgehandel

**VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS** (vgl Handeling bl 164, T.7.1 pt 4.14)

**Die Algemene Sinode wys die AKGA daarop dat hul reglement aan die ATR voorgelê moet word vir aanbeveling by die ASM vir goedkeuring.**

**BESKRYWINGSPUNT B.3.2: ARTIKEL 63** (vgl Handeling bl 164, T.7.1 pt 5.1)

**Die Algemene Sinode besluit om die beskrywingspunt goed te keur:**

**Die Algemene Sinode voeg die volgende punt by Artikel 63: “Indien ’n ampsdraer voor of tydens ’n ondersoek na aanleiding van ’n tugklag of gerug teen hom/haar bedank, die bevoegde kerkvergadering voortgaan om die ondersoek te hanteer en die nodige besluit(e) te neem.”**

## **BESKRYWINGSPUNT B.5.1: REGSADVIES TOV KERKVERENIGING**

(vgl Handeling bl 165, T.7.1 pt 5.2) – Reeds afgehandel

**BESKRYWINGSPUNT B.6.1: VERKIESING VAN DIE MODERATUUR (Noord-Kaap)** (vgl Handeling bl 165, T.7.1 pt 5.3)

**Die Algemene Sinode besluit om die beskrywingspunt na die ATR te verwys vir studie en rapport aan die volgende Algemene Sinode.**

## **T.7.2 TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE TAAKSPAN REGTE**

(Vgl Handeling bl 166-169)

## **KERKORDE ARTIKEL 41**

(vgl Handeling bl 166, T.7.2 pt 1) – Reeds afgehandel

## **BESKRYWINGSPUNT B.1.2: ALGEMENE SINODE**

(vgl Handeling bl 166-168, T.7.2 pt 2.1) – Reeds afgehandel

## **BESKRYWINGSPUNT B.3.1: BEVOEGDHEID VAN GEESTELIKE WERKERS**

(vgl Handeling bl 168, T.7.2 pt 2.2) – Reeds afgehandel

**BESKRYWINGSPUNT B.6.5: ARTIKEL 58** (vgl Handeling bl 169, T.7.2 pt 2.3)

**Die Algemene Sinode verwys hierdie beskrywingspunt na die Algemene Taakspan vir Diensverhoudinge (ATDV)**

## **10. KERKRAADSLEDE OP DIE MODERAMEN (vervolg):**

Me J (Hantie) Bezuidenhout is verkies as kerkraadslid op die Moderamen.

Die sinode moet uit die oorblywende tweetal nog een persoon aanwys:

Nel Z\*

Oliphant M\*

## **T.7.3. DERDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE TAAKSPAN REGTE**

(Vgl Handeling bl 170-172)

**KERKORDEWYSIGING ARTIKELS 3 EN 9** (vgl Handeling bl 170-171, T 7.3 pt 1)

**Die Algemene Sinode keur die gewysigde Kerkorde Artikels 3 en 9 goed:**

### **ARTIKEL 3**

**3.1 Dienswerk is deelname aan die werk wat God die Vader in Christus deur sy Gees in die wêreld doen om sy koninkryk te vestig.**

**3.2 Elke lidmaat is deur God tot diens in die gemeente en wêreld geroep.**

**3.3 Lidmate kan afgesonder word om op 'n besondere wyse in een of meer van die gemeente se bediening diensbaar te wees.**

**3.4 Die volgende ampte word onderskei om amptelik leiding te neem:**

- Dié van lerende ouderling of bedienaar van die Woord
- Dié van regerende ouderling
- Dié van diaken

**3.5 Die ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei.**

### **ARTIKEL 9**

**9.1 Die fokus van die amp van die predikant is die bediening van die Woord (in al sy gestaltes) en van die Sakramente, sowel as die toerusting van gelowiges vir die deelname van die kerk aan die werk van God in sy wêreld.**

**9.2 Die predikant is geroep om die Woord van God te bestudeer, onderrig daarin te gee en dit oral te verkondig; om die Sakramente te bedien en om saam met en vir die gemeente te bid en 'n navolger van Christus te wees op so 'n manier dat ander hom / haar kan navolg (soos geamendeer JHG Gous/ GF Claassen).**

**9.3 Die amp van die predikant funksioneer binne 'n gemeente of as deel van dienswerk van die kerkverband in die wêreld.**

**9.4 In gemeentes aanvaar die predikant veral verantwoordelikheid vir die prediking en die bediening van die sakramente. Die predikant is, saam met die ander ampte, verantwoordelik vir:**

- die diens van die gebede,
- eredienste,
- onderrig en toerusting,
- opbou van die gemeente,
- die gemeente se dienswerk in die wêreld,
- leiding en organisering van die gemeente,
- uitoefening van Christelike liefde en tug,
- **pastorale versorging** (hierdie punt het per abuis redaksioneel uitgeval en word met goedkeuring van die vergadering ingevoeg).

**Kerkrade onderskei, saam met die predikant, oor die wyse waarop dié roeping en verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in 'n diensooreenkoms.**

**9.5 Die predikant neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.**

**9.6 As deel van die dienswerk van die kerkverband aan die wêreld tref die kerkverband reëlins oor wyses waarop die predikant deelneem aan die werk wat God in Christus deur sy Gees in die wêreld doen.**

## **BEDANKING VAN 'N LERAAR**

(vgl Aanvullende Verslae bl 18, A.3.4.1 Algemene Taakspan Regte pt 4 asook Handeling bl 171, T.7.3 Derde Verslag van die Tydelike Taakspan Regte pt 2) – Reeds afgehandel

## **KERKRAADSLEDE OP DIE MODERAMEN**

Me M (Tilla) Oliphant is verkies is as tweede kerkraadslid op die Moderamen.

**10. VOORSTEL: SKRIFBESKOUIING** (J Janse van Rensburg/ AR Hanekom) – goedgekeur.

Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting te maak van al die besluite van die Algemene Sinodes van 1986, 2002 en 2004 oor Skrifbeskouing en Skrifgesag.

## **11. SAKE VAN DIE REGSKOMMISSIE (vervolg)**

**HERSIENING VAN REGLEMENTE** (Vergelyk Aanvullende Verslae bladsy 44 – 64, pt 3.2 bl 64 asook Handeling bl 173-174, T.7.4 Vierde Verslag van die Tydelike Taakspan Regte. T.7.4 vervang die reglemente van ADGO en ADD in die Aanvullende Verslae. Die reglement van ADO verval aangesien die Diensgroep verval. Die reglement van die ASM is reeds goedgekeur)

1. Die Algemene Sinode keur die volgende reglemente goed: ADGO, ADD, en AKAI.
2. Die bestaande Reglement 5 en 17 verval en word vervang deur die Reglement vir die ADD.
3. Bestaande Reglement 8, 10 en 26 verval en word vervang deur die Reglement vir die ADGO.
4. Die reglement vir die ATBV is reeds gewysig en deur die ASM goedgekeur en sal in die nuwe Kerkorde opgeneem word.
5. Bestaande Reglement 6 is aangevul met bepalinge oor nuwe gemeente ontwikkeling wat reeds deur die ASM goedgekeur is.
6. Bestaande Reglement 11 is aangevul met bepalinge oor die personeel wat deur die ASM goedgekeur is.
7. Bestaande Reglement 12.7 word gewysig om soos volg te lui: “Die Kerklike Jeugwerkersvereniging doen verslag aan die ADGO.”
8. ATR word versoek om Kerkorde Reglement 19 in samewerking met die ADGO te hersien. Spesifieke ondersoek moet ingestel word na die bestaande beperking dat die skep en omskep van poste beperk is tot finansiële behoeftes, en of bedieningsbehoefte nie ook 'n oorweging behoort te wees nie.
9. Die ATR word versoek om die numerering van die Reglemente aan te pas in die nuwe Kerkorde.
10. Die Algemene Sinode verwys die Reglement van die GDN na die ATR, en die ATR sal intussen nog inligting van die GDN inwin.
11. Die Algemene Sinode versoek die ATR om die nodige regstellings in die betrokke Reglemente te maak ten opsigte van die verwysings na die verandering van personeel rondom kundiges en Universiteitspersoneel.

## **T.7.5. VYFDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE TAAKSPAN REGTE**

(Vgl Handeling bl 175-176)

**TRIBUNALE** (vgl Handeling bl 175, T.7.5 pt 2)

Die Algemene Sinode besluit:

1. om die Sinode van Wes-Transvaal en die Noordelike Sinode te versoek om aan die hand van die voorgestelde Reglement vir Tribunale (slegs vanaf punt 2, Agendaboek I bladsy 333) ondersoek te doen wat die bevoegdheid van predikante raak, proefondervindelik te implementeer;
2. om opdrag aan die ATR te gee om na gelang van omstandighede in die proefperiode enige wysiginge aan die voorgestelde reglement aan te bring met goedkeuring deur die ASM;
3. om ter wille van die proeftydperk die volgende aanpassings te maak aan die Reglement vir die duur van die proefperiode:
  - 3.1 punt 2.6 – vervang AT met ATR
  - 3.2 punt 3 – vervang telkens AT met ATR
4. om die twee deelnemende sinodes te versoek om die ATR gereeld op hoogte te hou van die prosesse/ondersoek;
5. om, in die lig van Kerkorde Artikel 45.2, Artikels 12, 59-66 wat betrekking het op die predikant se bedieningsbevoegdheid, vir die deelnemende sinodes op te skort tot die volgende vergadering van die Algemene Sinode;
6. dat die Sinodale Tribunaal eers in die betrokke sinodes sal geld nadat elke betrokke sinode die reglement asook deelname aan die proefneming, goedgekeur het; en
7. om opdrag aan die ATR te gee om regsadvies in te win oor die geldigheid van sodanige

proefneming.

**PREDIKANTE A-Z** (vgl Handeling bl 175, T.7.5 pt 3)

**1. Die Algemene Sinode besluit dat geen Kerkorde-wysiging as gevolg van die aanvaarding van die A-Z Beleid op hierdie stadium aangebring word nie, maar dat die periode tot by die volgende vergadering van die Algemene Sinode sal dien as infasseringstydperk. Die ATR sal die volgende Algemene Sinode bedien met voorstelle vir Kerkordewysiging.**

**2. Die Algemene Sinode neem kennis dat die aanvaarding van die A-Z beleid die volgende moontlike Kerkordelike implikasies inhou:**

**a KO Art.3 met die oog op Beleid punt 1.3**

**b KO Art.5 met die oog op Beleid punt 2, 4.5**

**c KO Art.6 met die oog op Beleid punt 8.1.1**

**d KO Art.7 met die oog op Beleid punt 10**

**e KO Art.8 met die oog op Beleid punt 11**

**f KO Art.9 met die oog op Beleid punt 1.4**

**g KO Art.10 in die lig van die missionêre ekklesiologie (Sien ook Regl 3-1.3; Funksionele besluit 16)**

**h KO Art.11 met die oog op Beleid punt 7**

**i KO Art.12 met die oog op Beleid punt 7.3, 9**

**j KO Art.13 met die oog op Beleid punt 5, 8**

**k KO Art.14 met die oog op Beleid punt 11**

**l KO Regl 3 (die A-Z Beleid kan met aanvulling uit die bestaande Regl 3 hierdie reglement vervang. Die plek van die ring na ordening tot by die beroeping van die predikant moet Kerkordelik verreken word)**

**m KO Regl 12 & 19 (Jeugwerkers & Tentmakers – hang saam met die ontwikkeling van die ampsbegrip)**

**n KO Regl 14 (Opleiding & Legitimasie – in die lig van Beleid punte 5 en 6),**

**o KO Regl 20 (AKTO – in die lig van Beleid punt 4.5)**

**p KO Regl 25 (Diensverhoudinge – in die lig van Beleid punt 9)**

**q KO Regl 27 (AKPB – in die lig van Beleid punte 7,8)**

## **BEVOEGDHEID LLB GAUM**

(vgl Handeling bl 176, T.7.5 pt 4)

Die Sinode neem kennis dat Dr PR du Toit in die eerskomende Kerkbode kennis gee van die herstel van bevoegdheid van LLB Gaum, en ds JP Theron en die Sinodale Regskommissee van Suid- en Wes Kaapland sal verder met LLB Gaum onderhandel.

## **VOLGENDE VERGADERING**

(vgl Handeling bl 176, T.7.5 pt 5)

Die Sinode neem kennis dat die ATR so spoedig moontlik na die eerskomende skoolvakansie vir 'n dag of meer vergader om onder andere die Kerkorde te hersien in die lig van die besluite wat tydens die Algemene Sinode geneem is mdo op publikasie van die nuwe Kerkordeboek teen die einde van hierdie jaar.

## **12. UITSTAANDE SAKE VAN DIE REGSKOMMISSIE**

**VOORSTEL: WYSIGING VAN PT 3.7. VAN DIE REGLEMENT VIR DIE ATR (JH Windell/ S du Toit) - goedgekeur.**

**Die Algemene Sinode wysig pt 3.7 van Reglement vir die Algemene Taakspan Regte soos volg: (Die kommissie) beslis, na oorweging van 'n aanbeveling van 'n kerkvergadering of 'n predikant/ proponent se reg om beroep te word, opgeskort moet word (vgl. KO Art. 64.5.4.2) of dat sy/haar ampsbevoegdheid beëindig moet word (vergelyk Art 64.5.4.3). Persone wat geraak word deur die aanbevelings van tugvergaderings wat betref die opskorting/verlies van hulle ampsbevoegdheid, kan hulle by wyse van skriftelike verhoë tot die ARK rig voordat die ARK 'n besluit neem.**

**Die ATR is nie 'n hersieningsliggaam wat die meriete van die tugondersoek moet nagaan nie. Die ATR gaan die kerkvergadering se verslag na om te bepaal of**

- \* daar aan die kerklike vereistes vir 'n tugondersoek voldoen is;**
- \* die bevinding behoorlik uiteengesit is;**
- \* die tugmaatreëls behoorlik gemotiveer is.**

**VOORSTEL: BYVOEGING VAN NUWE PT 3.8. TOT DIE REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE TAAKSPAN REGTE (JH Windell/ S du Toit) - goedgekeur**

**Die Algemene Sinode besluit om 'n nuwe pt 3.8 tot die Reglement van die Algemene Taakspan Regte toe te voeg:**

**(Die kommissie) het die reg nav 3.7 (hierbo) om 'n tugondersoek na die betrokke kerkvergaderings terug te verwys indien die ATR oordeel dat die ondersoek nie voldoen aan die kerklike vereistes en beginsels van natuurlike geregtigheid nie.**

GRONDIGE HERSIENING VAN DIE KERKORDE (vgl Agenda Deel I bl 459 asook Aanvullende Verslae bl 43-44) (Weens omvang van die aanbeveling word die oorspronklike numerering en formatering behou)

**2.2.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat niemand die ATR se uitnodiging om wysiginge aan die Kerkorde vooraf te bespreek met die ATR, benut het nie.**

**2.2.2 Die Algemene Sinode keur die volgende wysigings aan die Kerkorde goed:**

**2.1 Dat die volgende artikels van die Kerkorde wat die Algemene Sinode raak, onveranderd gelaat word: Artikels 39-45.**

**2.2 Dat die ADGO bv ook in die verandering van hulle reglement na die opname van die jeugbediening en andere sal kyk.**

**2.3 Dat die ADD beide die “Diens van Barmhartigheid” en “Getuienis” – komponente sal verreken.**

**2.4 Artikel 7** (Wysiginge in “bold”):

7.3.1 'n ~~Verteenwoordiger~~ **Lid** van die Ringskommissie, wat nie lid van die betrokke gemeente is nie, adviseer die kerkraad.

7b2.1.2 Die kerkraad kan ook geskikte name van die ringskommissie en die Algemene Kommissie vir **Gemeentebediening Predikantebediening** aanvra om die groslis aan te vul EN

**2.5 Artikel 11** (Wysiginge in “bold”):

11.1 Predikante kan die kerkdien slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Hulle hou op om predikant te wees indien hulle hul gemeente of werkkring in die kerkverband verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar. Hulle kan egter vooraf van die **ATR** verlof ontvang om hulle bevoegdheid as proponent te behou.

11.2 Sodanige behoud van die bevoegdheid kan alleen verleen word indien die betrekking wat hulle aanvaar, 'n geestelike karakter dra wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word.

**11.3 Indien daar ander gewigtige redes is, kan sodanige behoud van die bevoegdheid alleen verleen word indien die ATR, op grond van aanbevelings van die kerkraad en die ring, oordeel dat daar genoegsame bona fide redes is om 'n ander betrekking te aanvaar.**

**Besluit by KO ARTIKEL 11**

11b1 Dit staan kerkrade vry om predikante vir 'n bepaalde termyn en vir 'n bepaalde taak te beroep in gevalle waar dit nie gaan om 'n permanente pos nie.

**11b2 'n Emeritus, ouer as 65 jaar en jonger as 70 jaar, kan vir 'n bepaalde taak en termyn van hoogstens twee jaar beroep word.**

11b3 Die termynbepaalde pos word geskep met approbasie/goedkeuring van die Ring/Ringskommissie wat die meriete daarvan moet oorweeg.

11b4 Aan die einde van die termyn behou so 'n persoon die bevoegdheid wat hy/sy gehad het voor hy/sy in die pos bevestig is.

**2.6 Artikel 28** (Wysiginge in “bold”):

28.4 Indien die plaaslike leraar(s) nie by 'n gewone of buitengewone kerkradsvergadering teenwoordig kan wees nie, moet die konsulent of 'n ander ~~rings~~ leraar deur ~~hom/haar~~ **die ring** daartoe ~~versoek~~ **versoek** goedgekeur, die vergadering adviserend namens die ring bywoon **met verslag aan die ring**. Die ~~konsulent~~ persoon kan ook op versoek van die kerkraad as voorsitter optree.

**2.7 Artikel 30** (Wysiginge in “bold”):

30.1 Die ring word saamgestel uit die leraar(s) en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die ringsgebied. **Waar die predikantspos vakant is, kan 'n ouderling/diaken vir die predikantspos afgevaardig word.**

30.2 As 'n gemeente meer as een predikantspos het, het die kerkraad die reg om nog een ouderling/diaken vir elke bykomende predikantspos af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. **Waar in sodanige gemeente 'n predikantspos vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig.**

**2.8 Artikel 32** (Wysiginge in “bold”):

Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/~~Moderatuur~~ **Moderamen** gewysig word op versoek

en met goedkeuring van die betrokke Sinode(s)/Sinodale Kommissie(s).

**2.9 Artikel 33** (Wysiginge in “bold”):

33.1.1 'n Gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens uit elke gemeente in die sinodale gebied as afgevaardigdes van elke kerkraad. **Waar 'n predikantspos vakant is, kan 'n ouderling/diakon vir die predikantspos afgevaardig word.** Die sinode besluit op die aantal afgevaardigdes per gemeente; of

**2.10 Artikel 35** (Wysiginge in “bold”):

35.6 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode ~~uit sy lede.~~

**2.11 Artikel 50** (Wysiginge in “bold”):

**50.4 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.**

**2.12 Artikel 52** (Wysiginge in “bold”):

**52.3 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem**

**2.13 Artikel 53** (Wysiginge in “bold”):

53.3 Sending is die roeping van elke lidmaat asook die gemeente. Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband ~~van ring en sinode~~ onderneem.

**2.14 Artikel 54** (Wysiginge in “bold”):

54.2 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, onderneem die gemeentes in kerkverband ~~van ring en sinode~~ barmhartighedsbediening.

**2.15 Artikel 55** (Wysiginge in “bold”):

55.3 Die Kerk het die onvervreembare reg om sy eie lidmate vir bepaalde werksaamhede te organiseer deur ~~kommissies van~~ die kerkraad, ring óf sinode óf te laat organiseer deur organisasies wat van die Kerk daartoe opdrag gekry het.  
55.5 Organisasies wat in hierdie verband tot stand kom, lê hulle bepalinge aan die betrokke kerkvergadering vir goedkeuring voor. ~~Die voorlegging geskied deur die kerklike kommissie wat verantwoordelik is vir die afdeling van die Kerk se werk waarby die organisasie die nouste betrokke is.~~

**2.16 Artikel 63** (Wysiginge in “bold”):

**63.3.1.7 Indien 'n ampsdraer voor of tydens 'n ondersoek na aanleiding van 'n tugklag of gerug teen hom/haar bedank, die bevoegde kerkvergadering voortgaan om die ondersoek te hanteer en die nodige besluit(e) te neem.**

**13. A.6.4.2 ALGEMENE TAAKSPAN DIENSVERHOUDINGE** (Vgl Aanvullende Verslae bl 81-82)

Dr Gerrit Cloete lei die aanbieding van die verslag in en hou die volgende aanbevelings aan die sinode voor vir goedkeuring:

**VERLOFREËLINGS** (vgl A.6.4.2 Algemene Taakspan Diensverhoudinge bl 1 pt 1.2(\*3)

**Die Algemene Sinode:**

1. Herinner kerkrade en ander werkgewers daaraan dat die regsgeldigheid van ooreenkomste rakende die verlof van predikante in die gedrang kan kom indien dit van die Bepalings van Reglement 22 afwyk;
2. Gee opdrag aan die ATR om, in oorleg met die ATDV, die locus standi van Reglement 22 te heroorweeg in die lig van die behoefte van sommige kerkrade om aanpassings te onderhandel en daarvoor vir afhandeling aan die ASM verslag te doen.

**DIE ADMINISTRASIE VAN DIENSVERHOUDINGE BY DIE PERSONEEL VAN DIE ALGEMENE SINODE**

(vgl A.6.4.2 Algemene Taakspan Diensverhoudinge bl 1-2 pt 1.4 (\*7)

**Die Algemene Sinode**

- 1 keur die koppeling van ds Johann Symington as Direkteur Kommunikasie aan die kantoor van die Algemene Sekretaris (standplaas Pretoria) goed;
- 2 keur die koppeling van die Argivaris as Direkteur Argiefbestuur en –Inligtingsdienste aan die kantoor van die Algemene Sekretaris (standplaas Stellenbosch) goed;
- 3 bevestig dat dr Johann Froneman as predikant van die Algemene Sinode met opdrag Argiefbestuur en –Inligtingsdienste benoem is en gee opdrag aan die Aktuaris om, met verslag aan

die ASM, die nodige dokumentasie te finaliseer;

4 gee opdrag aan die Algemene Sekretaris om in oorleg met die ATKM en ATDV met die Sinode van Wes-Kaap oor die kontraktering van dr Ben du Toit vir die Parlementêre Lessenaar te onderhandel en die ASM met 'n aanbeveling oor 'n bevredigende reëling te adviseer.

Prof Piet Strauss neem weer die voorsitterstoel in.

#### **14. NOTULE VAN DIE DERDE SITTINGS DAG**

Die Algemene Sinode keur die Notule van die derde sittingsdag inhoudelik goed.

#### **15. VOORSTEL: WERKING VAN SINODE** (DJ Malan/ MS Janse Van Rensburg) – goedgekeur.

Die Algemene Sinode versoek die ASM om:

1. Die moontlikheid te ondersoek na die moontlike skeiding tussen beleidsake aan die een kant en ander sake soos administratiewe- en bestuursaangeleenthede aan die ander kant wat deur die ASM afgehandel kan word.
2. Om kriteria te ontwikkel waarvolgens onderskei kan word tussen beleidsake en ander sake soos in besluit 1 genoem.
3. Met behulp van die ATR die Kerkordelike implikasies van so 'n skeiding te bepaal;
4. Die volgende Algemene Sinode te adviseer in hierdie verband.

#### **16. DANKWOORD: BEDIENING AAN DOWES**

Mnr Erik de Waal bedank die Algemene Sinode vir die besluit wat geneem is om dowe predikante se status as volledige ampsdraers te oorweeg.

#### **AANKONDIGINGS:**

Dr Kobus Gerber doen enkele aankondigings en doen 'n beroep dat almal teen 11:15 terug in die saal sal wees. Hy versoek ook diegene wat 'n geldelike bydrae wil maak vir die koor wat gisteraand by ons opgetree het, om dit te doen in die kartondose wat by die deure beskikbaar sal wees.

**VERVERSINGS:** Die vergadering verdaag om 11:00 vir verversings

### **TWEEDE OGGENDSESSIE**

#### **17. AFSLUITING VAN DIE SINODESITTING 2007**

#### **BEDANKINGS:**

Dr Kobus Gerber bedank almal betrokke vir die reëlings rondom die aanbieding van die sitting:

1. Die Ontwerpspan vanaf Julie 2005 en tydens die vergadering.
2. Taakspanne, diensgroepe en tydelike kommissies vir die kwaliteit verslae in die Agenda opgeneem.
3. Sinode Hoëveld – Gasheersinode – onder leiding van dr Paul du Plessis met ds Cobus Rossouw (Logistiek), dr Gideon Kok (Notule), ds Corneil du Plessis (Spiritualiteit) met hulle spanne.
4. Die klankspan onder leiding van ds Christo du Plessis (Pastors of Sound); die grafikaspan onder leiding van Immanuel van Tonder en Zander van der Westhuizen.
5. Barry van Rensburg en Koos Nel en hulle span vir die geprojekteerde beeld in samewerking met Puma Video.
6. Die optrede en hulp van die plaaslike gemeente.
7. Die Sinodebode onder leiding van ds Johann Symington en personeel van die Kerkbode, en die drukwerk deur Nick Oosthuizen van Numasa Ondernemings – hy het dit snags afgehaal en om 07:00 weer afgelewer.
8. Die Media – Beeld, Rapport, Burger en SAUK.
9. Die fasiliteerders en tafelleiers.
10. Ons wonderlike tolke.
11. Die personeel van die Algemene Sinode se kantoor – Malinda, Kotie, Lorraine, Suzanne en Erica Smith (Algemene Sinode VGKSA).
12. Al die uitstallers wat groot moeite gedoen het. Groot dank aan die uitstallers wat as borge opgetree het.
13. Almal wat hulp aangebied het.
14. Allan Orrels
15. Hassan Sunday van Conference Telecommunications vir die voorsiening van die elektroniese stemapparaat asook die rekenaars deur die notulekommissie en administratiewe personeel gebruik.
16. Almal wat kom help musiek maak het.
17. Die uittredende en nuutverkoze moderatuur.



18. Birchwood Hotel en Konferensiesentrum – veral vir ete-voorbereidings! Ons dank in besonder aan  
18.1 Lloyd Marshall (Bestuurder) en personeel.  
18.2 Lucky Malatji (Assistent bestuurder) wat persoonlik in die saal kom slaap het toe daar nie genoeg  
sekeriteitsmense was om al die duisende rande se toerusting op te pas nie.  
19. Ester Steyn, Maartje Potgieter en die Studente Steunspan – Teologiese studente van Universiteit  
Pretoria en Universiteit Vrystaat – wat wonderlike diens gelewer het aan die Sinode.  
20. Elke Sinodeganger word ook bedank vir hul liefde en samewerking.

#### **BEDANKING VAN DIE ALGEMENE SEKRETARIS DEUR PROF PIET STRAUSS**

Prof Piet Strauss bedank dr Kobus Gerber en die vergadering vir die wyse waarop die vergadering gehou is.  
Dr Gerber word veral gekomplimenteer vir sy gesindheid, samewerking en leierskap.

#### **EVALUASIE EN WAARDES VAN DIE VERGADERING**

Ds Nelis van Rensburg hanteer die sluiting van die sitting, en versoek dr Frederick Marais om die  
tafels gesprekke in te lei. Die vergadering kry ses minute om 'n oënskou te neem oor welke van die  
luisterwaardes van die NG Kerk vir hulle tydens die sitting gerealiseer het.

Daarna word die vergadering vergas met 'n sangoptrede deur die bekende Jannie du Toit.

#### **WAARDES VAN DIE NG KERK**

Ds Nelis van Rensburg hou die waardes van die luisterende Nederduitse Gereformeerde kerk, naamlik  
*leerbaarheid, vertrouwe, deernis en openheid*, aan die Sinode voor aan die hand van gepaste Skrifgedeeltes.  
Daarna word 'n aantal lofliedere gesing onder leiding van ds Corneil du Plessis en die begeleidingsgroep.

#### **DIE ROEPINGSVERKLARING EN FINALE GEBED**

Prof Piet Strauss lees ten slotte die Roepingsverklaring aan die sitting voor, waarna Analize Wiid die Sinode  
toesing met die lied "Jy is geseënd om te seën..."

Prof Piet Strauss sluit daarna die 13de Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk af met  
gebed.

#### **SOLI DEO GLORIA**

# **VERSLAE VAN TYDELIKE KOMMISSIES**

## T.1.1 KOMMISSIE VIR DIENSGROEPE EN TAAKSPANNE

### AANBEVELING: VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR DIENSGROEPE EN TAAKSPANNE

1. Die Algemene Sinode verander die samestelling van die aantal Diensgroepe in die lig van die feit dat die huidige Diensgroep Ondersteuningsdienste nie funksioneel kon wees nie.
2. Die Algemene Sinode besluit om by die volgende Diensgroepe/ Taakspanne se samestelling by te voeg een NG Kerk-dosent van elk van die Teologiese Fakulteite: ADD, ADGO, Taakspan Regte, Taakspan Leer en Aktuele Sake.
3. Die Algemene Sinode besluit om Beskrywingspunt B.6.3 te aanvaar:  
*Die Algemene Sinode besluit om die samestelling van die Algemene Sinode se Taakspan vir Leer- en Aktuele Sake (ATLAS) by die sitting van die Algemene Sinode in 2007 te hersien, en wel op so 'n wyse dat elke Sinodale Kommissies vir Leer en Aktuele Sake (of die "diensgroep" of "taakspan" in 'n betrokke Sinode wat dié sake behartig) direk deur sy eie verteenwoordiger(s) op ATLAS verteenwoordig word.*
4. Die Algemene Sinode besluit om die twee kerkraadslede (nie-gelegitimeerdes) op die Moderamen soos volg te verkies:
  - 4.1 Die Kommissie vir Diensgroepe en Taakspanne vorm 'n voorlopige groslys van kerkraadslede.
  - 4.2 Die vergadering kan per groslysbriefie aanvul indien nodig.
  - 4.3 Die vergadering stem elektronies.
5. Die Algemene Sinode besluit om die name soos voorgelê, goed te keur.

#### **MODERAMEN**

Word saamgestel volgens die Reglement.

#### **ALGEMENE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS**

Wes-en Suid-Kaap: EC Orsmond (p) F Meyer (s)

Noord-Kaap: JJ Knoetze (p) BJP Booysen (s)

Oos-Kaap: A Oliphant (p) CP Crouse (s)

Kwazulu-Natal: SW Scott (p) LS Schoeman (s)

Vrystaat: CM James (p) JP Robb (s)

Wes-Transvaal: CJ Smit (p) MJG du Plessis (s)

Noordelike: MP Grobler (p) DG Jordaan (s)

Hoëveld: JD Louw (p) HJ Jacobs (s)

Oos-Transvaal: D Botha (p) J Fourie (s)

Namibië: MC van Rensburg (p) JA Theron (s)

#### Kundiges:

JG Botha (PSD Wes- en Suid-Kaap)

CJ Swart (PSD Wes- en Suid-Kaap)

RB van Aarde (PSD Kwazulu-Natal)

WJ Botha (PSD Vrystaat)

GJ van der Watt (PSD Vrystaat)

AD Mocke (PSD Wes-Transvaal)

JH van Loggerenberg (Noordelike Sinode)

A Louw (Oos-Transvaal)

C van Schalkwyk\* (Vrystaat)

ME Grobler\* (Namibië)

#### Sinodale personeel

WC van der Merwe (PSD Algemene Sinode) – **sameroeper**

HJ van Deventer (Bybelmedia)

#### **ALGEMENE DIENSGROEP VIR GEMEENTE-ONTWIKKELING**

Wes-en Suid-Kaapland: AR Hanekom (p) Q Heine (s)

Noord-Kaap: L Forsman (p) J Conradie (s)

Oos-Kaap: BIC Steyn (p) JD Prinsloo (s)

Kwazulu-Natal: GJ van Jaarsveld (p) GP de Lange (s)

Vrystaat: A Barlow (p) BF Joubert (s)

Wes-Transvaal: FJ Smith (p) JA de Man (s)

Noordelike: WA Pretorius (p) MJ Bosman (s)

Hoëveld: HH van der Linde (p) C du K du Randt (s)

Oos-Transvaal: LK Louw (p) DJ Dreyer (s)

Namibië: JC Woest (p) F van den Berg (s)

#### Kundiges:

Jeug: MH Loubser

Nuwe gemeentewikkeling en evangelisasie: NJ Mostert

Predikantebediening: T Swart

Erediens: FJ Clasen

Lidmaatbemaatiging: LK Louw

Vrouelidmate: M Kemp\*

Teologiese Opleiding: PR du Toit

Forum for Intercultural Ministries (FIM): M Rathbone

Bybelmedia: P Fourie

#### Sinodale personeel

Sekretaris vir ADGO: R Hugo\* - **sameroeper**

### **ALGEMENE DIENSGROEP ADMINISTRASIE**

#### **ALGEMENE TAAKSPAN FONDSE**

Wes- en Suid-Kaap: CT Visagie (p) F Cilliers (Saakgelastigde)

Noord-Kaap: FD Hugo (p) JIF de Villiers (s) JPL Mostert (PSD)

Oos-Kaap: CH van Heerden (p) JWJ Viljoen (Saakgelastigde)

Kwazulu-Natal: FJ Klopper (p) DSM Schoeman (s) BJ van Dyk (Saakgelastigde)

Vrystaat: LM Foot (p) PJ van Jaarsveld (s) H van der Walt (Saakgelastigde)

Wes-Transvaal: JNJ van Rensburg (p) JvW du Plessis (s) NWJ van Rensburg (PSD)

Noordelike: JH Voges (p) (**sameroeper**) MN van der Merwe (s) J Kruger (Saakgelastigde)

Hoëveld: DJ le Roux (p) FAJ Ströh (s) DAR Venter (Saakgelastigde)

Oos-Transvaal: CL Venter (p) MC de Bruyn (s) HJ van der Schyff (Saakgelastigde)

Namibië: MJN van der Merwe (p) C Marais (Saakgelastigde)

Ex officio: JJ Gerber (Algemene Sekretaris)

#### **ALGEMENE BEDIENINGSFONDS**

HJ van der Schyff, LK Louw, GJ Cloete, C du K du Randt

#### **STRUWIG-BOSVELDTRUST**

HJ van der Schyff

### **ALGEMENE DIENSGROEP BELYDENIS EN ORDE**

#### **ALGEMENE TAAKSPAN REGTE (ATR)**

Wes-en Suid-Kaap: JP Theron (p) K Delpont (s)

Noord-Kaap: AC Swanepoel (p) TC du Toit (s)

Oos-Kaap: S du Toit (p) AC van der Westhuizen (s)

Kwazulu-Natal: FJ van der Merwe (p) H Theunissen (s)

Vrystaat: HJ Kleynhans (p) MGW de Kock (s)

Wes-Transvaal: JJ Louw (p) HJG Fourie (s)

Noordelike: D Ungerer (p) CJ van Vuuren (s)

Hoëveld: JH Windell (p) CR du Plessis (s)

Oos-Transvaal: JH Wandrag (p) MF Prinsloo (s)

Namibië: HS Grobler (p) HZM Oosthuizen (s)

Ex Officio: die Aktuaris - **sameroeper**

#### **ALGEMENE TAAKSPAN DIENSVERHOUDINGE (ATDV)**

Verteenwoordiger van elk van

ATR:

ATPB:

ATF:

Twee kundiges:

L Backer (p) JH Joubert (s)

GJ Cloete

## **ALGEMENE TAAKSPAN LEER- EN AKTUELE SAKE**

Wes-en Suid-Kaap: BJ du Toit (p) Michiel Strauss (s)  
Noord-Kaap: (wys aan soos nodig)  
Oos-Kaap: DA du Toit (p) (**sameroeper**) JP Cloete (s)  
Kwazulu-Natal: RF Erasmus (p) H Theunissen (s)  
Vrystaat: CM Mitchell (p) J van Rensburg (s)  
Wes-Transvaal: JA Kritzinger (p) AP Cilliers (s)  
Noordelike: JD Kirkpatrick (p) SI Cronje (s)  
Hoëveld: DJ Malan (p) J Kok (s)  
Oos-Transvaal: J Potgieter  
Namibië: WJ Oosthuizen (p) JJ de W Strauss (s)

## **ALGEMENE DIENSGROEP KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE**

### **TAAKSPAN KERKLIKE MEDIA**

6 lede:

A Basson (Namibië)  
GJ Cloete (Noordelike)  
AJ Scherrer (Vrystaat) - **sameroeper**  
AM Pienaar (Noordelike)  
S Spies  
A Wiid\*

1 verteenwoordiger van die volgende Diensgroepe

ADDG:

ADGO:

Algemene Sekretaris: JJ Gerber

Uitvoerende Direkteur: P Fourie

### **DIREKTORAAT KOMMUNIKASIE**

Word hanteer deur die Moderamen en personeel van die Algemene Sinode/ Bybelmedia

### **ARGIEF- EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE (ABID)**

Wes-en Suid-Kaap: AR Olivier  
Noord-Kaap: TE Smit  
Oos-Kaap: WA van Zyl  
Kwazulu-Natal: JJ van Zyl  
Vrystaat: AS Erasmus  
Wes-Transvaal: MJ de Beer  
Noordelike: JC Carstens  
Hoëveld: JB Visser  
Oos-Transvaal: GF du Toit  
Namibië: C Marais  
Direkteur ABID: CJJ Froneman - **sameroeper**  
Algemene Sekretaris: JJ Gerber  
Dosent Kerkgeskiedenis: RM Britz

### **ALGEMENE TAAKSPAN BYBELVERTALING EN -VERKLARING**

\* Deur NG Kerk Dosenterade aanbeveel:

Ou Testamentici: prof HL Bosman (US), prof DJ Human (UP), prof SD Snyman (UV)

Nuwe Testamentici: prof HJB Combrink (US), prof JG van der Watt (UP), prof HC van Zyl (UV)

\* Deur VGKSA aanbeveel: prof PJJS Els (OT), prof GD Cloete (NT)

\* Deur Bybelgenootskap van Suid-Afrika aanbeveel: ds GS Kritzinger en ds HJ Geyer

\* Vakkundiges deur ATBV aanbeveel: prof JA Naudé (Hebreeus/Vertaalkunde),  
prof CHJ van der Merwe (Hebreeus/Vertaalkunde), prof JA du Rand (NT), prof DF Tolmie (NT).

### **TAAKSPAN PARLEMENTÊRE SKAKELING**

BJ du Toit, JHG Gous, JF Pienaar, PJSG du Plessis, EGJ de G Schutte, JM Aucamp

### **CHRISTELIKE LEKTUURFONDS**

Word deur die ADD aangewys.

## **T.2.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE EN EKUMENIESE SAKE**

### **1. HANTERING**

Die Algemene Sinode het by die aandsitting van 5 Junie 2007 besluit om die twee beskrywingspunte oor kerkhereniging (Agenda Deel I bl 495 B.5.1 en B.5.2) na die Moderatuur te verwys aangesien die volle Tydelike Kommissie nie kon vergader nie.

### **2. BESKRYWINGSPUNT B.5.1: REGSADVIES TOV KERKHERENIGING (WES-TRANSVAAL)**

2.1 Die saak is volledig op tafel van die gesprekke tussen die vier kerke van die NG Kerk-familie. Daar was ook 'n daglange konsultasie met regters en senior advokate vanuit die twee kerke.

2.2 Volledige terugvoer sal na sinodes gegee word hieroor namate die gesprekke hieroor vorder en regsmenings op skrif weergegee kan word.

### **2.3 AANBEVELING: BESKRYWINGSPUNT B.5.1: REGSADVIES TOV KERKHERENIGING** **Die Algemene Sinode neem kennis van die Beskrywingspunt**

### **3. BESKRYWINGSPUNT B.5.2: EEN GESAMENTLIKE SINODE (Wes-Transvaal)**

3.1 Die beskrywingspunt se essensie kan op 'n bepaalde moment help met die proses.

3.2 Die Moderatuur oordeel dat die lang Beskrywingspunt herformuleer moet word.

### **3.3 AANBEVELING BESKRYWINGSPUNT B.5.2: EEN GESAMENTLIKE SINODE**

**Diep bewus daarvan dat daar tans verskillende menings tov kerkhereniging is, en om die saak nie te laat sloer nie, besluit die Algemene Sinode om toestemming aan die Moderamen te gee om, indien dit sin maak en die proses kan help, saam met die ander drie kerke 'n vergadering van die Algemene Sindodes van die vier kerke te reel.**

CW Burger

JJ Gerber

## T.7.1 TYDELIKE TAAKSPAN REGTE EERSTE VERSLAG

### 1. BESKRYWINGSPUNT B.6.2 ARTIKEL 40

#### B.6.2 ARTIKEL 40

##### Wes-Transvaal

Verander Artikel 40 om soos volg te lees: "Na konstituering word die moderatuur verkies en voor die verdagting van die Algemene Sinode word 'n moderamen van die Algemene Sinode saamgestel."

#### Aanbeveling – B.6.2:

Die TTR oordeel dat hierdie Beskrywingspunt die verloop van die vergadering kan wysig, en dat die kommissie vir die Agenda kan aanbeveel wanneer dit op geskikte tyd moet dien. Die TTR wys daarop dat hierdie beskrywingspunt wysiging van die Kerkorde impliseer, wat met 'n twee -derde meerderheid goedgekeur moet word. In terme van *Kerkorde* Art.45.2 is die bepaling van die orde in die hande van die Sinode volgens die voorskrif van die betrokke artikel. Tot tyd en wyl die Sinode oor die beskrywingspunt besluit het, geld die huidige reëlings van die Reglement van Orde (*Kerkorde* Regl.15).

### 2. WYSIGING – REGLEMENT 14

#### Aanbeveling – WYSIGING VAN *KERKORDE* REGL.14:

Die TTR beveel *Kerkorde* Regl 14 soos gewysig by die Algemene Sinode aan vir goedkeuring

#### 14 REGLEMENT VIR DIE REËLING VAN DIE OPLEIDING EN LEGITIMASIE VAN EVANGELIEDIENAARS

##### 1. OOREENKOMS MET DIE UNIVERSITEIT

Die opleiding van predikante vir die NG Kerk geskied aan die teologiese fakulteite van die Universiteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein en word by wyse van skriftelike ooreenkoms tussen die betrokke sinode(s) en universiteite bepaal, op voorwaarde dat dit nie in stryd is met die besluite van die Algemene Sinode soos in hierdie Reglement vervat nie.

##### 2. SAMESTELLING EN FUNKSIES VAN DIE KOMMISSIES BETROKKE BY DIE TEOLOGIESE OPLEIDING

###### 2.1 Die Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding (AKTO)

AKTO is die kommissie van die Algemene Sinode wat die oorhoofse verantwoordelikheid dra vir teologiese opleiding (sien reglement vir AKTO).

###### 2.2 Die Kuratoria

###### 2.2.1 Samestelling

Die kuratorium word saamgestel uit verteenwoordigers van die sinode(s) binne wie se gebied die teologiese fakulteite geleë is. Die getal lede in 'n kuratorium word bepaal deur die betrokke sinodes (Wes- en Suid-Kaapland, gesamentlik deur die Wes Transvaal Sinode, Noordelike Sinode, Hoëveld, Sinode van Oos Transvaal, en Sinode van en Oranje-Vrystaat). Ander sinodes het die reg om op eie koste elk een verteenwoordiger in die kuratoria te benoem. Indien daar 'n predikant in Sinodale Diens Teologiese Opleiding deur 'n kuratorium benoem is, dien hy/sy as lid op die kuratorium.

###### 2.2.2 Funksies

###### 2.2.2.1 Opleiding

Elke kuratorium dra sorg vir, beheer en hou toesig oor die opleiding en die voortgesette opleiding van evangeliedienaars (KO Art. 5.3).

###### 2.2.2.2 Studente

2.2.2.2.1 Elke kuratorium dra finale verantwoordelikheid vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van alle teologiese studente wat by hom ingeskryf is en wat in die

- bediening van die NG Kerk wil gaan. Hy kan hierdie verantwoordelikheid deur 'n subkommissie(s) behartig.
- 2.2.2.2.2 Elke kuratorium word in hierdie taak bygestaan en geadviseer deur die begeleidingskommissie, eksamenkommissie, raad van NG Kerk-dosente en dissiplinêre kommissie as sub-kommissies van elke kuratorium. Saam hou hulle toesig oor studente se akademiese vordering en hulle leer en lewe.
- 2.2.2.2.3 Teologiese studente staan vir die duur van hulle studie onder die toesig van die betrokke kuratorium en die raad van dosente, soos in KO Art. 5.3 neergelê, en hulle hou 'n voortgaande toesig oor die studente se leer en lewe. As lidmate staan die studente onder die opsig, regering en tug van die kerkvergadering wat opsig en tug oor hulle uitoefen. Die kuratorium kan die betrokke kerkvergadering raadpleeg. Die Dagbestuur hanteer die appèl van 'n student teen dissiplinêre maatreels wat die dissiplinêre kommissie getref het..
- 2.2.2.3 Dosente
- 2.2.2.3.1 Die kuratorium hou saam met die betrokke kerkraad toesig oor die leer en lewe van die dosente in teologie wat bevestig of net kerklik geakkrediteer<sup>4</sup> is. Wanneer daar 'n klag of nadelige gerugte oor 'n dosent tot hulle kennis kom, gee die kuratorium kennis daarvan aan die kerkvergadering wat opsig en tug oor die dosent uitoefen. 'n Lid van die kuratorium kan as waarnemer betrek word tydens so 'n tugondersoek.
- 2.2.2.3.2 Die kuratorium hou óók toesig oor die dosente in die teologie wat bevestig of kerklik geakkrediteer is wat betref die uitoefening van hulle ampspligte as teologiese dosente. Indien die dissiplinêre kommissie in die lig van 'n skriftelike voorlegging en 'n behoorlike ondersoek 'n dosent onbevoeg of ongeskik vind om ampspligte tot bevrediging van die Kerk uit te voer, besluit die kuratorium om kerklike akkreditering met die oog op die opleiding van die kerklike bediening terug te trek. Die Dagbestuur hanteer die appèl van 'n dosent teen dissiplinêre maatreels wat deur die dissiplinêre kommissie getref is.
- 2.2.2.4 Hierdie toesig hef nie die normale toesig van die universiteitsowerheid oor sowel studente as dosente op nie. Noue skakeling tussen die kerk en die universiteit is te alle tye 'n vereiste.
- 2.3 Subkommissies van die kuratoria**
- 2.3.1 Dagbestuur**
- Elke kuratorium wys 'n dagbestuur aan ooreenkomstig die bepalings en reglemente van die bepaalde sinode(s).
- 2.3.2 Die Begeleidingskommissie**
- 2.3.2.1 Elke kuratorium benoem 'n kommissie(s) wat die teologiese studente begelei en wat die kuratorium adviseer ten opsigte van die keuring, toesig en begeleiding van studente tydens die tydperk van hulle voorbereiding vir die evangeliebediening. Die kuratorium verleen op grond hiervan jaarliks toestemming aan studente om voort te gaan met hulle teologiese studie met die oog op legitimasie in hulle finale jaar.
- 2.3.2.2 Sinodes in wie se gebied daar teologiese opleidingsentra anders as die drie erkende sentra van die NG Kerk is, moet in oorleg met 'n kuratorium toesien dat studente wat daar studeer met die oog op die bediening die nodige begeleiding ontvang.
- 2.3.3 Die Eksamenkommissie**
- 2.3.3.1 Samestelling
- Elke kuratorium benoem 'n eksamenkommissie ooreenkomstig die bepalings en reglemente van die bepaalde sinode(s).
- 2.3.3.2 Funksies
- 2.3.3.2.1 Die eksamenkommissie neem die proponentseksamen asook *colloquium doctum* af en beveel die suksesvolle kandidate by die kuratorium aan vir legitimasie deur die Algemene Regskommissie. In die proponentseksamen val die klem op die student se algemene gereedheid en geskiktheid vir die bediening, roepingsbewustheid, persoonlike godsvrug, innerlike gehegtheid aan die leer en die aanwending van akademiese kennis in die praktyk van die bediening.
- 2.3.3.2.2 Die eksamenkommissie is deurlopend betrokke by die proses van opleiding ten einde

4 "Akademiese akkreditering" .. gee amptelike erkenning deur die betrokke Universiteit van die geskiktheid en die bevoegdheid van 'n persoon om as dosent klas te gee aan studente in die Fakulteit Teologie.

"Kerklike akkreditering" is die amptelike erkenning deur 'n denominasie van die geskiktheid en bevoegdheid van 'n dosent om voornemende leraars akademies te begelei met die oog op die kerklike bediening in die betrokke denominasie.



te verseker dat dié opleiding beantwoord aan die behoeftes van die NG Kerk.

## **2.4 Die Raad van NG Kerk-dosente**

- 2.4.1 Die NG Kerk-dosente wat kerklik bevestig is en voltyds doseer, vorm die Raad van NG Kerk-dosente.
- 2.4.2 Die Raad van NG Kerk-dosente is, benewens doseerwerk, onder toesig van die kuratorium verantwoordelik vir die vorming van NG Kerk-studente met die oog op die bediening in die NG Kerk.

## **2.5 Dissiplinêre kommissie**

### **2.5.1 Samestelling**

Elke kuratorium wys 'n gevolmagtigde dissiplinêre kommissie van drie tot vyf lede aan uit lede van die kuratorium en ander kundige persone binne die sinodale streek of streke. Die kommissie het die reg om met raadpleging van die kuratorium 'n maksimum van twee kundige persone wat raadgevend kan optree op die kommissie te koöpteer.

### **2.5.2 Funksie**

- 2.5.2.1 Die dissiplinêre kommissie hanteer in die geval van studente dissiplinêre sake wat nie op die terrein van die kerklike opsig en tug of die toesig van die universiteit ressorteer nie<sup>5</sup> en wat deur die kuratorium na die kommissie verwys word.
- 2.5.2.2 Die dissiplinêre kommissie kan na 'n behoorlike ondersoek die toelating van die student met die oog op die bediening opskort of enige dissiplinêre maatreël teen studente instel, wat binne die bevoegdheid van die kuratorium val.
- 2.5.2.3 Die dissiplinêre kommissie hanteer in die geval van dosente dissiplinêre sake wat nie op die terrein van die kerklike opsig en tug of die toesig van die universiteit ressorteer nie en wat deur die kuratorium na die kommissie verwys word<sup>6</sup>.
- 2.5.2.4 Die dissiplinêre kommissie kan na 'n behoorlike ondersoek bevind dat 'n dosent onbevoeg of ongeskik is om ampspligte tot bevrediging van die Kerk uit te voer en by die kuratorium aanbeveel om die dosent se kerklike akkreditering met die oog op die opleiding van die kerklike bediening terug te trek.
- 2.5.2.5 'n Student kan in 'n dissiplinêre verhoor deur 'n student bygestaan word en 'n dosent deur 'n ander dosent uit die teologiese fakulteit.

## **2.6 (Moet moontlik verval ) Kieskollege**

### **2.6.1 Samestelling**

Die kieskollege word saamgestel soos die betrokke sinode(s) bepaal. Ander sinodes het die reg om elkeen een verteenwoordiger op eie koste te benoem.

### **2.6.2 Funksie**

In die geval waar NG Kerk-dosente deur die universiteit aangestel word, word die moontlike beroeping van só 'n dosent deur die kieskollege hanteer. Die kieskollege is ook verantwoordelik vir die beroeping van dosente wat op eie koste deur die kerk, ná oorleg met die universiteit, beroep en besoldig word.

## **3. DOSERENDE PERSONEEL AAN DIE TEOLOGIESE FAKULTEITE WAAR NG KERK-PREDIKANTE OPGELEI WORD**

### **3.1 Aanstelling en beroeping van dosente**

Die aanstelling van dosente in die teologiese fakulteite waar predikante vir die NG Kerk opgelei word, kan op een van twee maniere geskied.

- 3.1.1 Die universiteit kan 'n dosent aanstel ná inspraak deur die kerk soos bepaal in die ooreenkoms tussen die betrokke universiteit en sinode(s). Die kerk kan so 'n dosent kerklik akkrediteer of beroep.
- 3.1.2 Die NG Kerk sou ook, ná oorleg met die betrokke universiteit, kon besluit om op sy eie 'n NG Kerk-dosent te beroep wat deur die NG Kerk besoldig word en spesifiek die NG Kerk-studente moet onderrig. In hierdie geval word die vakature ook aan die hand van 'n posbeskrywing en profiel bekendgestel in die kerk se amptelike blad. Dit kan gedoen word indien die kerk oordeel dat daar 'n leemte is in die onderrig wat sy studente ontvang.

<sup>5</sup> Sake soos klasbywoning, vereistes wat deur die kuratorium gestel is en kerkeie opleiding.

<sup>6</sup> Hieronder ressorteer soos die in gevaar stelling van die Kerk se ooreenkoms met die universiteit.

### **3.2 Vereistes by beroeping**

Waar die kerk 'n dosent wat deur die universiteit aangestel is wil beroep, of waar die kerk 'n dosent op eie koste beroep, moet die persoon aan die volgende vereistes voldoen.

- 3.2.1 Predikant- of proponentsbevoegdheid besit.
- 3.2.2 Die nodige kwalifikasies vir die betrokke pos besit.
- 3.2.3 Goeie getuienis aangaande gemeente betrokkenheid, bekwaamheid en godsvrug hê.
- 3.2.4 Onbetwyfelbare voorstander van die gereformeerde leer wees.

### **3.3 Prosedure by beroeping**

- 3.3.1 Elke kuratorium neem die leiding by die beroeping van eie dosente.
- 3.3.2 Prosedure by beroeping van dosent deur universiteit aangestel  
Indien 'n NG Kerk-dosent reeds deur die universiteit aangestel is, sal daar net een naam op die groslys wees, en word daar óf vir óf teen die persoon gestem. Normaalweg kan só 'n beroep per omsendskrywe afgehandel word.
- 3.3.3 Prosedure by beroeping van uitsluitlik kerklike besoldigde dosente
  - 3.3.3.1 Elke lid van die kuratorium het die reg om vroegtydig skriftelik 'n nominasie vir 'n vakature in te dien.
  - 3.3.3.2 By die sluitingsdatum vir nominasies suiwer die kuratorium die lys en stel 'n nominasielys op met 'n volledige *curriculum vitae* van elke kandidaat, wat aan die universiteit voorgelê word met die oog op akademiese akkreditering, waarna dit in die hande van lede van die kuratorium gestel word. Hierdie stukke dien as vertroulike inligtingstukke met die oog op die beroeping.
  - 3.3.3.3 Die kieskollege bring 'n beroep uit met inagneming dat aan die bepalinge van die betrokke sinode(s) uitvoering gegee is en die voorwaardes van die universiteit nagekom is.
  - 3.3.3.4 Beide by die beroeping soos in 3.3.2. en 3.3.3 word die naam in die amptelike kerkblad gepubliseer met die oog op approbasie deur die hele kerkverband.
  - 3.3.3.5 Proponente wat as dosente/professore na een van die drie teologiese fakulteite van die Kerk beroep en bevestig word, verkry predikantsbevoegdheid na bevestiging met handoplegging.

## **4. TEOLOGIESE OPLEIDING**

### **4.1 Toelating**

- 4.1.1 Die begeleidingskommissie roep aan die begin van die akademiese jaar alle voornemende studente wat vir die eerste keer wil inskryf om hulle vir die bediening voor te berei op om voor die kommissie te verskyn ten einde as student met die oog op die evangeliebediening toegelaat te word.  
Advies en inligting oor kursusse, akademiese vereistes vir toelating tot die bediening en beurse/lenings word aan voornemende studente gegee.
- 4.1.2 Die toelating geskied op grond van:
  - 4.1.2.1 'n Skriftelike verklaring van die kandidaat met betrekking tot die redes waarom die evangeliebediening as roeping gekies is asook sy/haar persoonlike geloof en ondervinding van die genade van God.
  - 4.1.2.2 'n Gemotiveerde skriftelike verklaring van die kerkraad aangaande die kandidaat se kerklike meelewing.
  - 4.1.2.3. 'n Onlangse vertroulike verslag van die kandidaat se leraar.
  - 4.1.2.4. 'n Skriftelike verklaring dat die kandidaat se attestaat/bewys van lidmaatskap ingelewer is by die gemeente waar hy/sy lidmaat is.
  - 4.1.2.5. Deurlopende skriftelike verslae aangaande mediese en sielkundige welstand, minstens twee maal tydens studie.

### **4.2 Akademiese vereistes**

- 4.2.1 Die NG Kerk vereis van sy studente 'n sesjarige opleiding in gereformeerde teologie, wat die verkryging van die gepaardgaande grade insluit. Hierdie sesjarige opleiding moet ten minste 'n tweejarige opleiding in Grieks en Hebreeus, asook 'n praktiese gemeentejaar in die laaste jaar insluit.
- 4.2.2 Die ander minimum vereistes vir toelating tot die NG Kerk word deur AKTO geformuleer vir onderhandeling deur die onderskeie eksamenkommissies met die fakulteite met die oog op die ontwerp van die akademiese programme.
- 4.2.3 Wanneer 'n kandidaat die eerste deel van sy/haar teologiese opleiding voltooi het en hom/haar daarna by Stellenbosch, Pretoria of Bloemfontein aansluit, moet sy/haar

aansoek vergesel wees van 'n bewys van akademiese kwalifikasies, kerklike meelewing en 'n mediese verslag.

- 4.2.4 Die NG Kerk vereis dat persone wat toegelaat wil word tot die bediening ten minste die laaste drie jaar van die opleiding voltyds aan een van die kerklik-erkende opleidingsentra moet voltooi. In hoogs uitsonderlike gevalle kan die kuratorium diskresie toepas met verantwoording aan AKTO.

#### **4.3 Vereiste kursusse**

- 4.3.1 Die inhoud van die kursus behels die volgende

4.3.1.1 Ou-Testamentiese Wetenskap

4.3.1.2 Nuwe-Testamentiese Wetenskap

4.3.1.3 Historiese vakke en Kerkreg, insluitende Kerkgeskiedenis van die NG Kerk en Gereformeerde Kerkreg

4.3.1.4 Dogmatologiese en etiese vakke/Sistematiese Teologie

4.3.1.5 Godsdiens- en Sendingwetenskap/Missiologie

4.3.1.6 Praktiese (amptelike) vakke/Praktiese Teologie

4.3.1.7 Spesialisering in 'n bepaalde studiegebied, insluitend 'n verhandeling oor 'n gespesialiseerde onderwerp

4.3.1.8 Enige ad hoc-vereistes kan by die onderskeie fakulteite gestel word

4.3.1.9 Naas bogenoemde kursusse word kandidate se kennis van die Bybel en die belydenisskrifte geëksamineer en hulle taalvaardigheid in Afrikaans getoets.

- 4.3.2 Klasbywoning

Studente is verplig om die kursusse van die betrokke teologiese fakulteit gereeld by te woon en in die eksamen te slaag.

#### **4.4 Praktykopleiding**

Opleiding in bedieningspraktyk geskied hoofsaaklik in die finale studiejaar. Gedurende hierdie jaar word studente opgelei en vir hierdie doel werk studente vir die volle jaar onder toesig van 'n gemeenteleraar. Die inhoud van die gemeenteleraar sowel as die aanwysing van gemeentes en begeleiers (supervisors) word deur die fakulteit ná oorlegpleging met die betrokke kuratorium bepaal.

#### **4.5 Proefpreke**

Van elke student in die finale jaar word verwag om 'n proefpreek vóór 30 Augustus onder toesig van 'n dosent in 'n gemeente te lewer.

#### **4.6 Praktiese werk**

Teologiese studente moet die volgende onderneming onderteken voordat hulle praktiese werk in gemeentes mag doen:

Ek, die ondergetekende, onderskryf hiermee opreg en as voor die Here die leer soos vervat in die Formuliere van Eenheid van die gereformeerde kerke, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelijdenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Ek verklaar met my hele hart dat ek dit aanvaar en bely as in ooreenstemming met die Woord van God; dat ek die leer getrou sal handhaaf; dat ek my op die bevordering van godsdienskennis, Christelike sedes, orde en eendrag met alle ywer sal toelê; en ek verbind my om, sou dit bevind word dat ek teen enige gedeelte van hierdie verklaring en belofte gehandel het, my aan die uitsprake van die bevoegde kerkvergadering te onderwerp.

### **5. TOELATING TOT DIE EVANGELIEBEDIENING**

Die eksamenkommissie ondersoek kandidate met die oog op toelating tot die evangeliebediening volgens onderstaande prosedures en vereistes.

#### **5.1 Proponentseksamen**

##### **5.1.1 Tyd van eksamen**

Die proponentseksamen word aan die einde van die teologiese studie afgeneem. As tegemoetkoming aan studente kan die eksamen op 'n buitengewone tyd afgeneem word, indien die kuratorium dit nodig ag.

##### **5.1.2 Omvang van proponentseksamen**

- 5.1.2.1 Die proponentseksamen bestaan uit 'n ondersoek na die akademiese kennis en bedieningsvaardighede van die studente en word deur die eksamenkommissie van die kuratoria afgeneem.

- 5.1.2.2 Die ondersoek na die bedieningsvaardigheid word deur die eksamenkommissie gedoen met die oog op die volgende:
- 5.1.2.2.1 die geskiktheid van die kandidaat om die Kerk ooreenkomstig die Skrif en die Belydenis te dien en sy/haar innerlike gehegtheid aan die leer van die Kerk;
- 5.1.2.2.2 sy/haar beweegredes om bedienaar van die Woord te word en sy/haar persoonlike godsvrug (soos onder meer verwoord in die Profiel van die Afgestudeerde student);
- 5.1.2.2.3 sy/haar bekwaamheid in die beoefening van die predikkunde, ook deur mondelinge voordrag wat, indien moontlik, voor 'n lid van die eksamenkommissie gelewer is. Met die oog hierop moet 'n voorgeskrewe proefpreek 'n maand voor die eksamen ingelewer word;
- 5.1.2.2.4 sy/haar bekwaamheid in die beoefening van pastorale sorg, waarvoor die eksamenkommissie insae het in die vertroulike verslag van die leraar(s) onder wie die student sy/haar praktiese werk in 'n gemeente gedoen het.
- 5.1.2.2.5 Verder word die geskiktheid van die kandidaat in 'n samespreking tussen die eksamenkommissie en die raad van NG Kerk-dosente bespreek. Die raad van NG Kerk-dosente bevestig skriftelik dat die kandidaat die voorgeskrewe kursusse met vrug gevolg het en die eksamen suksesvol afgelê het; dat onder toesig van 'n diensdoende leraar van die Kerk ondervinding opgedoen het van die vereiste praktiese aspekte van die gemeentelike bediening; dat onder die toesig van een van die dosente 'n proefpreek gelewer is en dat die kandidaat se gedrag onbesproke is.
- 5.1.3 Bykomende vereistes**
- 5.1.3.1 'n Verklaring van die kerkraad waar die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag.
- 5.1.3.2 (Kan verval) 'n Mediese sertifikaat op 'n voorgeskrewe vorm ten opsigte van goeie gesondheid.  
Bostaande stukke moet een maand voor die eksamen by die skriba van die Eksamenkommissie ingelewer wees. Die skriba lê by die aanvang van die eksamen die stukke aan die eksamenkommissie voor.
- 5.1.3.3 Bewys van deurlopende sielkundige evaluering soos deur die kuratorium bepaal.
- 5.1.4 Stemming**
- Oor die aanbeveling van die kandidaat vir die formele legitimasië word deur 'n volstrekte meerderheid van stemme met geslote stembriefies beslis. Die eksamenkommissie beveel die kandidaat wat in die ondersoek geslaag het by die kuratorium aan vir sy beslissing. Die kuratorium lê die name van die toegelate kandidate aan die (Algemene Taakspan Regte) Algemene Regskommissie vir legitimasië voor.
- 5.1.5 Afwysing van 'n kandidaat**
- 'n Kandidaat wat afgewys is, kan volgens die diskresie van die kuratorium weer op 'n tyd deur die kommissie bepaal, tot die eksamen toegelaat word.
- 5.2 Colloquium Doctum (KO Artikel 5.5.2)**
- 5.2.1 Vereistes vir toelating**
- 5.2.1.1 bewys van goeie sedelike gedrag deur middel van 'n getuigskrif uitgereik deur 'n bevoegde instansie;
- 5.2.1.2 bewys dat hy/sy 'n volledige teologiese kursus gelykstaande aan die sesjarige teologiese opleiding aan 'n teologiese opleidingsinrigting wat deur die NG Kerk erken word, voltooi het;
- 5.2.1.3 bewys dat hy/sy deur die betrokke sinode/sinodale kommissie ondersoek is met betrekking tot sy persoonlike geloofsekerheid, persoonlike ondervinding van die genade van God, roepingsbewustheid en geskiktheid vir die evangeliebediening.
- 5.2.1.4 Die kuratorium verwys alle persone wat vir *colloquium doctum* aanmeld, vooraf vir persoonlikheidsvaluering.
- 5.2.2 Inhoud van colloquium doctum**
- 5.2.2.1 Die *colloquium doctum* is 'n toets van die kandidaat se wetenskaplike bekwaamheid, asook sy/haar kennis van die Gereformeerde teologie en sy/haar gehegtheid aan die leer van die Kerk. Dié ondersoek kan mondeling of skriftelik afgeneem word.
- 5.2.2.2 Elke eksamenkommissie moet 'n voorgeskrewe bestek aan kandidate vir *colloquium doctum* voorsien, sodat die leergehegtheid en die kennisvaardigheid van die kandidate onder andere aan die hand daarvan getoets kan word.

- 5.2.3 **Afwysing by die *colloquium doctum***  
Indien iemand by die *colloquium doctum* deur die betrokke eksamenkommissie afgewys word, mag hy/sy hom/haar na ses maande weer aanmeld vir herondersoek.
- 5.2.4 **Aanbeveling vir legitimasie**  
Nadat *colloquium doctum* tot bevrediging van die eksamenkommissie afgelê is, word die kandidaat by die kuratorium vir sy/haar beslissing aanbeveel. Die kuratorium lê die naam van die kandidaat aan die Algemene Regskommissie voor vir legitimasie.
- 5.3 Legitimasie**
- 5.3.1 Die (Algemene Taakspan Regte) Algemene Regskommissie behartig die legitimasie van goedgekeurde kandidate (KO Artikel 6). Hierdie kommissie sien toe dat die legitimasiEVERKLARING afgelê en onderteken word.
- 5.3.2 **Plegtige toelating**  
Die geëksamineerde word met 'n gepaste woord deur die aktuaris van die Algemene Sinode of 'n lid van die (Algemene Taakspan Regte) Algemene Regskommissie tot die evangeliebediening toegelaat. In die reël geskied dit by geleentheid van 'n openbare kerklike byeenkoms wat vir die doel as afsluiting van die jaar se werksaamhede in oorleg met die kuratorium gereël is. 'n Akte van Legitimasie namens die Algemene Sinode, onderteken deur twee lede van die Regskommissie, word aan hom/haar uitgereik. Die gelegitimeerde kry die bevoegdheid van proponent.
- 5.3.3 **Kennisgewing in die amptelike blad**  
Van sy/haar legitimasie word in die amptelike blad van die Kerk kennis gegee.
- 5.3.4 **Die bevoegdheid van 'n proponent**  
Die bevoegdheid van 'n proponent word gereël deur die reglement vir die bevoegdheid van predikante en proponente van die Algemene Sinode. (Kyk Reglement 3: 3).
- 5.3.5 **Studente wat in die buiteland studeer het**  
Studente van die NG Kerk wat in die buiteland studeer het, moet ook die proponentseksamen aflê voordat hulle gelegitimeer kan word.
- 5.3.6 **Eise vir legitimasie van predikante of proponente uit ander kerke**  
'n Predikant van 'n ander kerk wat begeer om tot die bediening in die NG Kerk toegelaat te word, dien skriftelik 'n gemotiveerde aansoek in by die kuratorium van een van die teologiese fakulteite waar predikante vir die NG Kerk opgelei word. Hierdie aansoek moet vergesel wees van die getuienis van die ring van die NG Kerk binne wie se grense hierdie persoon as predikant in die bediening is, of woon (indien nie meer in die aktiewe bediening nie) en/ of van die kerk of gemeente van waaruit hy kom. Die kuratorium bepaal watter aanvullende opleiding nodig is, indien enige. Lidmaatskap van 'n gemeente van die NG Kerk word vereis voor enige verdere handeling. In die geval van aanvullende opleiding word so 'n persoon normaalweg saam met ander studente en na suksesvolle voltooiing van die vereiste studie gelegitimeer. Indien geen verdere aanvullende opleiding vereis word nie, word die persoon na *colloquium doctum* op die gebruikelike wyse gelegitimeer.
- 5.3.7 **Persone uit inrigtings van erkende kerke**  
'n Persoon wat 'n volledige of gedeeltelike teologiese opleiding aan inrigtings van erkende kerke gevolg het, en wat na die eise van lidmaatskap van 'n gemeente van die NG Kerk gehandel het, word deur die kuratorium in oorleg met die raad van NG Kerk-dosente aanbeveel nadat bewys gelewer is dat die opleiding van die betrokke kandidaat beantwoord aan vereistes wat gelykstaande is aan die standaard van opleiding van die NG Kerk. 'n Sodanige aansoeker word dan toegelaat om die deel van die opleiding wat nog ontbreek, aan te vul om te voldoen aan die vereistes van 'n volledige kursus en mag, na aflegging van die proponentseksamen (gewysig volgens die bepaalde omstandighede) gelegitimeer word.
- 5.3.8 **Persone uit inrigtings van nie-erkende kerke**  
Van persone wat 'n volledige of gedeeltelike teologiese opleiding aan inrigtings van nie-erkende kerke gevolg het, word verwag om die vereiste teologiese studie aan een van die fakulteite waar predikante van die NG Kerk opgelei word, te voltooi.
- 5.3.9 **Persone uit nie-kerklike inrigtings of fakulteite**  
'n Persoon wat sy teologiese opleiding geheel of gedeeltelik aan 'n inrigting/fakulteit wat nie aan die Kerk verbind is nie en waar die NG Kerk geen inspraak by die aanstelling van dosente of by die keuring, toesig, dissipline, opleiding en begeleiding van studente het nie, moet die vereiste teologiese kursus aan een van die teologiese fakulteite waar predikante van die NG Kerk opgelei word, voltooi alvorens hy/sy gelegitimeer kan word.
- 6. BYKOMENDE SINODALE BEPALINGE**

Die betrokke sinode(s) binne wat verantwoordelikheid vir die teologiese opleiding aanvaar, kan na gelang van plaaslike omstandighede en verhoudinge met die universiteite verdere bepalinge neerlê, op voorwaarde dat dit nie in stryd is met die besluite van die Algemene Sinode soos in hierdie Reglement vervat nie.

## **7. PLEGTIGE LEGITIMASIE-VERKLARING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK**

Ek, die ondergetekende, ....., oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here

1. dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelijdenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;
2. dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;
3. dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer;
4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie;
5. dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou;
6. dat ek, om beroep te word, volgens die Kerkorde en besluite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal optree;
7. dat ek my op die uitbreiding van die Koninkryk van God sal toelê deur die bevordering van die kennis van, vertrouwe in en gehoorsaamheid aan die Drie-enige God;
8. dat ek myself verbind tot voortgesette bedieningsontwikkeling.

Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormelde.

Geteken te \_\_\_\_\_ op hierdie \_\_\_\_\_ dag van  
20 \_\_\_\_\_

Geteken in my teenwoordigheid: \_\_\_\_\_  
(Namens die Algemene Regskommissie)

## **8. VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING (VBO)**

- 8.1 Die kommissie wat voortgesette bedieningsontwikkeling koördineer en die Algemene Sinode ten opsigte van Beleid adviseer, is AKTO.
- 8.2 Op grond van die besluite van die Algemene Sinode is dit onontbeerlik vir alle predikante om gereeld kursusse en programme in voortgesette bedieningsontwikkeling te volg.
- 8.3 Elke kuratorium sien toe dat voortgesette bedieningsontwikkeling tot bevrediging van die kerk aangebied word.
- 8.4 'n Verteenwoordiger van die VBO-Forum dien in AKTO.

### **3. WYSIGING – KERKORDE ART<sup>s</sup> 12 & 66**

#### **Aanbeveling – WYSIGING VAN KERKORDE ARTIKELS 12 EN 66:**

Die TTR beveel die volgende wysiginge van *Kerkorde Art.<sup>s</sup> 12 en 66* by die Algemene Sinode aan vir goedkeuring.

#### **1 VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN KO ART 12**

##### **1.1 ARTIKELS**

1.1 Wysig KO art 12.7.2 om te lui: “Op grond van gebreekte bedieningsvaardigheid of dienslewering (vgl. **12b 2.2 en 12b 2.4.2**);”

1.2 Wysig KO art 12.7.3 om te lui: “Op grond van die gemeente of kerkverband se bedienings- en bedryfsvereistes (insluitend finansiële onvermoë) (vgl. **12b 2.3 en 12b 2.4.4**).

##### **1.2 BEGELEIDENDE BESLUITE**

Word verwys na die nuwe ATR.

#### **2 VOORGESTELDE WYSIGING AAN KO ART 66.4.5**

2.1 Al skep die “sondelys” van die artikel op sigself probleme, kan dit voorlopig gelaat word. Die verwagting dat die Algemene Sinode in sitting al sodanige sake kan hanteer, en dan billikheid aan die betrokke partye kan laat geskied, is onrealisties. Daarom die volgende aanbeveling:

**2.2 AANBEVELING: Vervang “die Algemene Sinode” met “die ASM op aanbeveling van die ATR”.**

#### 4. AGENDAPUNTE WAT MOONTLIKE KERKORDELIKE IMPLIKASIES IMPLISEER

Die volgende punte in die Agenda van die Algemene Sinode het betrekking op die ATR en verg daarom die aandag en moontlike advies van die TTR aan die Algemene Sinode:

##### 4.1 – p8

###### **6.5 AANBEVELINGS: KO ART 43 EN DIE TAAK VAN DIE ALGEMENE SINODE**

6.5.1 Die Algemene Sinode besluit om Art 43.2.2 te wysig om te lui: *die koördinerings/ netwerk van sake wat voortvloei uit Art 43.1.1*

6.5.2 Die Algemene Sinode wys Sinodes asook die Diensgroepe/ Taakspanne van die Algemene Sinode op die beredenering oor die werk van die Algemene Sinode en Sinodes in die Agendas van 2002 en 2004.

##### **Aanbeveling – KO ART 43 EN DIE TAAK VAN DIE ALGEMENE SINODE**

**Die TTR beveel aan dat die Algemene Sinode die aanbeveling goedkeur.**

##### 4.2 – p9

###### **8. AARD EN SELFSTANDIGHEID VAN SINODES**

8.4 Die Moderamen het die kommissie versoek dat, indien nodig, die Kerkorde so geskryf moet word dat 'n samestellende kerk/ sinode volle uitdrukking aan sy behoeftes moet kan gee en hom moet kan uitleef binne die verband sonder om uit die verband te tree.

8.5 Intussen is 'n advies oor die definiëring/ interpretering van die verband van die Algemene Sinode van die ATR aangevra voortspruitend uit die gesprek oor Art 43 van die Kerkorde en die herskrywing van die Reglemente van die Diensgroepe.

###### **8.6 AANBEVELINGS: AARD EN SELFSTANDIGHEID VAN SINODES**

**Die Algemene Sinode ontvang die laatstuk in die verband.**

##### **Aanbeveling – AARD EN SELFSTANDIGHEID VAN SINODES**

**Die TTR beveel aan dat die Algemene Sinode die saak verwys na die ATR.**

##### 4.3 – p40

###### **1.3 AANBEVELINGS: EKKLESIOLOGIE**

1.3.1 Die Algemene Sinode keur bostaande dokument as 'n *gespreksdokument* goed.

1.3.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes, ringe en kerkrade om die dokument op gepaste wyse te hanteer.

1.3.3 Die Algemene Sinode versoek al die relevante diensgroepe om die saak so holisties as moontlik te hanteer en rig daarom ook 'n spesifieke versoek aan die koördineringsforum van diensgroepe om hieraan aandag te gee.

1.3.4 Die Algemene Sinode versoek ATR om in samewerking met ADGO te kyk na moontlike KO implikasies en die sinode met toepaslike aanbevelings te bedien.

1.3.5 Die Algemene Sinode versoek ADGO om in samewerking met BM gepaste moontlikhede te ondersoek om die saak onder bespreking op die tafel van gemeentes te bring. Dit sluit onder andere DVD's, publikasies en konferensies in.

##### **Aanbeveling – EKKLESIOLOGIE**

**Die TTR beveel aan dat die Algemene Sinode die aanbeveling goedkeur.**

#### 4.4 – p43

##### **5.1 AANBEVELINGS: NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING**

- 5.1.1 Die AS neem kennis van die bylae.
- 5.1.2 Die AS versoek kerkrade om ernstig oor die implikasies van NGO binne hul eie konteks te besin en nuwe gemeentestigting as doelgerigte metode vir kerkgroei te oorweeg.
- 5.1.3 Die AS versoek sinodes om verantwoordelikheid te neem dat relevante uitdaginge in hul sinodale gebied sinvol aangespreek word.
- 5.1.4 Die AS versoek AKTO om toe te sien dat die saak die nodige aandag in die kurrikula van die verskillende teologiese fakulteite kry.
- 5.1.5 Die AS keur die Reglement vir die Vermeerdering, Kombinerings, Eenwording en Samesmelting van gemeentes goed. (Bylae 2)
- 5.1.6 Die AS versoek die ATR om in oorleg met ADGO aandag te gee aan die moontlikheid dat gemeentestigting uit meer as een kerkverband kan geskied.

##### **Aanbeveling – NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING**

**Die TTR beveel aan dat die Algemene Sinode die aanbeveling goedkeur.**

#### 4.5 – p284

##### **1.4 AANBEVELINGS: JEUGBEDIENING (JONK)**

- 1.4.1 Die Algemene Sinode neem met waardering kennis van die reglement van “JONK” en keur goed dat die werksaamhede soos beskryf, voortgaan as deel van ADGO se opdrag.
- 1.4.2 Die Algemene Sinode gee aan ATR opdrag om die nodige Kerkordelike wysigings aan te bring ten einde hierdie voorstelle met die Kerkorde te belyn.
- 1.4.3 Die Algemene Sinode keur goed dat “JONK” die Ned Geref Kerk amptelik mag verteenwoordig by jeugforums en – gespreksgroepe waarheen JONK genooi word. Dit word gedoen met kennisgewing aan die dagbestuur van ADGO en die kantoor van die Algemene Sinode.

##### **Aanbeveling – JEUGBEDIENING (JONK)**

**Die TTR beveel aan dat die Algemene Sinode die aanbeveling goedkeur.**

#### 4.6 – p284/5

##### **1.5.2.1 AANBEVELINGS: JEUGWERKERS**

- 1.5.2.1.1 Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan om in die aanstelling van Jeugbedienaars altyd die volhoubaarheid van die Jeugbediening in gedagte te hou en daarom nie Jeugbedienaars op eenjaar kontrakte aanstel nie, maar hulle sal beywer vir langtermynkontrakte.
- 1.5.2.1.2 Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan om in die aanstelling van Jeugwerkers die amptelike opleidingskursus, nl. die driejarige B. Diak graad in Jeugwerk as eerste opsie te oorweeg.
- 1.5.2.1.3 Die Algemene Sinode besluit dat die Jeugwerker met 'n B. Diak graad wat geregistreer is by die KJWV, ouderlingstatus op kerkrade geniet wat impliseer dat die Jeugwerker afvaardiging na meerdere vergaderings sal geniet.
- 1.5.2.1.4 Die Algemene Sinode gee aan JONK opdrag om saam met die ter sake kommissie (oa AKTO, ATR, ATDV ens) die saak in diepte te ondersoek en die Algemene Sinode met 'n voorstel aangaande die opleiding en amptelike status van Jeugwerkers te bedien.

##### **Aanbeveling – JEUGWERKERS**

**Die TTR beveel aan dat die Algemene Sinode die aanbeveling goedkeur.**

#### 4.7 – p286

##### **2.2 AANBEVELINGS: LIDMAATBEMAGTIGING**

- 2.2.1 Die Algemene Sinode bevestig opnuut die dringende noodsaak dat elke gemeente sy



lidmate voortdurend sal toerus en mobiliseer vir hulle dienswerk buite en binne die gemeente.  
2.2.2 Die Algemene Sinode keur goed dat 'n taakspan van ADGO met ATR in gesprek tree oor alle Kerkordelike bepalinge wat op een of ander wyse lidmate van die NG Kerk mag *ontmagtig* vir die dienswerk waartoe God hulle geroep het.

#### **Aanbeveling – LIDMAATBEMAGTIGING**

**Die TTR beveel aan dat die Algemene Sinode die aanbeveling goedkeur.**

#### **4.8 – p287/8**

##### **8. KERKLIKE TUG (Vgl ADGO Bylaag 8)**

###### **8.1 OPDRAG**

Tydens die 2004 sinode is die volgende opdrag gegee: (sien ook C.12.2:1.14) (Bylae 3)“Die Sinode gee opdrag aan AKG en ATR om ondersoek te doen na die toepassing van die amptelike tug in die kerk op 'n eietydse wyse, en terug te rapporteer aan die volgende sinodesitting.” Weens gebrek aan kapasiteit was dit nie moontlik om die ondersoek tydens die reses af te handel nie.

###### **8.2 AANBEVELING: KERKLIKE TUG**

**Die Algemene Sinode keur goed dat die opdrag herhaal word**

#### **Aanbeveling – KERKLIKE TUG**

**Die TTR het reeds aanbevelings gedoen mbt Tribunale, en beveel aan dat die saak by dieselfde ondersoek rondom Tribunale betrek word.**

#### **4.9 – p288**

##### **9.2 AANBEVELINGS: INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE**

9.2.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die werkdokument

9.2.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om aan ADGO en ATR te rapporteer oor welke reëlings tans in die onderskeie sinodes geld rakende die inskakeling van lidmate oor gemeentegrense

9.2.3 Die Algemene Sinode versoek ADGO/ATR om 'n eenvormige beleid rakende die saak te formuleer wat voor die volgende sinode kan dien.

#### **Aanbeveling – INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE**

**Die TTR beveel aan dat die Algemene Sinode volstaan met die huidige reëlings.**

#### **4.10 – p352**

##### **7.3 AANBEVELING: TWEEDE LOOPBAAN-STUDENTE**

Die Algemene Sinode verander par. 4.2.4 van Reglement 4 om te lui:

Die NG Kerk vereis dat persone wat toegelaat wil word tot die bediening ten minste die laaste drie jaar van die opleiding voltyds aan een van die kerklik-erkende opleidingsentra moet voltooi. In die geval van tweede loopbaan studente en ander hoogs uitsonderlike gevalle kan AKTO, op voorlegging van 'n kuratorium, hiervan afstand doen.

#### **Aanbeveling – TWEEDE LOOPBAAN-STUDENTE**

**Die TTR beveel aan dat die Algemene Sinode die aanbeveling goedkeur.**

#### **4.11 – p352**

##### **8.2 AANBEVELING: ALTERNATIEWE BANE**

Die Algemene Sinode versoek AKTO en die ATR om voort te gaan en moontlike alternatiewe

bane van opleiding te ondersoek en daaroor met die Familie van NG Kerke in gesprek te bly.

#### **Aanbeveling – ALTERNATIEWE BANE**

**Die TTR beveel aan dat die Algemene Sinode die aanbeveling goedkeur.**

#### **4.12 – p357**

##### **13.3 AANBEVELING: VBO**

13.3.1 Die Algemene Sinode keur goed dat daar voortaan van Voortgesette Bedieningsontwikkeling verwys moet word in plaas van Voortgesette Teologiese Opleiding. Waar nodig moet die toepaslike verwysings in die Kerkorde aangebring word.

13.3.2 Die Algemene Sinode bekragtig die dokument “ BEHOUD VAN BEDIENINGSVAARDIGHEID EN –VREUGDE” as uitgangspunt vir die loodsfase van voortgesette Bedieningsontwikkeling.

#### **Aanbeveling – VBO**

**Die TTR beveel aan dat die Algemene Sinode die aanbeveling goedkeur.**

#### **4.13 – 398**

##### **2.8 JURIDIESE EN KERKREGTELIKE KNELPUNTE**

2.8.1 Die ATR gee hieraan aandag, en daar is ook 'n gesamentlike proses tussen die vier kerke aan die gang om met mekaar ooreen te kom oor die hantering hiervan. Daar vind voor die Algemene Sinode 'n konsultasie plaas met regters, advokate en prokureurs wat lidmate van die vier kerke is in hierdie verband.

2.8.2 'n Volledige verslag dien as laatstuk by die Algemene Sinode.

#### **Aanbeveling – JURIDIESE EN KERKREGTELIKE KNELPUNTE**

**Die saak is afgehandel by die verslag van die ASM oor die kerkherenigingsproses.**

#### **4.14 – p433**

##### **1.3 AANBEVELING: VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS**

Die Algemene Sinode

1.3.1 Keur die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis goed en moedig sinodes aan om in sinodale verband moeite te doen dat hulle diens van barmhartigheid en getuienisbedienings met die ooreenstemmende bedieninge van die ander drie kerke in die NG kerkfamilie 'n verenigde struktuur vir Diens en Getuienis vorm.

1.3.2 Neem kennis dat die Algemene Kommissie vir Getuienisaksie (AKGA) in die lig van die totstandkoming van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis kan verval.

#### **Aanbeveling – VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS**

**Die TTR wys die AKGA daarop dat hul reglement aan die ATR voorgelê moet word vir aanbeveling by die ASM vir goedkeuring.**

### **5. BESKRYWINGSPUNTE**

Die volgende beskrywingspunte met kerkregtelike implikasie is ingedien, en word na luid van *Kerkorde 2004* Regl.15:7.5 aan die TTR voorgelê vir aanbeveling:

#### **5.1**

##### **B.3.2 ARTIKEL 63**

###### **Wes- en Suid-Kaap**

Die moderamen versoek die Algemene Sinode om die volgende punt by Art 63 te voeg: “Indien 'n ampsdraer voor of tydens 'n ondersoek na aanleiding van 'n tugklag of gerug teen hom/haar bedank, die bevoegde kerkvergadering voortgaan om die ondersoek te hanteer en die nodige besluit(e) te neem.”

#### **Aanbeveling – B.3.2:**

**Die TTR beveel die beskrywingspunt vir goedkeuring by die Algemene Sinode aan.**

## 5.2

### **B.5.1 REGSADVIES TEN OPSIGTE VAN KERKVERENIGING**

#### **Wes-Transvaal**

Die Sinode besluit om as 'n saak van uiterste dringendheid advies in te win ten opsigte van sake rakende Kerkvereniging. Bekwame persone soos byvoorbeeld senior advokate en selfs 'n afgetrede regter kan betrek word. Die onduidelikhede wat opgeklar moet word is (vergelyk die vrae in die Agenda boek 1 van 2004 p13 by B.6.5 en die Handeling van die Algemene Sinode van 2004 p304 by 3.5):

1. Wanneer daar 'n stemming in die gemeente gehou word is dit die lidmate of die Kerkraad of albei wat bedoel word?
2. As 'n gemeente nie saamstem met Kerkvereniging of belydenisverandering nie, wat is so 'n gemeente se regsposisie dan? Kan so 'n gemeente voortbestaan as 'n gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk?
3. Wat is die regsposisie van die gemeente ten opsigte van die uitspraak van Hoofregter Kotzé in die Standerton-saak? As ons in hierdie verband van Kerk praat, is dit die Sinode, die Ring of is dit die Gemeente? Hierdie saak is uiters dringend en moet duidelik uitgespel word.

#### **Aanbeveling – B.5.1:**

**Die TTR beveel die beskrywingspunt vir goedkeuring by die Algemene Sinode aan en versoek die Sinode om dit as opdrag te verwys na die ATR vir uitvoering.**

## 5.3

### **B.6.1 VERKIESING VAN MODERATUUR**

#### **Sinode Noord-Kaapland**

Die Sinode versoek die Algemene Sinode dringend om terug te keer na die gereformeerde stelsel van moderatuursverkiesing waarvolgens personeel van 'n meerdere vergadering aan die begin van die vergadering verkies word vir 'n termyn wat ten einde loop met die afhandeling van die vergadering.

#### **Aanbeveling – B.6.1:**

**Die TTR beveel by die Algemene Sinode aan dat die Sinode die beskrywingspunt na die ATR verwys vir studie en rapport aan die volgende Algemene Sinode.**

## T.7.2 TYDELIKE TAAKSPAN REGTE TWEEDE VERSLAG

### 1. KERKORDE ART 41

Aanbeveling: KERKORDE ART.41

1. Die TTR stel voor dat *Kerkorde (2004) Art 41* gesuspendeer word tot aan die einde van hierdie Sinode (sien KO Art.45.2).
2. Die Sinode versoek die TTR om'n aanbeveling oor die wysiging van *Kerkorde (2004) Art.41* voor te berei vir behandeling voor die einde van hierdie Sinode.

### 2. BESKRYWINGSPUNTE

#### 2.1 B.1.2

##### B.1.2 ALGEMENE SINODE

###### Noord-Kaap

Die Algemene Sinode besluit om die volgende kerkordelike veranderings tov die Algemene Sinode goed te keur:

1. "Artikel 38.1: Die Algemene Sinode bestaan uit 'n maksimum van 400 lede wat saamgestel word uit afgevaardigdes van die sinodes" word vervang deur:

**Artikel 38: 1** Die Algemene Sinode is 'n sinode van sinodes en word saamgestel uit afvaardigings van die deelnemende sinodes.

2. "Artikel 38.1: Die Algemene Sinode bestaan uit 'n maksimum van 400 lede wat saamgestel word uit afgevaardigdes van die sinodes" word **Artikel 38.2** en die woorde vanaf "wat saamgestel..." tot by "... sinodes" verval en lui:

**Artikel 38.2** Die Algemene Sinode bestaan uit 'n maksimum van 400 afgevaardigdes.

3. "Artikel 38.2: Die afvaardiging van elke sinode moet uit 'n gelyke getal predikante en ouderlinge/diakens bestaan en word soos volg saamgestel:

38.2.1 'n Vaste komponent van 10 predikante en 10 ouderlinge/diakens; en

38.2.2 'n Proporsionele komponent waarvolgens 100 afgevaardigdes aangewys word volgens 'n formule gebaseer op die aantal gemeentes en 100 afgevaardigdes gebaseer op die aantal lidmate. Dit word telkens 'n jaar voor die vergadering van die Algemene Sinode deur die Moderamen bereken" word **Artikel 38.3** en moet lui:

**Artikel 38.3** Die afvaardiging van elke sinode bestaan uit 'n gelyke getal predikante en ouderlinge/diakens en mag nie meer as 40 wees nie.

4. "Artikel 38.3: Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur een lid van die personeel van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein" word **Artikel 38.4** en moet lui:

**Artikel 38.4** Die Teologiese Fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein word elk in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 1 lid van hul personeel wat 'n lidmaat van die NG Kerk is.

5. "Artikel 38.4: Elke afvaardiging moet van 'n geloofsbrief voorsien wees" word **Artikel 38.5**:

**Artikel 38.5** Elke afvaardiging moet van 'n geloofsbrief voorsien wees.

6. "Artikel 39: Die moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit 'n moderator, 'n assessor, 'n aktuaris en 'n addisionele lid, lei die Sinode (artikel 25)" bly onveranderd:

**Artikel 39** Die Moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit 'n moderator, 'n assessor, 'n aktuaris en 'n addisionele lid, lei die Sinode (Artikel 25)

7. "Artikel 40.1: Voor die verdaging van die Algemene Sinode word 'n Moderatuur verkies en 'n Moderamen van die Algemene Sinode saamgestel.

*Artikel 40.2: Lede van die Moderatuur kan vir meer termyn in dieselfde posisie verkies word."*

**Word vervang met:**

**Artikel 40.1** 'n Moderatuurslid mag nie by twee agtereenvolgende vergaderings in dieselfde diens verkies word nie.

**Artikel 40.2** Die termyn van die Moderatuur strek vanaf hul verkiesing tot die afhandeling van die vergadering.

**Artikel 40.3** Die sekretaris van die Algemene Sinode tree op as skriba van die vergadering.

**8.** "Artikel 41: Die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, gaan op die Algemene Sinode voor totdat die moderator gekies is" **bly onveranderd:**

**Artikel 41.** Die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, gaan op die Algemene Sinode voor totdat die moderator gekies is.

**9.** "Artikel 42.1: Die Algemene Sinode besluit self wanneer die volgende Algemene Sinode byeenkom, met dien verstande dat die Algemene Sinode nie langer as vier jaar uitmekaar vergader nie" **moet lui:**

**Artikel 42.1** 'n Algemene sinode besluit wanneer die volgende algemene sinodale vergadering byeenkom.

**10.** "Artikel 42.2: Die Moderatuur roep 'n buitengewone Algemene Sinode byeen indien hy dit nodig ag, óf op eie inisiatief, óf op versoek van een of meer sinodes" **moet lui:**

**Artikel 42.2** Een of meer van die deelnemende sinodes kan die ander sinodes versoek dat 'n buitengewone algemene sinode byeengeroep word. Enigeen van die sinodes kan as roepende sinode optree.

**11.** "Artikel 43: Tot die taak van die Algemene Sinode behoort:

**43.1** Wat kerklike roeping en standpunte betref:

**43.1.1** die formulering van die roeping / leidende beginsels/ standpunte in sake van gemeenskaplike belang wat deur alle kerkvergaderings kragtens hulle deelname aan die verband gevolg moet word; die behartiging van die openbare getuieis van die Ned Geref Kerk in sy breedste verband;

**43.1.3** die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;

**43.1.4** die vasstelling van die belydenisskrifte, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruike, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne van die eredienste;

**43.1.5** die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienaars van die Woord;

**43.1.6** die bepaling op algemene sinodale terrein van verhoudinge en ooreenkomste met die staat en ander nie-kerklike lewenskringe.

**43.2** Wat werksaamhede betref

**43.2.1** die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode;

**43.2.2** die behartiging van sake waar eenvormigheid en/of samewerking vir die hele kerkverband noodsaaklik is;

**43.2.3** die behartiging van die ekumeniese belange van die Kerk op sy terrein;

**43.2.4** die beheer oor algemene kerklike media;

**43.2.5** die hantering van appèlsake" **word vervang met artikel 43:**

**Artikel 43:** Die sinodes het reeds ooreengekom om oor die volgende sake nie finale besluite te neem voordat dit nie by 'n algemene sinode met mekaar uitgeklaar is nie:

**Artikel 43.1** Belydenisskrifte van die kerk in ooreenstemming met Art. 44

**Artikel 43.2** Vasstelling van kerkorde, liturgie, liturgiese formuliere, liederebundel

**Artikel 43.3** Formulering van gesamentlike roeping

<b>Artikel 43.4</b>	<b>Bybelvertaling vir amptelike gebruik</b>
<b>Artikel 43.5</b>	<b>Opleiding van bedienaars van die Woord</b>
<b>Artikel 43.6</b>	<b>Verhouding en ooreenkomste met die staat</b>
<b>Artikel 43.7</b>	<b>Ekumeniese verhoudinge op algemene sinodale vlak</b>
<b>Artikel 43.8</b>	<b>Kerklike media</b>
<b>Artikel 43.9</b>	<b>Appèlsake</b>
<b>Artikel 43.10</b>	<b>Administrasie van algemene sinodale eiendom en finansies</b>
<b>12. Artikels 44 tot 47 bly dieselfde.</b>	

#### **Aanbeveling – B.1.2:**

1. Die TTR wys die Sinode daarop dat hierdie beskrywingspunt nie op die voorgeskrewe tyd in terme van *Kerkorde* (2004) Rgl.15:6.2 ingehandig is nie, en dat die Sinode daarom oor die ontvanklikheid van hierdie beskrywingspunt moet besluit volgens *Kerkorde* (2004) Rgl.15:6.3.
2. Indien die Sinode die Beskrywingspunt in ontvangs neem, beveel die TTR aan dat die beskrywingspunt na die ATR verwys word vir aanbeveling by die volgende Algemene Sinode. Sinodes kan kommentaar aan die ATR stuur.

## **2.2 B.3.1**

### **B.3.1 BEVOEGDHEID VAN GEESTELIKE WERKERS**

#### **Namibië**

Die veertiende vergadering van die Namibiese Sinode versoek die Algemene Sinode om die posisie en bevoegdhede van geestelike werkers in die kerk te ondersoek en indien nodig die nodige reëlins daarvoor te tref.

#### Motivering

1. Die Sinode van Namibië (en waarskynlik ook ander sinodes) werk daartoe om die kerk te verinheems. In die Namibiese konteks beteken dit dat van die huidige gemeentes (bekend as Jonggemeentes of Boesmangemeentes – daarom etnies-georiënteerde gemeentes) ook in die toekoms hulle eie leraars behoort te hê wat die evangelie in hulle eie taal aan hulle eie mense kan verkondig. Nie almal in hierdie kategorie, wat geroepe voel daartoe, is akademies opgewasse om aan 'n goedgekeurde (Kerkordelikvereiste) instituut opgelei te word nie. Hulle sou egter, soos reeds die geval, indiens-opleiding kon ontvang deur geordende leraars. Die material wat gebruik word, is teologiese material van die Namibia Evangelical Theological Seminary (NETS). Hierdie persone sou as "Geestelike werkers" diens kon doen.
2. Sommige van die huidige Namibiese predikante van die VGK ressorteer onder pt 1 wat opleiding betref en het nie opleiding by 'n erkende instituut deurloop nie. Om die eenwordingsproses vlot te laat verloop en om hierdie leraars-/evangeliedienaars te akkommodeer, moet daarvoor voorsiening gemaak word.
3. Die ring sou steeds hierin die verantwoordelikheid behou om toesig uit te oefen, maar ook om voortdurende indiens-opleiding/VTO aan die geestelike werkers te gee.
4. Die ampspligte soos omvat in Artikel 9 kan eweseer deur 'n geestelike werker behartig word, met die uitsluiting van Art 9.2 wat slegs deur die leraar/konsulent behartig word.

#### **Aanbeveling – B.3.1:**

**Die TTR wys die Namibiese Sinode daarop dat beperkte bevoegdheid deur die ATR verleen kan word op grond van 'n motivering daarvan deur die betrokke Sinode by die ATR.**

## 2.3 B.6.5

### **B.6.5 ARTIKEL 58**

#### **Wes- en Suid-Kaap**

Die moderamen versoek die Algemene Sinode om die volgende punt by 58 in te voeg: "Indien die wangedrag van 'n werknemer, anders as predikante, 'n klag of gerug behels wat lei tot 'n tugondersoek, word die kerklike ondersoek en besluite eers afgehandel voor die diensooreenkoms met die werknemer aandag kry. Die werknemer kan vir die duur van die ondersoek gestuit word".

#### **Aanbeveling – B.6.5:**

**Die TTR beveel aan dat hierdie beskrywingspunt verwys word na die Algemene Taakspan vir Diensverhoudinge (ATDV).**

## T.7.3 TYDELIKE TAAKSPAN REGTE DERDE VERSLAG

### 1. KERKORDE WYSIGINGE

#### Aanbeveling – WYSIGING VAN *KERKORDE* ARTIKELS 3 EN 9:

Die TTR beveel die volgende wysiginge van *Kerkorde* Artikel 3 en 9 by die Algemene Sinode aan vir goedkeuring.

#### Bestaande bewoording

##### Artikel 3

3.1 Christus self deur die Heilige Gees verrig al die dienswerk in sy kerk. Hy doen dit deur:

3.1.1 die dienswerk van al die gelowiges;

3.1.2 die dienswerk van die drie besondere ampte, te wete:

- \* dié van bedienaar van die Woord
- \* dié van ouderling
- \* dié van diaken.

3.2 Hierdie drie ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is.

#### Voorgestelde bewoording

##### Artikel 3

3.1 Dienswerk is deelname aan die werk wat God die Vader in Christus deur sy Gees in die wêreld doen om Sy koninkryk te vestig.

3.2 Elke lidmaat is deur God tot diens in die gemeente en wêreld geroep.

3.3 Lidmate kan afgesonder word om op 'n besondere wyse in een of meer van die gemeente se bedieninge diensbaar te wees.

3.4 Die volgende ampte word onderskei om amptelik leiding te neem:

- Dié van lerende ouderling of bedienaar van die Woord
- Dié van regerende ouderling
- Dié van diaken

3.5 Die ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei.

#### Bestaande bewoording

##### Artikel 9

Die amp of bediening van die bedienaar van die Woord is gerig op die Woordbediening in sy verskillende gestaltes en omvat:

9.1 die prediking;

9.2 die bediening van die sakramente;

9.3 die diens van gebede;

9.4 die leiding van die eredienste;

9.5 die kerklike onderrig, in samewerking met die ander ampte en die gelowiges;

9.6 die behartiging van die herderlike sorg, veral in die vorm van huisbesoek, saam met die kerkraadslede;

9.7 die ywer vir die uitbreiding van die koninkryk van God;

9.8 die regering, organisasie, leiding en bestuur van die gemeente saam met die ouderlinge en diakens;

9.9 die uitoefening, saam met die ouderlinge en diakens, van die opsig en tug oor die gemeente;

9.10 die gee van leiding aan kerkraads- en ander kerkvergaderinge.



- 9.11 verantwoordelikhede ten opsigte van die kerkverband.
- 9.10 die gee van leiding aan kerkraads- en ander kerkvergaderinge.
- 9.11 verantwoordelikhede ten opsigte van die kerkverband.

### **Voorgestelde bewoording**

#### **Artikel 9**

- 9.1 Die fokus van die amp van die predikant is die bediening van die Woord (in al sy gestaltes) en van die sakramente, sowel as die toerusting van gelowiges vir die deelname van die kerk aan die werk van God in sy wêreld
- 9.2 Die predikant is geroep om die Woord van God te bestudeer, onderrig daarin te gee en dit oral te verkondig; om die sakramente te bedien en om saam met en vir die gemeente te bid.
- 9.3 Die amp van die predikant funksioneer binne 'n gemeente of as deel van dienswerk van die kerkverband in die wêreld.
- 9.4 In gemeentes aanvaar die predikant veral verantwoordelikheid vir die prediking en die bediening van die sakramente. Die predikant is, saam met die ander ampte, verantwoordelik vir:
- die diens van die gebede,
  - eredienste,
  - onderrig en toerusting,
  - opbou van die gemeente,
  - die gemeente se dienswerk in die wêreld,
  - leiding en organisering van die gemeente,
  - uitoefening van Christelike liefde en tug.
- Kerkrade onderskei, saam met die predikant, oor die wyse waarop dié roeping en verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in 'n diensooreenkoms.
- 9.5 Die predikant neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.
- 9.6 As deel van die dienswerk van die kerkverband aan die wêreld tref die kerkverband reëlins oor wyses waarop die predikant deelneem aan die werk wat God in Christus deur sy Gees in die wêreld doen.

## **2. UIT DIE AANVULLENDE VERSLAG VAN DIE ATR (sien die laatstukke)**

### **8. BEDANKING VAN 'N LERAAR – REGL 3 – 6.1.4 (laatstukke bls.18)**

#### **AANBEVELING:**

##### **Wysig Artikel 11 om te lui:**

- 11.1 Predikante kan die kerkdiens slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Hulle hou op om predikant te wees indien hulle hulle gemeente of werkkring in die kerkverband verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar. Hulle kan egter vooraf van die ATR verlof ontvang om hulle bevoegdheid as proponent te behou.
- 11.2 Sodanige behoud van die bevoegdheid kan alleen verleen word indien die betrekking wat hulle aanvaar, 'n geestelike karakter dra wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word.
- 11.3 Indien daar ander gewigtige redes is, kan sodanige behoud van die bevoegdheid alleen verleen word indien die ATR, op grond van aanbevelings van die kerkraad en die ring, oordeel dat daar genoegsame bona fide<sup>1</sup> redes is om 'n ander betrekking<sup>2</sup> te aanvaar.

##### **Besluit by Artikel 11**

- 11b1 *Dit staan kerkrade vry om predikante vir 'n bepaalde termyn en vir 'n bepaalde taak te beroep in gevalle waar dit nie gaan om 'n permanente pos nie, maar om die gemeente se bedieningsbehoefte.*
- 11b2 *'n Emeritus, ouer as 65 jaar maar jonger as 70 jaar, kan met die goedkeuring van die ring, vir 'n bepaalde termyn en 'n bepaalde taak beroep word.*

*11b3 Die termynbepaalde pos word geskep met approbasie/goedkeuring van die Ring/Ringskommissie wat die meriete daarvan moet oorweeg.*

*11b4 Aan die einde van die termyn behou so 'n persoon die bevoegdheid wat hy/sy gehad het voor hy/sy in die pos bevestig is.*

## **T.7.4 TYDELIKE TAAKSPAN REGTE VIERDE VERSLAG**

### **1. UIT DIE AANVULLENDE (TWEEDE) VERSLAG VAN DIE ATR**

Die volgende vervang die reglemente soos aanbeveel in die tweede verslag van die ATR aan die Algemene Sinode:

#### **HERSIENING VAN REGLEMENTE**

##### **REGLEMENT: ALGEMENE DIENSGROEP GEMEENTE-ONTWIKKELING (ADGO)**

#### **1. NAAM**

Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling (ADGO)

#### **2. SAMESTELLING**

Die diensgroep word soos volg deur die Algemene sinode saamgestel:

- 2.1 Een verteenwoordiger uit elk van die sinodes. Sinodes wys self 'n geskikte persoon met sekundus aan.
- 2.2 Tien kundiges op die terrein van ADGO.
- 2.3 Twee vroue verteenwoordigers (Vrouelidmate verteenwoordigers ).
- 2.4 Die sekretaris vir Gemeente-ontwikkeling (in diens van die Algemene sinode).
- 2.5 Een verteenwoordigers vanaf elk van die drie Teologiese fakulteite, soos aangewys deur die onderskeie dosenterade (3 lede).

#### **3. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE**

- 3.1 Die ADGO voer opdragte van die Algemene Sinode en ander werksaamhede uit in ooreenstemming met die roepingsverklaring van die Algemene sinode, met verslag van al sy werksaamhede aan die Algemene Sinode.
- 3.2 Die ADGO adviseer die Algemene Sinode in verband met die roeping en beleid wat gevolg moet word ten opsigte van gemeentebediening.
- 3.3 Die ADGO dra sorg vir navorsing, koördinerings, beplanning en gee voorligting en inligting ten opsigte van gemeentebediening wat die Ned Geref Kerk in staat stel om sy roepingsverklaring uit te voer op die terreine van erediens, gemeentelike versorging en opbou, jeug, predikanteversorging, die bemagtiging van lidmate, kerkloos en kerkloos lidmate, en teologiese opleiding.
- 3.4 Die ADGO hanteer skakeling soos nodig en kan in die uitvoering van sy funksie en ter ondersteuning van sinodes spesifieke projekte deur taakspanne loods wat ten doel het om die werksaamhede van sinodes en gemeentes te stimuleer.
- 3.5 Die ADGO koördineer 'n netwerk van dienste en praktiese bedieningshulp en help nuwe produkte soos nodig ontwikkel.
- 3.6 Die ADGO beheer en verantwoord die fondse aan die diensgroep toevertrou.

#### **4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**

- 4.1 Die ADGO konstitueer tydens elke gewone vergadering van die Algemene Sinode met die lede soos aangewys deur die sinodes, taakgroepe en steungroepe. Die lede teenwoordig vorm 'n kworum.
- 4.2 Die konstitueringsvergadering verkies 'n dagbestuur bestaande uit 'n voorsitter, ondervoorsitter,skriba (wat verkieslik die persoon in die kantoor van die ADGO is), en een of twee addisionele lede (na gelang van behoefte)
- 4.3 Die dagbestuur vul sy eie vakatures aan, tot die volgende jaarvergadering.
- 4.4 Die diensgroep kan taakspanne na behoefte benoem.
- 4.5 Die ADGO vergader een keer per jaar en die dagbestuur en taakspanne na behoefte en soos die begroting dit toelaat.

**REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE DIENSGROEP  
DIENS EN GETUIENIS (ADD)**

**1. NAAM**

Die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (ADD)

**2. SAMESTELLING**

Die Diensgroep word soos volg deur die Algemene Sinode saamgestel:

- 2.1 een lid (met 'n sekondus) uit elk van die sinodes (verkieslik die voorsitter, ondervoorsitter of skriba van die betrokke sinode se ooreenstemmende kommissies) – 10 lede
- 2.2 tien kundiges op die terrein van Diens en Getuienis
- 2.3 twee vroue verteenwoordigers
- 2.4 die sekretaris(se) vir Diens en Getuienis (in diens van die Algemene Sinode)
- 2.5 Een verteenwoordigers vanaf elk van die drie Teologiese fakulteite, soos aangewys deur die onderskeie dosenterade (3 lede).

**3. OPDRAG EN BEVOEGHEDE**

Die Diensgroep

- 3.1 voer opdragte van die Algemene Sinode en ander werksaamhede uit in ooreenstemming met die roepingsverklaring van die Algemene Sinode, met verslag van al sy werksaamhede aan die Algemene Sinode.
- 3.2 adviseer die Algemene Sinode oor die roeping tot Diens en Getuienis
- 3.3 dra sorg vir navorsing, beplanning, koördinerings, gee inligting en voorligting en hanteer skakeling op die gebied van Diens en Getuienis en dit kan, in die uitvoering van sy funksie en ter ondersteuning van sinodes, projekte loods wat ten doel het om die aksies van sinodes en gemeentes te stimuleer
- 3.4 beheer en verantwoord die fondse aan die diensgroep toevertrou

**4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**

Die Diensgroep vergader hoogstens een maal per jaar

- 4.1 By die konstituering word 'n dagbestuur saamgestel, bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, drie addisionele lede en die sekretaris(se).
- 4.2 Die Diensgroep benoem taakspanne na behoefte
- 4.3 Die Dagbestuur en Taakspanne vergader na behoefte en soos wat die begroting dit toelaat
- 4.4 Vakatures word gevul volgens die bestaande ordereelings van die Algemene Sinode (Reglement van Orde)

## T.7.5 TYDELIKE TAAKSPAN REGTE VYFDE VERSLAG

### 1. KONSTITUERING

Die vergadering van die ATR konstitueer met die volgende lede:

Dr JH Ernst	Aktuarius Algemene Sinode	Verskoning
Ds JP Theron	Wes- en Suid-Kaapland	
Dr S du Toit	Oos-Kaapland	
Ds AC Swanepoel	Noord-Kaapland	Verskoning
Ds FJ van der Merwe	Natal	
Ds H J Kleynhans	Oranje-Vrystaat	
Ds JJ Louw	Wes-Transvaal	
Dr L Ungerer	Noord-Transvaal	
Ds JH Windell	Suid-Transvaal	
Ds JH Wandrag	Oos-Transvaal	
Ds HS Grobler	Namibië	Verskoning
Prof P Coertzen	Teologiese Fakulteit Stellenbosch	Verskoning
Prof PJ Strauss	Teologiese Fakulteit Bloemfontein	
Dr PR du Toit	Teologiese Fakulteit Pretoria	

Die volgende lede word op die **Dagbestuur** verkies:

Dr JH Ernst	Aktuarius Algemene Sinode	Voorsitter
Ds JH Windell	Suid-Transvaal	Ondervoorsitter
Ds H J Kleynhans	Oranje-Vrystaat	Skriba
Dr PR du Toit	Teologiese Fakulteit Pretoria – Skriba: Bevoegdheidsregister	

Verteenwoordiger op Algemene Taakgroepe vir Diensverhoudinge en Tribunale :

Dr L Ungerer

### 2. TRIBUNALE

Na aanleiding van die aanvaarding van die amendement ten opsigte van Sinodale Tribunale, beveel die ATR die volgende by die Algemene Sinode aan vir goedkeuring:

Die Algemene Sinode besluit:

- om die Sinode van Wes-Transvaal en die Noordelike Sinode te versoek om aan die hand van die voorgestelde Reglement vir Tribunale (slegs vanaf punt 2, Agendaboek I bladsy 333) ondersoek wat die bevoegdheid van predikante raak, proefondervindelik te implementeer;
- gee opdrag aan die ATR om na gelang van omstandighede in die proefperiode enige wysiginge aan die voorgestelde Reglement aan te bring met goedkeuring deur die ASM;
- ter wille van die proeftydperk die volgende aanpassings te maak aan die Reglement vir die duur van die proefperiode:
  - punt 2.6 – vervang AT met ATR
  - punt 3 – vervang telkens AT met ATR
- versoek die twee deelnemende sinodes om die ATR gereeld op hoogte te hou van die prosesse/ondersoek;
- om in die lig van *Kerkorde* Artikel 45.2 Artikels 12, 59-66 wat betrekking het op die predikant se bedieningsbevoegdheid, vir die deelnemende sinodes op te skort tot die volgende vergadering van die Algemene Sinode;
- dat die Sinodale Tribunaal eers in die betrokke sinodes sal geld nadat elke betrokke sinode die Reglement asook deelname aan die proefneming, goedgekeur het; en
- gee opdrag aan die ATR om regsadvies in te win oor die geldigheid van sodanige proefneming.

### 3. PREDIKANTE A-Z

Die ATR beveel by die Algemene Sinode aan dat geen *Kerkorde*-wysiging as gevolg van die aanvaarding van die A-Z Beleid op hierdie stadium aangebring word nie, maar dat die periode tot by die volgende vergadering van die Algemene Sinode sal dien as infasseringstydperk. Die ATR sal die volgende Algemene Sinode bedien met voorstelle vir *Kerkorde*-wysiging.

Die Algemene Sinode neem kennis dat die aanvaarding van die A-Z beleid die volgende moontlike Kerkordelike-implikasies inhou:

- 3.1 KO Art 3 met die oog op Beleid punt 1.3
- 3.2 KO Art 5 met die oog op Beleid punt 2, 4.5
- 3.3 KO Art 6 met die oog op Beleid punt 8.1.1
- 3.4 KO Art 7 met die oog op Beleid punt 10
- 3.5 KO Art 8 met die oog op Beleid punt 11
- 3.6 KO Art 9 met die oog op Beleid punt 1.4
- 3.7 KO Art 10 in die lig van die missionêre ekklesiologie (Sien ook Regl 3-1.3; Funksionele besluit 16)
- 3.8 KO Art 11 met die oog op Beleid punt 7
- 3.9 KO Art 12 met die oog op Beleid punt 7.3, 9
- 3.10 KO Art 13 met die oog op Beleid punt 5, 8
- 3.11 KO Art14 met die oog op Beleid punt 11
- 3.12 KO Regl 3 (die A-Z Beleid kan met aanvulling uit die bestaande Regl.3 hierdie reglement vervang. Die plek van die ring na ordening tot by die beroeping van die predikant moet kerkordelik verreken word)
- 3.13 KO Regl 12 & 19 (Jeugwerkers & Tentmakers – hang saam met die ontwikkeling van die ampsbegrip)
- 3.14 KO Regl 14 (Opleiding & Legitimasie – in die lig van Beleid punte 5 en 6),
- 3.15 KO Regl 20 (AKTO – in die lig van Beleid punt 4.5)
- 3.16 KO Regl 25 (Diensverhoudinge – in die lig van Beleid punt 9)
- 3.17 KO Regl 27 (AKPB – in die lig van Beleid punte 7,8)

#### **4. BEVOEGDHEID LLB GAUM**

Dr PR du Toit sal in die eerskomene Kerkbode kennis gee van die herstel van bevoegdheid van LLB Gaum, en ds JP Theron en die Sinodale Regskommissie van Suid- en Wes Kaapland sal verder met LLB Gaum onderhandel.

#### **5. VOLGENDE VERGADERING**

Die ATR sal so spoedig moontlik na die eerskomende skoolvakansie ~~in~~ dag of meer vergader om onder andere die *Kerkorde* te hersien in die lig van die besluite wat tydens die Algemene Sinode geneem is, vir publikasie van die nuwe *Kerkorde*boek teen die einde van hierdie jaar.

# GROETEBOODSKAPPE

# REFORMED CHURCH IN AFRICA

## Rev Victor Pillay

Dear brothers and sisters in the Lord at the Synod of the Dutch Reformed Church

We greet you in the Name that is above all names - our Lord and Saviour Jesus Christ. A note of gratitude and appreciation to the members of the outgoing Moderamen and all those who served the Synod in the previous term. Special mention must be made of the pastoral heart and the understanding attitude of the previous Moderator dr Coenie Burger. Congratulations to the members of the newly elected Moderamen and all those who will serve this Synod and its committees in this term. Ecclesiastical and ecumenical leadership is becoming very challenging, demanding with extremely pressurizing responsibilities. May His Holy Spirit direct you in these leadership roles. Our prayers are that the Lord will lead, guide and protect you, your families and your congregations during your term of office.

The RCA is grateful to you for the invitation to attend, present greetings and participate in your Synod. We bring these greetings on behalf of our National Synodical Committee, the Regional Presbyteries and our membership.

At the outset we would like to acknowledge the initiatives of the pioneering mission work you started among us in the predominantly Asian communities of South Africa. Many of your early missionaries had become very much part of the RCA and indeed are regarded as trailblazers for the gospel amongst us. For this we are grateful to the Lord and your mission hearts.

We also need to state our gratitude to you as a church in your PARTNERSHIP with us in the ministry context and field of work we are called to. **The realization of this partnership as worked both ways in the sharing of resources, personnel, ministries and our respective church specific spiritualities.** This has enhanced the growth, relationship and understanding between us as churches, especially at congregational levels.

The ministry ethos of the RCA has been focused on reaching the 85% of the 1.5 million non-Christian Asian people of South Africa. This is certainly a mission mine field and it characterizes our church in its faith, praxis and experience. Our contextual mission imperative is really what drives the church. We are greatly challenged by these missional needs at our doorstep. Despite being a small church, our mission responsibilities are enormous, which now also includes the other communities in the demographics of our congregations.

Currently as churches in a family, much of our time, effort and energy had been consumed by the deliberations of the unity processes. At the outset, we need to state our unwavering commitment to the unity process. The RCA at no stage pulled out or boycotted the discussions – from the inception of the talks on unity. In the last two meetings on unity, there was much caution thrown to the wind in the discussions. This presented itself as some obstacles, especially after the promise and optimism of the Esselen Park meeting. Some of the church leaders, including the RCA, articulated their fears and concerns regarding our unity.

This has come about by the positions being adopted in many of the current theological and ecclesiastical issues at hand. Our feeling is that much of our church's agenda is being pressurized by secular and worldly trends. These are grave concerns for us. The many positions on which the RCA stands are the very positions that have come down to us through the ages and even through the DRC. Yes! On some of these issues and theological debates, it is difficult for us to accept or move on in the way that it satisfies the human and secular thinking. Brothers and sisters, this deeply concerns and pains us. We certainly do not want to give any impressions that we are taking the moral high ground stance. The RCA has in its short history endeavored in a humble and sincere way to position itself on our understanding of Biblical teaching and sound evangelical grounds. The need to appraise current trends in theology and practice seriously challenges the RCA and our interpretation of Scripture. This has been our experience through the history of the church at large.

However, we need as a family of churches to attend to these issues at hand in a manner that will bring understanding, peace, harmony and most importantly the will of the Lord led by His Holy Spirit. The plea of the RCA is that we would be understood and accepted for who we are – that there would be patience with space and accommodation for us as members of the family. Being a relatively small church we would



certainly not want to dictate terms and conditions. Our appeal is from our hearts and determined by our evangelical stand as indicated in our Laudium Declaration of 1990.

The RCA is well aware of the many issues that trouble our minds around Church Unity, Church Confessions, Church Structures, Models and the list goes on. Our prayers are that we will find that common ground which has the firm foundation in Christ and the Gospel's message of salvation, healing, deliverance and ministry for the kingdom of God.

There are many challenges our country and communities face that can unite our ministries to rise up and meet these challenges. The unifying of the National and Regional Service and Witness structures of the four churches is a prime example of how we can work together. This has become apparent because the focus is SERVICE and WITNESS. It is about a "theology of doing". This is where we believe the church needs to be. Despite the many positive things and enterprises taking place in South Africa, we are still oppressed through crime and violence, HIV/AIDS, poverty, unemployment, housing, and many other socio-economic problems. Much of this kind of oppression has its roots in spiritual matters and people's relationship with the God of the Bible. Here the "praying and doing" church can become the relevant church as the DRC family. May the Lord lead us in facing and responding to these challenges.

As a family of churches and a country of great promise, let us trust the Lord for His leading, guiding and direction through the Holy Spirit to meet the challenges of our times. It could indeed be a great testimony if the family of the DRC makes these spiritually and ecclesiastically positive contributions to proclaim the Gospel in a manner that it ministers to the total needs of the total person in the South African context.

May you as Synod be encouraged and blessed by the Lord's word in Philippians 1:6 "And so I am sure that God who began this good work in you, will carry it on until it is finished on the Day of Christ Jesus"

May our Lord bless your General Synod and grant all your delegates His knowledge, wisdom and strength in your deliberations for the duration of the Synod. We trust the Lord to lead you and impart His divine wisdom and knowledge as you discuss and decide on all issues that are before you.

With Christian Greetings  
Rev Victor V Pillay  
Assessor  
Reformed Church in Africa

## **NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA**

### **Ds Mochube Lebone**

Geagte broeder voorsitter

Baie dankie dat u ons genooi het om u Sinode te besoek. Ons wil sommer van die begin af vir u alles wat goed is, toewens. Mag die Here van die Kerk u die nodige wysheid en krag gee om sy werk tot sy heerlikheid doen.

Broeder voorsitter, ek bring die groete van die NGKA wat uit slegs twee streeksinodes bestaan, naamlik NGKA-OVS en NGKA-Phororo. Daar is 135 gemeentes met 56 leraars wat werksaam is in die Vrystaat. Phororo het 34 gemeentes met 15 leraars. U kan besef dat daar baie vakatures is. Van die 71 leraars uit ons kerk is ± 85% tussen 65-70 jaar oud. Daar sal van volgende jaar af min leraars wees.

Hierdie vakatures wag om gevul te word deur leraars wat afstudeer, maar broeder voorsitter, daar is twee elemente wat dit onmoontlik maak:

1. Meeste van ons gemeentes kan nie bekostig om 'n leraar te beroep nie weens finansiële gebrek
2. Meeste studente wat afstudeer soek werk buite die kerk waar daar beter versorging is. Dit is vir ons duidelik dat as ons nie ernstig bid dat die Here die gesindheid van ons studente verander nie, sal ons kerk min leraars hê.

Broeder voorsitter, een van die belangrikste sake wat op die lippe van lidmate van NG Kerkfamilie is, is kerkeenheid/ kerkhereniging. Ons is dankbaar om te besef dat hierdie kerkeenheid by meeste gemeentes

tussen die NGK en NGKA plaaslik, en op Ring- en Sinodale vlakke bestaan.

Mag ek net vir u sê

1. Die samewerking wat ons kerk met die NGK in die OVS en Noord-Kaapland by die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein het waar ons teologiese studente saam studeer, is sigbare eenheid wat daar bewys word. Die twee Kuratoria werk en beplan saam. Dit is vir my 'n teken van kerkeenheid.
2. Meeste plaaslike NG gemeentes ondersteun die werk en leraars van ons kerk finansieel. By sommige van hulle is daar samewerking in sekere projekte. Dit is vir my elemente van kerkhereniging.
3. Broeder voorsitter, u weet tog dat in meeste gevalle die NGKA en VGKSA mekaar nie vind nie. Maar mag ek vir u noem dat daar 'n plek is waar ons goed saamwerk en dit is met ons Pensioene. Daar het ons 'n gesamentlike Raad van Trusteats. Dit is darem 'n teken van kerkhereniging.

Maar, broeder voorsitter, daar is ongelukkig sekere elemente in die kerkherenigingsproses wat die kerkhereniging belemmer en vernietig. Een van die elemente is besluite wat die kerk neem om plaaslike gemeentes te dwing om te aanvaar.

Dit eerste wat ek kan noem ten opsigte van wat ek pas gesê het, broeder voorsitter, is die Eselenpark-vergadering waar daar baie dinge besluit is. Ons kerk was nie uitgenooi nie. Maar groot besluite is geneem. Dit kan ons nie aanvaar nie. Ons wil ook nie daarvoor praat nie - dit was 'n hartseer storie vir ons gewees.

Maar, broeder voorsitter, die vergadering op 16 Augustus 2006 het dinge wat verkeerd was, reggemaak.

Ons was dankbaar gewees om in lyn met die opdrag van ons Algemene Sinode saam met die ander drie lede van die NG Kerkfamilie deel te wees van die gesprek oor die daarstelling van een kerkverband.

Ten spyte van al die spanning en verskille wat die afgelope jaar tussen lede van NG Kerkfamilie gegroei het, was dit steeds die standpunt van die NGKA dat kerkhereniging al vier lede moet saam neem en nie sommiges moet agterlaat nie. Dit was ook die standpunt toe die moontlikheid vroeër vanjaar ondersoek is dat die NGK, RCA en NGKA solank sonder die VGKSA moet verenig. Op 16 Augustus 2006 is die saak egter opgeklaar en het die vier moderature hulle verbind om saam hierdie pad te loop.

As ek mag, broeder Voorsitter, wil ek vir u net kortliks ons standpunt noem. Ons standpunt is -

1. Dat die Gereformeerde Belydenis en siening van die regering van Christus in die kerk die fondament moet vorm van die een kerkverband.
2. Dat dit 'n vereniging van kerke moet wees, en nie die insluk van enige van die kerke deur die ander nie.
3. Dat dit 'n soepel struktuur bied waarbinne, veral aanvanklik, die verskillende kerke hulle eie identiteit en bedieningswyse kan behou en nie gebind word deur die saambindende sinode en ander vergadering se besluite nie.
4. Hierdie standpunt, broeder voorsitter, moet binne die huidige situasie verstaan word as deel van 'n proses wat deeglik bewerk word, om ander lede kans te gee om dit te koop en aanneem, sonder dwang.
5. Verder is die standpunt dat een kerkverband die ruimte maak dat die bediening van die werk van die kerk wat in plaaslike gemeentes en ringe gedoen word, versterk en nie verswak word nie, want die werk van die kerk word primêr in die gemeentes of ringe gedoen.

Broeder voorsitter, die ander punt van belang in hierdie proses is die standpunt van ons kerk oor die Belhar-belydenis. Broeder voorsitter, dit moet goed verstaan word die Belhar-belydenis is die VGKSA se belydenis. Ons kerk aanvaar nie hierdie belydenis nie. Ons sê nie ja en nee nie. Maar net eenmaal en duidelik: Nee – vir die Belydenis van Belhar. As u wil hê dat NGKA deel word van die gesprek oor kerkhereniging moet die Belhar-belydenis nie in die Kerkorde van die nuwe kerk wees nie.

Broeder voorsitter, ons het gesê die 16de Augustus 2006 was vir ons NGKA 'n groot dag gewees want dit is die dag toe die leierskap van VGKSA belowe het om geboue van die NGKA wat hulle met mag geneem het, terug te gee. Dit was die nuwe verbintenis teenoor mekaar wat juis gebore was uit 'n versoenende gesindheid rakende die foute wat ons in die verlede teenoor mekaar begaan het. Ons het van alle kante vergifnis gevra, en mekaar vergifnis gebied. Hierdie toegee van VGKSA het die pad oop gemaak vir die beplande eenheid en die hofsake in die weg van hierdie versoening weggeneem uit hierdie proses.

En, broeder voorsitter, van daardie dag af het ons kerk alle vergaderings bygewoon, sonder die Sinodale Kommissie van NGKA-OVS. Later het dié van Phororo ook onttrek. Die rede daarvoor is omdat die VGKSA nie bereid is om hulle belofte na te kom nie.

Ons wil vir u noem, broeder voorsitter, dat dit moeilik sal wees vir NGKA om verdere vergaderings in die toekoms by te woon voor die kwessie van geboue met VGKSA reggemaak is nie. THE BALL IS IN THEIR

COURT.

Broeder voorsitter, ons wil vir u aan die einde sê die laaste woord sal gedurende ons Sinodesitting gesê word.

Mag die Here met u wees. Die nodige wysheid word u toegebid. Baie dankie.

## **VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDELIKE AFRIKA**

### **Prof Thias Kgatla**

Mr Chairperson – prof Strauss, moderator of this great Synod - , dr Coenie Burger, members of the Moderamen, brothers and sisters: good morning!

If I bring my greetings from the Uniting Reformed Church in Southern Africa, allow me just to say thank you to Coenie for his leadership. We knew Coenie in the last 18 months in his role as a leader and we appreciated his attitude, his will, and his determination – not only within the DRC Family, but also in the broader South African Church circle. He is the first Afrikaner, as I know, who could call, invite, churches in this country to come together – from APK to ZCC, Roman Catholic, the Zionist Apostolic Churches – to come together to discuss the issue of crime. Coenie earned the respect of all churches. They took him as a leader, as a person who you could look up to for his leadership. And I want to thank you, Coenie, and thank you also on behalf of the churches of this country.

On behalf of the URCSA Moderamen and on my behalf, I bring you all fraternal greetings. I say: “Peace be unto you”. We wish you well as you work hard to discern the will of God and respond to enormous challenges facing the Church today.

We, from URCSA, do not stop praising God for the miracle of Esselenpark where for the first time in our history we covenanted together for Church reunification within the DRC Family. Ever since Esselenpark we have witnessed a growing trust and respect between the two Churches. God, in a special way, has demonstrated to us all how important it is to witness together in this country. South Africa is crying for genuine Christian witness. We as members of the DRC family have a huge task to perform to the people of this country. The country is looking at us.

In our company together, as we try to solidify the process of church reunification within the DRC Family in the last 14 months, three things of vital importance emerged. They are the confessional basis of the new Church, the model of unity for the new Church, and reconciliation within the four churches – particularly between URCSA and DRCA (Dutch Reformed Church in Africa).

Let me just briefly touch on the confessional basis. URCSA is particularly concerned with perceptions some members of our Churches have that the URCSA uses the Belhar Confession as a stick to hit them. The Belhar Confession was never intended to be used as such. The Belhar Confession should be read and understood within the context from which it emerged. When the Belhar Confession emerged and we received that as a gift from God, we were confronted with a very difficult situation. Our children were asking us questions “why do you belong to a Church of an oppressor?” “How did it come that you chose to belong to the Church of an oppressor?”

Our colleagues, theologians and ministers from other Churches were also confronting us with the same questions. Some were even saying to us: “When the white man came to this land, he had the Bible in his hand. You had the land. And he said ‘let us pray’. And when he said ‘Amen’ you had the Bible, he had the land”.

We had these types of insulting insinuations. And God gave us this Confession. And we could refute that and we could say “We stand where God stands. We could say Jesus is Lord.” And I think those people who are uncomfortable or opposed to Belhar – perhaps they do not know these facts. Yesterday during your discussion here in one of the reports I think Prof van Rensburg suggested a phenomenological approach to things. And I said to myself: Is it not a time that people could approach Belhar in this way? Break down the prejudices and go to the essence...

Let me also briefly talk about the model of the new Church. The South African Church history is written with a pen dipped in bitterness, brokenness, racial prejudices, intolerance, mistrust and suffering. Any attempt to forge in church unity, especially with in the DRC Family, must confront these concerns. Healing, nation building, reconciliation, restoration, co-existence, and integration should be part of the ingredients of this new Church. The world has accepted our confession and our apology on our mistakes of the past. It will be a mistake not to honour the world and do what is the right as far as the model of the new Church is concerned.

Lastly: about reconciliation within the DRC Family. URCSA and the DRCA are embroiled in a bitter struggle in the Free State and the Northern Cape about church buildings. You know, sometimes we read and we hear people blaming us for that kind of struggle we are embroiled in. They blame victims for being victims. As I have said: the history of this country was written with bitterness. It is wrong to blame victims. May I just illustrate this point, mr Chairperson, that there is a theory that if you injure a snake, even if you injure it very lightly, and it gets pain, it bites itself in the wound until it dies. Will you blame the snake for doing that? The snake in that context is a victim.

I believe that the Dutch Reformed Church should come and also join us in this struggle and in this bitterness to try to find a way rather than to blame victims. Bitterness and division should be overcome in Christ, we believe, and not in courts of law. And we also believe that worldly courts' rulings should never be equated with the Gospel of Jesus Christ. And the victims should not be used as teaching aids to others as this is what will happen to you. And it is our prayer that God will help us to find each other. The members of the DRCA are our brothers and sisters. We share everything. We live in the same conditions and we want be one with them, and one indeed.

I thank you, mr Chairperson.

## REFORMED CHURCH IN HUNGARY

### Prof F erenc Sz ucs

Moderator Spectabile!

Dear members of the General Synod!

Brothers and sisters in the Lord at the Synod!

It is my great honour and privilege to be amongst you and to bring greetings and blessings from the Synod of the Reformed Church in Hungary. May the grace and peace of our Lord Jesus Christ be with you!

The last session of our General Synod in May appreciated and welcomed the announcement of our President, Bishop B lcskei, about entering into negotiations with you regarding full ecumenical ties between our churches. Our common Reformed heritage encourages us to do so. Our mutually respected sixteenth century theologian, John Calvin, also inspires us to make this decision who himself expressed his own readiness to cross over even ten seas to promote the unity of the church. Unity does not mean, even in the New Testament, homogeneity or sameness but oneness in the one Lord, one faith and one baptism – as we heard in the morning Bible Study. When we have been able to meet Reformed theologians from South Africa in the last decade we have gladly recognized the several commonalities in our theological thinking, even though our historic contexts have differed in many ways. Our Reformed Faith teaches us to see our earthly life, our history and our culture under the sovereignty of the triune God even if we experience events which may explicitly seem to contradict it. We also believe that the church is suffering and triumphant at the same time as the body of the crucified and resurrected Lord. So we do not live in dualism, even in a split world. So we also may rejoice that we belong to the Reformed Family worldwide, even when we experience tensions and divisions in it because we believe in reconciliation and new beginnings, and because we know that we are *communio viatorum*, a community on the way.

So we gratefully accept the offer of hands of a sister church, especially because our church has been bound with many ties to the Dutch Reformed tradition since the time of the Reformation, and which church also thankfully commemorates the 400<sup>th</sup> anniversary of the birth of Admiral De Ruyter together with the churches of Dutch origin this year. We remember him as a providential liberator of 26 Hungarian galley slave preachers on February 11, 1676. We gladly confess that we are one people of God together with the previous generations. But we also know that we are not the people of the past but the people of the coming Kingdom of God. So we are aware of that as we travel together as companions.

Dear brothers and sisters! With these thoughts I would like to express again our very best wishes for the work of this Synod on behalf of the Hungarian speaking Reformed Christians, which is a much larger community than the Reformed Church in Hungary. One of the few blessings of the Common Europe for us are the freer contacts with our sisters and brothers who live outside the present borders of our country. I think you may understand this since you have been preserving your own historic roots as a Dutch Reformed Church.

And finally, please allow to say some more personal words. I am also representing a Christian, church founded university, as a rector, which is named after our first Bible translator, Cáspar Károli. I think this university, and especially its Theological Faculty, is now ready to develop contracts with you in a very pragmatic way. I hope that during my stay we can take the necessary steps to develop contacts between our institutions, as well as with myself as the president of the College of Theological Doctors of the Reformed Church in Hungary, the *Collegium Doctorum*. May we find ways to deepen our cooperation in the fields of *Sacrosancta Theologia*.

Let me conclude the words of II Thessalonians 3:16, both in English and in Hungarian:

*“Now may the Lord of peace Himself give you peace at all times in all ways. The Lord be with you all!”*

